

Remgro

Beperk

REMGRO BEPERK JAARVERSLAG 2010

INHOUD

1	BELEGGINGSFILOSOFIE
	<i>Remgro se beleggingsfilosofie</i>
2	GROEPPROFIEL
	<i>Opsomming van die besigheid van die maatskappy en sy belangrikste beleggings</i>
3	GROEPSTRUKTUUR
	<i>Skematiese uiteensetting van die belangrikste beleggings van die groep</i>
4	FINANSIËLE HOOF TREKKE
	<i>Wesensverdienste per aandeel, dividende per aandeel, netto batewaarde per aandeel, aandeelprys</i>
5	AANDELESTATISTIEK
	<i>Inligting met betrekking tot transaksies op die JSE Beperk</i>
	GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATISTIEK
6	<i>Sewejaar gekonsolideerde inkomstestate</i>
7	<i>Sewejaar gekonsolideerde state van finansiële stand en state van kontantvloei</i>
8	DIREKSIE
	<i>Nie-uitvoerende en uitvoerende direkteure</i>
11	FINANSIËLE OORSIG
	<i>Kommentaar op die groep se resultate en samestelling van wesensverdienste</i>
19	INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE
	<i>Samestelling van die intrinsieke netto batewaarde en metode van waardasie</i>
25	BELEGGINGSOORSIG
	<i>Kort oorsig van die resultate van individuele beleggings</i>
59	KORPORATIEWE BESTUUR
	<i>Inligting oor bestuurstrukture in die groep</i>
69	VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG
	<i>Verhoudinge met belanghebbendes, groepetiek, veiligheid en die omgewing, MIV/vigs-beleid, werknemers, pandemies, diensbillikheid, BBSEB – breë-basis swart ekonomiese bemagtiging, sosiale belegging</i>
81	FINANSIËLE VERSLAG 2010
	<i>Statutêre gekonsolideerde finansiële jaarstate van die groep met inhoudsopgawe</i>
152	AANDEELHOUSINLIGTING
155	MAATSKAPPY-INLIGTING
156	KENNISGEWING AAN AANDEELHOUSERS
160	VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING AAN AANDEELHOUSERS
AANGEHEG	VOLMAGVORM

Remgro *Beperk*

REMGRO BELÊ IN ONDERNEMINGS WAT VOORTREFLIKE GROEI IN VERDIENSTE EN DIVIDENDE OOR DIE LANG TERMYN KAN VOORSIEN.

Dit behels die verkryging van betekenisvolle belange in maatskappye om beduidende invloed te kan uitoefen. Goeie bestuur en die vermoë om sterk kontantopbrengste en groei voort te bring, is belangrike beleggingsmaatstawwe. Remgro spits hom op die Suidelike Afrikaanse mark toe, maar internasionale geleenthede met vennote van naam sal oorweeg word. Remgro gaan strategiese verbintenisse op 'n vennootskapsgrondslag aan en beywer hom om, waar moontlik, waarde toe te voeg. Die doel is om uitmuntende opbrengste in die vorm van dividendvloei en kapitaalgroei vir aandeelhouders te verseker.

GROEPPROFIEL

Remgro Beperk is 'n Suid-Afrikaanse beleggingshouer-maatskappy wat in sy huidige vorm op 1 April 2000 tot stand gekom het na die herstrukturering van die voormalige Rembrandt Groep Beperk wat in 1948 geïnkorporeer is. 2008 was 'n waterskeidingsjaar, met die suksesvolle ontbondeling van die groep se tabakbelange aan aandeelhouders as 'n dividend *in specie*.

Gedurende November 2009 is die verkryging van VenFin Beperk suksesvol afgehandel en die belange van die groep bestaan nou hoofsaaklik uit beleggings in bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, glasprodukte, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë, media, tegnologie en verskeie ander handelsmerkprodukte.

Die maatskappy is hoofsaaklik toegespits op beleggingsbestuur en die verskaffing van strategiese insette eerder as op die dag-tot-dag-bestuur van besigheidseenhede van die maatskappye waarin belê is.

Bedryfsfiliale bestaan uit genoteerde en ongenoteerde maatskappye met onafhanklike direksies, waar hierdie maatskappy op nie-uitvoerende vlak verteenwoordig word. Beleggings in nie-filiale sluit genoteerde en ongenoteerde maatskappye in wat nie deur hierdie maatskappy beheer word nie en meesal as geassosieerde maatskappye beskou word op grond van beduidende invloed en direksieverteenwoordiging.

GROEPSTRUKTUUR

OP 31 MAART 2010

REMGRO BEPERK

(BELANGRIKSTE BELEGGINGS)

GEASSOSIEERDE MAATSKAPPE EN ANDER

FINANSIËLE DIENSTE

25.0%	RMBH
9.1%	FirstRand

NYWERHEIDSBELANGE

50.0%	Air Products South Africa
33.3%	Distell
42.5%	Kagiso Trust Investments
45.7%	Medi-Clinic
13.3%	Nampak
28.7%	PGSI
24.9%	Total South Africa
25.8%	Unilever South Africa Holdings

MEDIABELANGE

31.6%	Sabido
33.7%	MARC (voorheen SAIL)

MYNBELANGE

28.6%	Trans Hex
4.4%	Implats

TEGNOLOGIEBELANGE

35.6%	CIV groep
25.0%	SEACOM
31.0%	Tracker

ANDER BELEGGINGS

21.5%	Business Partners
--------------	-------------------

FILIAALMAATSKAPPE

NYWERHEIDSBELANGE

100.0%	Tsb Sugar
100.0%	Wispeco
73.3%	Rainbow

KORPORATIEF EN ANDER BELANGE

100.0%	Remgro Finansieringskorporasie
100.0%	Remgro Bestuursdienste (voorheen M&I Groepsdienste)
100.0%	Remgro International – Jersey

Persentasies verteenwoordig die effektiewe belange gehou. Bylae A en B in die finansiële verslag gee meer besonderhede van filiaalmaatskappye en beleggings.

FINANSIËLE HOOF TREKKE

	2010	2009	% verandering
WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL	690.1c	987.7c	(30.1)
WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL VAN VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE*	690.1c	671.5c	2.8
VERDIENSTE PER AANDEEL	629.4c	9 607.9c	(93.4)
WESENSVERDIENSTE	R3 355m	R4 660m	(28.0)
WESENSVERDIENSTE VAN VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE*	R3 355m	R3 168m	5.9
VERDIENSTE – netto wins vir die jaar	R3 060m	R45 330m	(93.2)

Dividende per aandeel

Gewoon	209.00c	190.00c	10.0
– Tussen	84.00c	80.00c	5.0
– Finaal	125.00c	110.00c	13.6

Netto batewaarde per aandeel

(toeskryfbaar aan eie lede)

– teen intrinsieke waarde	R121.64	R99.15	22.7
---------------------------	---------	--------	------


Remgro-aandeelprys

	R98.00	R67.50	45.2
--	--------	--------	------

Sluitingsprys per aandeel op 31 Maart

* Gedurende November 2008 is die belegging in British American Tobacco Plc (BAT) as 'n tussendividend in spesie aan Remgro-aandeelhouers uitgekeer. Ten einde vergelykbaarheid op 'n jaargrondslag te vergemaklik, word wesensverdiens- en wesensverdiens- per aandeel ook vir voortgesette bedrywighe- aangebied, wat die geëkwiteerde inkomste van BAT sowel as alle nie-herhalende kostes wat met die ontbondeling verband hou uitsluit. Verwys na die verslag van die raad van direkteure vir verdere inligting.

DIVIDENDEKING




AANDELESTATISTIEK

JSE Beperk	2010	2009	2008	2007	2006	2005
Geweegde aantal B-gewone aandele ('000)	35 506	35 506	35 506	35 506	35 506	35 506
Geweegde aantal Remgro gewone aandele uitgereik – ongenoteerde B-gewone aandele uitgesluit ('000)	450 647	436 292	436 547	438 617	447 648	461 786
Markkapitalisasie op 31 Maart (R miljoen) – Alleenlik gewone aandele	47 148	29 665	87 973	81 233	60 588	45 633
Prys (sent per aandeel)						
– 31 Maart	9 800	6 750	19 593	18 100	13 500	9 380
– Hoogste	10 250	21 401	20 700	18 294	13 800	9 701
– Laagste	6 899	6 100	17 200	12 200	9 150	6 980
Aantal aandele verhandel ('000)	310 748	416 657	289 937	236 577	284 396	187 389
Waarde van aandele verhandel (R miljoen)	26 117	56 990	53 841	35 509	32 732	15 553
Aandele verhandel/geweegde aantal gewone aandele (%)	69.0	95.5	66.4	53.9	63.5	40.6
Aantal transaksies	284 637	300 257	201 515	126 747	100 309	64 707

REMGRO-AAANDEELPRYS

Rand per aandeel



SEWEJAAR

GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTATE

<i>R miljoen</i>	2010	2009	2008	2007	2006	2005	2004
Wins voor inagname van die onderstaande	1 044	1 218	1 578	1 476	1 938	1 384	1 292
Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings	(188)	40 345	1 684	51	3 165	2 216	(132)
Gekonsolideerde wins voor belasting	856	41 563	3 262	1 527	5 103	3 600	1 160
Belasting	(309)	(945)	(419)	(403)	(857)	(417)	(397)
Gekonsolideerde wins na belasting	547	40 618	2 843	1 124	4 246	3 183	763
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	2 619	4 806	7 210	6 003	4 354	5 742	3 177
Netto wins na belasting	3 166	45 424	10 053	7 127	8 600	8 925	3 940
Nie-beherende belang	(106)	(94)	(160)	(185)	(398)	(407)	(335)
Toeskryfbare netto wins vir die jaar	3 060	45 330	9 893	6 942	8 202	8 518	3 605
Wesensverdienste	3 355	4 660	7 991	6 892	5 084	4 998	4 687
Wesensverdienste per aandeel (sent)	690.1	987.7	1 692.8	1 453.6	1 052.3	1 005.0	931.3
Wesensverdienste per aandeel van voortgesette bedrywighede (sent)#	690.1	671.5	964.1				
Wesensverdienste per aandeel – nie-herhalende gedeelte van SEB-koste uitgesluit (sent)*	690.1	987.7	1 700.7	1 453.6	1 130.9	1 005.0	931.3
Verdienste per aandeel (sent)	629.4	9 607.9	2 095.7	1 464.2	1 697.6	1 712.9	716.3
Dividende per aandeel (sent)							
– Gewoon	209	190	510	434	361	314	285
– Spesiaal					400	600	200

Die syfers vir 2005 hierbo is hersaamgestel ingevolge IFRS. Syfers vir 2004 is nie aangepas nie.

Gedurende November 2008 is die belegging in British American Tobacco Plc (BAT) as 'n tussendividend in specie aan Remgro-aandeelhouders uitgekeer. Ten einde vergelykbaarheid op 'n jaargrondslag te vergemaklik, word wesensverdienste per aandeel ook vir voortgesette bedrywighede aangebied wat die geëkwiteerde inkomste van BAT sowel as alle nie-herhalende kostes wat met die ontbondeling verband hou uitsluit. Verwys ook na aantekening 1 by die finansiële jaarstate vir verdere inligting.

* Gedurende die 2006 finansiële jaar het verskeie maatskappye in die groep swart ekonomiese bemagtigings (SEB)-transaksies aangegaan. Weens die wesentlike uitwerking wat die rekeningkundige verantwoording van hierdie transaksies op Remgro se resultate gehad het, is wesensverdienste per aandeel in die 2006 finansiële jaar ook aangebied met uitsluiting van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste. Gedurende die 2008 finansiële jaar het Rainbow Chicken Beperk ook 'n SEB-transaksie aangegaan en gevolglik is wesensverdienste per aandeel weer aangebied met uitsluiting van die nie-herhalende gedeelte van SEB-koste.

SEWEJAAR

GEKONSOLIDEERDE STATE VAN FINANSIËLE STAND EN KONTANTVLOEI


R miljoen	2010	2009	2008	2007	2006	2005	2004
STATE VAN FINANSIËLE STAND							
Eiendom, aanleg en toerusting	3 241	2 866	2 668	2 564	2 444	4 120	3 515
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	28 052	23 795	43 175	33 033	26 098	28 201	22 737
Ander nie-bedryfsbates	7 295	5 430	9 132	6 802	4 584	2 645	2 106
Bedryfsbates	9 470	10 025	6 852	7 460	8 210	4 773	5 372
Totale bates	48 058	42 116	61 827	49 859	41 336	39 739	33 730
Totale ekwiteit	44 083	38 787	57 875	46 427	38 090	36 844	31 411
Nie-bedryfslaste	1 517	1 172	1 872	1 580	1 144	866	685
Bedryfslaste	2 458	2 157	2 080	1 852	2 102	2 029	1 634
Totale ekwiteit en laste	48 058	42 116	61 827	49 859	41 336	39 739	33 730
Netto batewaarde per aandeel (Rand)							
(toeskryfbaar aan eie lede)							
– teen boekwaarde	84.38	80.75	121.11	96.69	78.14	71.51	59.26
– teen intrinsieke waarde	121.64	99.15	253.67	221.00	157.59	119.97	100.36

STATE VAN KONTANTVLOEI

Kontant (benut)/voortgebring uit/(deur) bedrywighede	(273)	883	1 232	1 666	1 474	1 566	1 383
Kontantvloei voortgebring uit beleggingsopbrengste	1 531	1 642	3 801	3 040	4 200	2 670	2 013
Belasting betaal	(144)	(280)	(497)	(676)	(369)	(546)	(363)
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	1 114	2 245	4 536	4 030	5 305	3 690	3 033
Dividende betaal	(1 006)	(2 120)	(2 252)	(3 813)	(4 676)	(2 642)	(1 438)
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	108	125	2 284	217	629	1 048	1 595
Netto beleggingsaktiwiteite	(1 381)	1 053	(3 438)	(1 725)	3 364	(2 203)	(528)
Netto finansieringsaktiwiteite	(5)	10	84	70	99	9	62
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	(1 278)	1 188	(1 070)	(1 438)	4 092	(1 146)	1 129

Die syfers vir 2005 hierbo is hersaamgestel ingevolge IFRS. Syfers vir 2004 is nie aangepas nie.

KONTANTBEWEGING BY DIE HOUERMAATSKAPPY ("KONTANT BY DIE KERN") (R MILJOEN)



DIREKSIE

EN LEDE VAN KOMITEES

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE



J P Rupert



E de la H Hertzog



P E Beyers



J Malherbe

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE



G T Ferreira



P K Harris



N P Mageza



P J Moleketi



M M Morobe



M A Ramphele



F Robertson



H Wessels

UITVOERENDE DIREKTEURE EN LEDE VAN BESTUURSRaad



M H Visser



W E Bührmann



L Crouse



J W Dreyer



J J Durand



J A Preller



T van Wyk



N J Williams
Lid van bestuursraad

LEDE VAN KOMITEES

ODIT-EN-RISIKOKOMITEE

H Wessels (Voorsitter)
N P Mageza#
P J Moleketi#
F Robertson

BELEGGINGSKOMITEE

J P Rupert (Voorsitter)
L Crouse
J J Durand*
G T Ferreira
P K Harris
J Malherbe
M H Visser

BESTUURSRaad

M H Visser (Voorsitter)
W E Bührmann
L Crouse
J W Dreyer
J J Durand*
J A Preller
T van Wyk
N J Williams*

VERGOEDINGS-EN-NOMINASIEKOMITEE

J P Rupert (Voorsitter)
G T Ferreira#
P K Harris
F Robertson

* sedert 4 November 2009
sedert 30 November 2009

NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

J P Rupert (60)

VOORSITTER

DIREKTEURSKAPPE: Business Partners Beperk (voorsitter), Compagnie Financière Richemont SA (uitvoerende voorsitter) en Reinet Investments Manager SA (voorsitter).

E de la H Hertzog (60)

ONDERVOORSITTER

DIREKTEURSKAPPE: Medi-Clinic Korporasie Beperk (voorsitter), Distell Groep Beperk, Total South Africa (Edms) Beperk en Trans Hex Groep Beperk.

P E Beyers (60)

DIREKTEURSKAPPE: Distell Groep Beperk en Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk.

J Malherbe (54)

DIREKTEURSKAPPE: Dimension Data Holdings Plc, Sabido Investments (Edms) Beperk, Specpharm Holdings (Edms) Beperk en VenFin DD Holdings Beperk.

ONAFHANKLIKE NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE

G T Ferreira (62)

AANGESTEL: 4 November 2009

DIREKTEURSKAPPE: Tans die voorsitter van RMB Holdings Beperk. Hy was betrokke in die finansiële dienste-sektor sedert hy besigheidsgrade aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf het. Hy was die voormalige voorsitter van onder andere AIG (SA) (Edms) Beperk, FirstRand Beperk, FirstRand Bank Beperk, Rand Aksepbank Beperk en die Aksepbank Bankiersvereniging van SA. Voormalige direkteurskappe sluit in Anglo American Korporasie Beperk, Eerste Nasionale Bank Beperk, FirstRand Beperk, Glenrand Beperk, Lenco Beperk, Malbak Beperk, Momentum Lewens Beperk en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie.

P K Harris (60)

DIREKTEURSKAPPE: Nie-uitvoerende direkteur van FirstRand Beperk, FirstRand Bank Holdings Beperk, FirstRand Bank Beperk, Momentum Groep Beperk en RMB Holdings Beperk.

N P Mageza (55)

AANGESTEL: 4 November 2009

DIREKTEURSKAPPE: Tot onlangs gedien as die hoof bedryfsbeampte van die Absa Groep. Hy is 'n geotrooieerde rekenmeester en lid van die Vereniging van Geotrooieerde Gesertifiseerde Rekenmeesters (VGGR) VK, asook direkteur van 'n aantal maatskappye, insluitende Bidvest Group Beperk, MTN Group Beperk, Rainbow Chicken Beperk en Sappi Beperk. Hy het wye ervaring opgedoen in talle uitvoerende poste in die audit-, finansiële dienste- en die vervoer-en-logistieksektor.

P J Moleketi (53)

AANGESTEL: 4 November 2009

DIREKTEURSKAPPE: 'n Voormalige adjunkminister van finansies van die Republiek van Suid-Afrika en LUK vir finansiële en ekonomiese aangeleenthede in die Gauteng provinsie, asook direkteur van 'n aantal maatskappye, insluitende Brait South Africa, Development Bank of South Africa, FIFA Local Organising Committee, Harith Fund Managers en Vodacom Group Beperk. Hy hou nagraadse kwalifikasies in ekonomie en bestuur van die Universiteit van Londen en van die Harvard Besigheidskool en het wye internasionale blootstelling, strategiese leierskapsvaardighede en diepgaande korporatiewe bestuurservaring opgedoen in beide die openbare en privaat sektor.

M M Morobe (53)

DIREKTEURSKAPPE: Hoofuitvoerende beampte van Kagiso Media Beperk en direkteur van City Year South Africa, Kagiso Media Beperk groep van maatskappye en Resolve Group (Edms) Beperk.

M A Ramphele (62)

AANGESTEL: 4 November 2009

DIREKTEURSKAPPE: 'n Voormalige besturende direkteur van die Wêreldbank en voormalige visekanselier van die Universiteit van Kaapstad asook direkteur van 'n aantal maatskappye, insluitende Anglo American Plc, Dinokeng Scenarios (voorsitter van sameroepers), Letsema Circle (uitvoerende voorsitter), Medi-Clinic Korporasie Beperk en Technology Innovation Agency (voorsitter). Dr Ramphele is 'n mediese dokter met onder andere 'n doktorsgraad in sosiale antropologie en 'n besigheidsgraad. Sy het verskeie toonaangewende plaaslike en internasionale toekennings ontvang, insluitende 20 eredoktorsgrade ter erkenning van haar vakkundigheid, haar diens aan die gemeenskap, haar leidende rol in die bewusmaking van ontwikkelingsaangeleenthede en as kampvegter vir projekte ten bate van minderbevooregte mense in Suid-Afrika.

F Robertson (55)

DIREKTEURSKAPPE: Uitvoerende ondervoorsitter van Brimstone Investment Corporation Beperk en voorsitter van Commlife Holdings, Lion of Africa Insurance Company Beperk, Lion of Africa Life Assurance Company Beperk en Sea Harvest Corporation (Edms) Beperk.

H Wessels (65)

DIREKTEURSKAPPE: Keeromstraat 30 Beleggings Beperk en Naspers Beleggings Beperk.

UITVOERENDE DIREKTEURE

M H Visser (56)

HOOFUITVOERENDE BEAMPTE

BComm (Hons), GR(SA)

Diensjare by die groep: 30

DIREKTEURSKAPPE: Distell Groep Beperk, FirstRand Beperk, FirstRand Bank Beperk, FirstRand Bank Holdings Beperk, Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk, Medi-Clinic Korporasie Beperk, Nampak Beperk, PGSI Beperk, Rainbow Chicken Beperk (voorsitter), RMB Holdings Beperk en Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk.

W E Bühmann (55)

BELEGGINGS

BComm, GR(SA)

Diensjare by die groep: 23

DIREKTEURSKAPPE: Tans direkteur van InVenFin (Edms) Beperk. Het in verskeie direksies insluitende Dorbyl Beperk, Medi-Clinic Korporasie Beperk, Trans Hex Groep Beperk en Xicom Wireless Inc. gedien.

L Crouse (57)

HOOF FINANSIËLE BEAMPTE

BComm, GR(SA)

Diensjare by die groep: 2

DIREKTEURSKAPPE: CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, Dark Fibre Africa (Edms) Beperk, FirstRand Beperk, FirstRand Bank Holdings Beperk, FirstRand Bank Beperk en Total South Africa (Edms) Beperk.

J W Dreyer (59)

BELEGGINGS

BComm, LLB, H Dip Co Law, H Dip Tax

Diensjare by die groep: 10

DIREKTEURSKAPPE: Air Products South Africa (Edms) Beperk, Business Partners Beperk, Dorbyl Beperk, Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk, RMB Holdings Beperk, Trans Hex Groep Beperk, Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk en Wispeco Holdings Beperk.

J J Durand (43)

AANGESTEL: 4 November 2009

HOOF BELEGGINGSBEAMPTE

BRek (Hons), MPhil, GR(SA)

Diensjare by die groep: 14

DIREKTEURSKAPPE: Voormalige hoofuitvoerende beampte van VenFin Beperk en tans direkteur van 'n aantal maatskappye, insluitende Capevin Holdings Beperk, Capevin Beleggings Beperk, InVenFin (Edms) Beperk, Rainbow Chicken Beperk, RMB Holdings Beperk, Saracens Beperk, Tracker Investments Holdings (Edms) Beperk en VenFin DD Holdings Beperk.

J A Preller (60)

KORPORATIEWE SAKE

BEcon

Diensjare by die groep: 38

DIREKTEURSKAPPE: Verantwoordelik vir Korporatiewe Sake en Korporatiewe Sosiale Beleggings van die maatskappye. Nie-uitvoerende direkteur van Vendome Distributors (Edms) Beperk en dien in die direksie van die South African College of Tourism.

T van Wyk (62)

BELEGGINGS

BComm, LLB, LLM, H Dip Tax

Diensjare by die groep: 20

DIREKTEURSKAPPE: Air Products South Africa (Edms) Beperk, Business Partners Beperk (ondervoorsitter), Dorbyl Beperk, Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk, Momentum Groep Beperk, Trans Hex Groep Beperk, Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk en Wispeco Holdings Beperk (voorsitter).

FINANSIËLE OORSIG

FINANSIËLE HOOF TREKKE

Gewone dividend per aandeel	+ 10.0%
Wesensverdienste per aandeel (BAT ingesluit in die vergelykende jaar)	- 30.1%
Wesensverdienste per aandeel van voortgesette bedrywighede (BAT uitgesluit in die vergelykende jaar)	+ 2.8%
Toename in intrinsieke waarde per aandeel	+ 22.7%
Suksesvolle voltooiing van die verkryging van VenFin op 23 November 2009	

FINANSIËLE OORSIG

INLEIDING

Soos in groot dele van die wêreld die geval was, het ekonomiese toestande in Suid-Afrika ook groot uitdagings in 2009 gebied, met die BBP wat met 1.8% gedaal het, die eerste jaarlikse inkrimping sedert die vroeë 1990's. Die plaaslike ekonomie het 'n dubbele terugslag ondervind toe verbruiksbesteding, te midde van aansienlike werkverliese, afgeneem en uitvoere sterk gedaal het weens die afname in wêreldvraag. Een van besigheid se reaksies was om vaste investering te verminder/uit te stel, wat 'n verdere demper op ekonomiese bedrywighede geplaas het. Die wêreld se BBP het in 2009 met 0.5% gedaal, die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog dat die globale ekonomie oor 'n volle kalenderjaar afgeneem het.

Terwyl die gegewens vir 2009 as geheel neerdrakkend is, was daar reeds in die tweede helfte van die jaar 'n terugkeer na wêreldgroei, wat ondersteun is deur ongekende regeringsaansporingsmaatreëls en 'n verlangsaming in die koers van voorraadvermindering. Na 'n inkrimping van meer as 5% (kwartaal tot kwartaal op 'n jaargrondslag) in die eerste kwartaal van 2009, het die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) gerapporteer dat die wêreld ekonomie in die tweede helfte van 2009 met 4.5% gegroei het. Belangrike aanwysers, soos die wêreld-aankoopbestuurdersindeks⁽¹⁾ wat in April 2010 tot 'n 71-maandehoogtepunt gestyg het, dui aan dat die wêreld se ekonomiese herstel in die vroeë gedeelte van 2010 voortgeduur het.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het volgens alle aanduidings ook in die middel van 2009 gedraai. Nadat die reële BBP 'n aansienlike daling van 7.4% (kwartaal tot kwartaal op 'n jaargrondslag) in die eerste kwartaal van 2009 getoon het en deur nog 'n daling, hoewel ietwat kleiner, in die tweede kwartaal gevolg is, het Suid-Afrika in die derde kwartaal uit die resessie gekom, met 'n toename van 0.9% in reële BBP. Die herstel het in die laaste kwartaal versnel, met groei van 3.2% op 'n kwartaalgrondslag. 'n Sektorale ontleding toon dat die Suid-Afrikaanse ekonomie se herstel (in ooreenstemming met die wêreldneiging) grootliks deur die vervaardigingsektor gedryf is, terwyl die handelsektor, wat van verbruiksaanvraag afhanklik is, effens agtergebly het.

Die plaaslike ekonomiese gegewens wat sover in 2010 uitgereik is, is taamlik gemeng. Die rentekoers-

sensitiewe sektore van die ekonomie (veral die huis- en voertuigmark) herstel teen 'n robuuste tempo, terwyl Naamsa gerapporteer het dat die verkope van nuwe voertuie, hoewel van 'n lae basis in 2009, in die eerste vier maande van 2010 met 22% op 'n jaargrondslag gestyg het. Die onderskeie huisprysindekse van die belangrikste bankgroepe dui ook op 'n terugkeer na huisprysgroei, selfs in reële terme. Hierdie tendense weerspieël die positiewe uitwerking wat die vermindering van 550 basispunte in die rentekoers sedert Desember 2008 op die ekonomie gehad het.

Benewens die herstel in uitvoere (die uitvoervolume van voertuie het in April 2010 met 51.6% op 'n jaargrondslag toegeneem) het verbeterde omstandighede in die wêreld ekonomie Suid-Afrika ook bevoordeel deur die sterk styging in die aankope van plaaslike aandele en effekte. In die jaar tot 30 April 2010 was buitelandse beleggers netto kopers van effekte ten bedrae van R30 miljard en R12.5 miljard se aandele op die Johannesburgse Aandelebeurs (JSE). Die herstel van wêreldgroei was sigbaar in die sterk styging in die pryse van sleutelkommoditeite, soos platinum en koper, en dit het ook Suid-Afrika se uitvoere 'n hupstoot gegee en buitelanders gelok om in die hulpbrongedrewe JSE te belê.

Ondanks hierdie positiewe ontwikkelings kry die Suid-Afrikaanse ekonomie op verskeie gebiede die wind van voor. Die belangrikste hiervan is die indiensnemingsituasie. Onlangse statistiek van Statistiek SA dui daarop dat die ekonomie 171 000 werkgeleenthede in die eerste kwartaal van 2010 verloor het, wat die amptelike werkloosheidskoers weer bokant 25% opgestoot het. 'n Stadige herstel in die arbeidsmark is een van die grootste risiko's vir Suid-Afrika se ekonomiese herstel, omdat dit verbruiksbesteding strem, wat vir meer as 60% van BBP verantwoordelik is.

Hoewel die herstel beter is as wat verwag is, hou die wêreld ekonomie 'n risiko vir Suid-Afrika se groeivoorsigte in. Die onlangse skerp daling in wêreld-aandelebeurse in reaksie op die kommer oor staatskuld in verskeie Suid-Europese lande (Griekeland, Spanje, Portugal, ens.) is 'n aanduiding dat die herstel uit die wêreldresessie nie gelykmatig gaan verloop nie. Wat kommer wek, is dat 'n aantal lande wat meer belangrik vir die wêreld ekonomie is, in die besonder Amerika en die Verenigde Koninkryk,

⁽¹⁾Die aankoopbestuurdersindeks is 'n bygewerkte aanwyser wat die welstand van die vervaardigingsektor meet.

FINANSIËLE OORSIG

ook die moeilike uitdaging in die gesig staar om reuse fiskale tekorte (bokant 10% van BBP) te verminder in 'n stadium dat volhoubare ekonomiese groei nie gewaarborg is nie.

Op die pad vorentoe sal die groot tekorte die vermoë van ontwikkelde lande se regerings om hul ekonomieë in moeilike tye te ondersteun, aan bande lê. Daarbenewens mag die stappe wat in die nadraai van die wêreldkrisis gedoen is, waaronder voorstelle om die finansiële sektor beter te beheer, asook die moontlikheid van hoër belasting (Australië het reeds planne aangekondig om die belasting van mynmaatskappye te verhoog), bydra tot laer groei in BBP as wat die geval in die 1990's en vroeë 2000's was.

WESENSVERDIENSTE

Vir die jaar tot 31 Maart 2010 het wesensverdienste met 28.0% vanaf R4 660 miljoen tot R3 355 miljoen afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel met 30.1% vanaf 987.7 sent tot 690.1 sent afgeneem het.

Ten einde vergelykbaarheid op 'n jaargrondslag te vergemaklik, word wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel ook vir voortgesette bedrywighede aangebied, wat die geëkwiteerde inkomste van BAT sowel as alle nie-herhalende kostes wat met die ontbondeling verband hou, uitsluit, soos in die volgende tabel uiteengesit.

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2010 R miljoen	2009 R miljoen
Wesensverdienste soos gerapporteer	3 355	4 660
Geëkwiteerde inkomste van BAT	–	(2 211)
SBM op die BAT-ontbondeling	–	686
Ander nie-herhalende koste wat verband hou met die ontbondeling	–	33
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede	3 355	3 168
Wesensverdienste per aandeel soos gerapporteer (sent)	690.1	987.7
Wesensverdienste per aandeel van voortgesette bedrywighede (sent)	690.1	671.5

Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede het met 5.9% vanaf R3 168 miljoen tot R3 355 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel van voortgesette bedrywighede met slegs 2.8% vanaf

671.5 sent tot 690.1 sent toegeneem het, as gevolg van die verwateringseffek met die uitreiking van gewone aandele vir die aankoop van VenFin.

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	2010 R miljoen	% ver- andering	Jaar geëindig 31 Maart	
			BAT uitgesluit 2009 R miljoen	BAT ingesluit 2009 R miljoen
Tabakbelange	–		–	2 295
Finansiële dienste	1 355	(14.0)	1 576	1 576
Nywerheidsbelange	1 982	50.4	1 318	1 318
Mediabelange	17		–	–
Mynbelange	96	(41.5)	164	164
Tegnologiebelange	13		–	–
Ander beleggings	(64)	20.0	(80)	(80)
Sentrale tesourie	57	(79.5)	278	194
Ander netto korporatiewe koste	(101)	(14.8)	(88)	(807)
	3 355	5.9	3 168	4 660

Verwys na die samestelling van wesensverdienste op bladsy 17 vir verdere inligting. Die wesensverdienste "BAT uitgesluit" soos hierbo aangebied, verteenwoordig wesensverdienste van voortgesette bedrywighede.

Die verkryging van VenFin het die skep van twee nuwe rapporteringsgroepe genoodsaak, "Mediabelange" en "Tegnologiebelange". 'n Derde nuwe rapporteringsgroep, "Ander beleggings", is ook geskep. Ten einde vergelykbaarheid op 'n jaargrondslag te vergemaklik, is die inligting wat vir die vergelykende jaar aangebied word, dienoooreenkomstig aangepas.

Die kommentaar wat hierop volg, wat die resultate met dié van die vorige jaar vergelyk, is gebaseer op wesensverdienste van voortgesette bedrywighede alleen.

Finansiële dienste

FirstRand en RMBH se gesamentlike bydrae tot Remgro se wesensverdienste uit finansiële dienste het R1 355 miljoen (2009: R1 576 miljoen) bedra. Die afname van 14.0% kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n toename in slegte skulde in die kleinhandel-uitleningsbedrywighede van die banksegment, sowel as verliese met die verhandeling van ekwiteitsinstrumente.

Nywerheidsbelange

Die bydrae van die nywerheidsbelange tot wesensverdienste het met 50.4% tot R1 982 miljoen (2009: R1 318 miljoen) toegeneem. Kagiso Trust Investments (KTI) se bydrae tot wesensverdienste het R128 miljoen (2009: R139 miljoen verlies) bedra. KTI se resultate is beïnvloed deur gunstige billike waarde aanpassings van R20 miljoen (2009: R368 miljoen ongunstig), wat verband hou met sy aandeelhouding in Metropolitan Holdings Beperk. Total South Africa se bydrae tot wesensverdienste het R42 miljoen (2009: R25 miljoen verlies) bedra. Die verbeterde prestasie van Total South Africa is hoofsaaklik die gevolg van 'n meer stabiele internasionale olieprys as in 2008, wat gelei het tot laer voorraadherwaardasieverliese. Rainbow het verbeterde resultate gerapporteer met 'n bydrae tot Remgro se wesensverdienste ten bedrae van R259 miljoen (2009: R235 miljoen). Medi-Clinic se bydrae tot wesensverdienste het R460 miljoen (2009: R288 miljoen) bedra. Hierdie wesentlike toename is die gevolg van verbeterde bedryfsresultate, sowel as nie-herhalende items ten bedrae van

R176 miljoen (waarvan Remgro se deel R81 miljoen is). Distell en Unilever se bydraes tot wesensverdienste het onderskeidelik R274 miljoen en R279 miljoen (2009: R304 miljoen en R231 miljoen) bedra. Tsb Sugar se bydrae tot wesensverdienste het R227 miljoen (2009: R188 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van 'n verandering in die waardasiemetodologie van sy biologiese landbouboetes, wat tot 'n toename in wins van R34 miljoen gelei het.

Mediabelange

Mediabelange bestaan hoofsaaklik uit die belang in Sabido wat voorheen deur VenFin gehou is. Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die drie maande tot Maart 2010 het R11 miljoen bedra.

Mynbelange

Mynbelange se bydrae tot wesensverdienste het met 41.5% tot R96 miljoen (2009: R164 miljoen) afgeneem. Dividende wat van Implats ontvang is, het R85 miljoen (2009: R346 miljoen) bedra, terwyl Remgro se deel van die resultate van Trans Hex R11 miljoen (2009: R182 miljoen verlies) bedra het. Daar moet daarop gelet word dat, met ingang van 30 November 2009, die belegging in Trans Hex herklassifiseer is as 'n belegging "gehou vir verkoop" en gevolglik is Trans Hex slegs vir die agt maande tot 30 November 2009 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord.

Tegnologiebelange

Tegnologiebelange verteenwoordig hoofsaaklik die belang in die CIV groep van maatskappye wat saam met VenFin verkry is. Vir die jaar onder oorsig is die CIV groep slegs vir die drie maande tot Maart 2010 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord en het dit R7 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra.

Ander beleggings

Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het met R16 miljoen verbeter tot 'n verlies van R64 miljoen (2009: R80 miljoen verlies). Business Partners se bydrae tot wesensverdienste het R12 miljoen (2009: R28 miljoen) bedra, terwyl verliese ten bedrae van R79 miljoen van die belegging in Xiocom geëkwiteer is (2009: R108 miljoen verlies). Xiocom is in Maart 2010 verkoop.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Laer rentekoerse asook laer gemiddelde kontant-saldo's het veroorsaak dat die bydrae deur die sentrale tesourieafdeling met R221 miljoen afgeneem het. Daar moet daarop gelet word dat buitelandse valutawinste ten bedrae van R50 miljoen in die vergelykende jaar gerealiseer het met die repatriasie van R&R dividende. Die toename in ander netto korporatiewe koste tot R101 miljoen (2009: R88 miljoen) is hoofsaaklik die gevolg van die insluiting van VenFin se korporatiewe koste.

VERDIENSTE

Totale verdienste het met 93.2% tot R3 060 miljoen (2009: R45 330 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die kapitaalwinst ten bedrae van R40 805 miljoen wat met die ontbondeling van die belegging in BAT in die vergelykende jaar gerealiseer het.

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n voorsiening vir waardedaling ten bedrae van R168 miljoen ten opsigte van drie van sy beleggings, naamlik PGSI, KIEF en Premier Team Holdings, verantwoord aangesien die drawaardes van dié beleggings hul beraamde verhaalbare bedrae oorskry het. In die vergelykende jaar is 'n voorsiening vir waardedaling ten bedrae van R438 miljoen ten opsigte van die beleggings in Dorbyl, Trans Hex en PGSI gemaak.

TESOURIE-AANDELE

Op 31 Maart 2009 is 3 500 000 Remgro gewone aandele (0.8%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaal-maatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde die nuwe aandelegroeiereg-skema, wat na die ontbondeling van die belegging in BAT gedurende November 2008 geïmplementeer is, te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 75 956

Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skema deelnemers, wie aandelegroeieregte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 31 Maart 2010 is 3 424 044 Remgro gewone aandele (0.7%) as tesourie-aandele gehou.

DIVIDENDE

Die finale gewone dividend per aandeel is op 125 sent (2009: 110 sent) vasgestel. Totale gewone dividende per aandeel ten opsigte van die finansiële jaar tot 31 Maart 2010 bedra gevolglik 209 sent (2009: 190 sent).


Die dividend is 3.3 keer deur wesensverdienste gedek teenoor 5.2 keer die vorige jaar.

INTRINSIEKE WAARDE

Remgro se intrinsieke waarde per aandeel op 31 Maart 2010 was R121.64 teenoor R99.15 op 31 Maart 2009.

ERKENNING

Ons dra graag ons opregte waardering oor aan almal wat die afgelope jaar tot die groep se sukses bygedra het: die aandeelhouders vir hul volgehoue vertroue; die besturende direkteure en alle kollegas in die onderskeie groepmaatskappye vir hul samewerking en ondersteuning; alle ander direkteure, amptenare en werknemers vir hul toewyding en alle belanghebbendes vir dienste gelewer.



Johann Rupert



Thys Visser

Stellenbosch
21 Junie 2010

SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

OP 31 MAART 2010

	Jaar geëindig 31 Maart		
	2010 R miljoen	BAT uitgesluit 2009 R miljoen	BAT ingesluit 2009 R miljoen
Tabakbelange			
R&R Holdings	–	–	2 295
Finansiële dienste			
RMBH	720	761	761
FirstRand	635	815	815
Nywerheidsbelange			
Medi-Clinic Korporasie	460	288	288
Unilever SA Holdings	279	231	231
Distell Groep	274	304	304
Capevin Beleggings	7	–	–
Rainbow Chicken	259	235	235
Tsb Sugar	227	188	188
Air Products South Africa	115	102	102
Nampak	73	105	105
Total South Africa	42	(25)	(25)
Kagiso Trust Investments	128	(139)	(139)
PGSI geëkwiteerde inkomste	1	40	40
PGSI billike waarde aanpassing	82	–	–
Wispeco	63	30	30
Ander nywerheidsbelange	(28)	(41)	(41)
Mediabelange			
Sabido	11	–	–
MARC-voorkeuraandele	5	–	–
Ander mediabelange	1	–	–
Mynbelange			
Implats	85	346	346
Trans Hex Groep	11	(182)	(182)
Tegnologiebelange			
CIV groep	7	–	–
Ander tegnologiebelange	6	–	–
Ander beleggings	(64)	(80)	(80)
Sentrale tesourie	57	278	194
Ander netto korporatiewe koste	(101)	(88)	(807)
Wesensverdiens	3 355	3 168	4 660
Geweegde aantal aandele (miljoen)	486.2	471.8	471.8
Wesensverdiens per aandeel (sent)	690.1	671.5	987.7

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

OP 31 MAART 2010

	31 Maart 2010		31 Maart 2009	
	Boek- waarde R miljoen	Intrinsieke waarde R miljoen	Boek- waarde R miljoen	Intrinsieke waarde R miljoen
Finansiële dienste				
RMBH	6 400	9 785	6 027	6 227
FirstRand	6 026	9 719	5 728	5 803
Nywerheidsbelange				
Medi-Clinic Korporasie	3 111	6 948	3 533	5 533
Unilever SA Holdings	3 109	4 346	2 950	4 110
Distell Groep ⁽¹⁾	1 798	4 430	1 320	3 052
Rainbow Chicken	1 956	3 412	1 836	3 315
Tsb Sugar	1 376	2 506	1 211	2 631
Air Products South Africa	536	1 752	453	1 563
Nampak	1 205	1 398	1 263	984
Total South Africa	631	1 080	566	1 136
Kagiso Trust Investments	1 213	1 269	940	955
PGSI	533	528	368	368
Wispeco	358	381	312	345
Ander nywerheidsbelange	328	351	224	224
Mediabelange				
Sabido	837	1 215	–	–
MARC	187	211	–	–
Ander mediabelange	50	71	–	–
Mynbelange				
Implats	5 711	5 711	4 223	4 223
Trans Hex Groep	65	106	44	44
Tegnologiebelange				
CIV groep ⁽²⁾	378	539	–	–
SEACOM	721	1 120	–	–
Tracker	574	911	–	–
Ander tegnologiebelange	385	479	–	–
Ander beleggings	573	399	415	277
Sentrale tesourie – kontant by die kern⁽³⁾	4 662	4 662	5 967	5 967
Ander netto korporatiewe bates	581	796	692	879
Netto batewaarde (NBW)	43 304	64 125	38 072	47 636
Potensiële KWB-aanspreeklikheid⁽⁴⁾		(1 703)		(887)
NBW na belasting	43 304	62 422	38 072	46 749
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele terugkoop (miljoen)	513.2	513.2	471.5	471.5
NBW na belasting per aandeel (Rand)	84.38	121.64	80.75	99.15

Aantekeninge

⁽¹⁾ Sluit die beleggings in Capevin Beleggings Beperk en Capevin Holdings Beperk in.

⁽²⁾ Sluit die beleggings in van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications Beperk, CIV Power Beperk en Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk.

⁽³⁾ Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is.

⁽⁴⁾ Die potensiële kapitaalwinstbelasting (KWB)-aanspreeklikheid, wat ongeouditeer is, is bereken op die spesifieke-identifikasietegniek deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar vir verkoop" (hoofsaaklik Implats en Caxton) is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.

⁽⁵⁾ Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.

INTRINSIEKE WAARDE

Die intrinsieke netto batewaarde het aan die einde van Maart 2010 R121.64 per aandeel bedra.

Die intrinsieke netto batewaarde van die groep sluit waardasies in van alle beleggings, insluitende filiaal-, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, teen óf genoteerde markwaarde óf, soos in die geval van ongenoteerde beleggings, teen direkteurswaardasie. Die netto bates van volfiliaal nie-beleggingsmaatskappye, wat hoofsaaklik uit monetêre items bestaan, word teen boekwaarde ingesluit.

Die volgende faktore word in ag geneem ten einde die direkteurswaardasie van ongenoteerde beleggings te bepaal:

- Markwaarde en verdienste-opbrengste van soortgelyke genoteerde aandele, met inagneming van die feit dat die ongenoteerde beleggings se bemarkbaarheid beperk is en, in sommige gevalle, ook die verhandelbaarheid daarvan
- Groeipotensiaal en risiko
- Onderliggende netto batewaarde
- Winsgeskiedenis
- Kontantvloeivooruitskattings

Dit is die beleid van Remgro om geen beheerpremie te plaas op die waardasie van beleggings waar 'n meerderheidsbelang gehou word nie. In gevalle waar Remgro 'n minderheidsbelang hou, word 'n 10%-verhandelbaarheidsdiskonto toegepas.

Remgro se ongenoteerde beleggings is soos volg waardeer:

Air Products South Africa

Die verdiskonteerde kontantvloei-metode is gebruik om hierdie belegging te waardeer. Geen verhandelbaarheidsdiskonto word op Air Products South Africa se waardasie toegepas nie as gevolg van die 50%-aandeelhouding.

Business Partners

Die laaste wesentlike aandeelverhandeling is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

CIV groep

Die verdiskonteerde kontantvloei-metode is gebruik om hierdie groep van maatskappye te waardeer.

Kagiso Trust Investments

'n Som-van-die-dele-waardasie, met 'n effektiewe datum van 31 Desember 2009, is as basis vir waardasie gebruik.

MARC

Die verdiskonteerde kontantvloei-metode is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

PGSI

Die verdiskonteerde kontantvloei-metode is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

Sabido

'n Historiese prys-verdiens-verhouding is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

SEACOM

Die verdiskonteerde kontantvloei-metode is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

Total South Africa

'n Toekomstige prys-verdiens-verhouding is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

Tracker

Die verdiskonteerde kontantvloei-metode is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

Tsb Sugar

'n Historiese prys-verdiens-verhouding is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

Unilever South Africa

Die belegging is waardeer teen die verkoopsopsiewaarde waarteen die belegging aan die ander aandeelhouer geplaas kan word.

Wispeco

'n Historiese prys-verdiens-verhouding is gebruik om hierdie belegging te waardeer.

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Kontant by die kern

Die kontant by die kern verskil van die kontant in die

staat van finansiële stand. Eersgenoemde is soos volg saamgestel:

	2010 R miljoen	2009 R miljoen
Per staat van finansiële stand	3 827	5 050
Belegging in geldmarkfondse	1 812	1 578
Min: Kontant van bedryfsfiliale	(977)	(661)
Kontant by die kern	4 662	5 967
– Plaaslik	435	874
– Buiteland	4 227	5 093

Op 31 Maart 2010 was ongeveer 43% (R1 812 miljoen) van die beskikbare buitelandse kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontant-ekwivalente op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê. Verwys na aantekening 16 by die finansiële jaarstate vir verdere inligting.

Kontant by geassosieerde maatskappye is nie onder kontant by die kern ingesluit nie.

Die onderstaande tabel en dié op die volgende bladsy gee 'n vergelyking van die relatiewe vertoning van Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel teenoor sekere gekose JSE-indeks. Dividende wat deur Remgro betaal is, is nie in aanmerking geneem nie. Die wesentlike afname in die Remgro-aandelprys en intrinsieke netto batewaarde per aandeel weerspieël die ontbondeling van Remgro se belang in BAT op 3 November 2008 aan Remgro-aandeelhouers.

	2010	2009	28 Okt 2008*	2008	2007	2006	2005
Intrinsieke netto batewaarde –							
Rand per aandeel	121.64	99.15	84.34	253.67	221.00	157.59	119.97
JSE – Alle aandele-indeks	28 748	20 364	18 549	29 588	27 267	20 352	13 299
– Fin & Ind 30-indeks	26 592	18 080	18 649	23 868	24 960	19 491	13 477
– Finansiële 15-indeks	8 061	5 438	5 527	7 424	9 345	7 616	5 258
– Hulpbronne 20-indeks	51 854	38 767	30 617	64 543	50 018	34 923	21 585
Remgro-aandelprys (Rand)	98.00	67.50	61.00	195.93	181.00	135.00	93.80

* Remgro verhandel sonder sy belang in BAT sedert 28 Oktober 2008.

	1 jaar tot 31 Maart 2010 (% jaar tot jaar)	Tydperk vanaf 28 Oktober 2008 tot 31 Maart 2010 (% saamgestel per jaar)
Relatiewe vertoning		
Intrinsieke netto batewaarde	22.7	29.4
JSE – Alle aandele-indeks	41.2	36.1
– Fin & Ind 30-indeks	47.1	28.3
– Finansiële 15-indeks	48.2	30.4
– Hulpbronne 20-indeks	33.8	44.9
Remgro-aandelprys	45.2	39.6

INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

Die onderstaande tabel gee 'n vergelyking van Remgro se interne opbrengskoers (IOK) teenoor sekere gekose JSE-indeks. Vir hierdie doel word daar aanvaar dat dividende óf in Remgro-aandele óf in die betrokke indeks herbelê word, na gelang van die geval.

	IOK vanaf 28 Oktober 2008 tot 31 Maart 2010 (% saamgestel per jaar)
JSE – Alle aandele-indeks	39.6
– Fin & Ind 30-indeks	31.7
– Finansiële 15-indeks	35.5
– Hulpbronne 20-indeks	47.6
Remgro-aandeel	43.1

BELEGGINGSOORSIG

(Let wel: Slegs beperkte kommentaar word gelewer oor genoteerde maatskappye aangesien die inligting algemeen beskikbaar is. Die ongenoteerde beleggings word in meer besonderhede behandel.)

BELEGGINGSOORSIG
FINANSIËLE DIENSTE

Beide FirstRand Beperk ("FirstRand") en RMB Holdings Beperk ("RMBH") het Junie-jaareindes en gevolglik is hul resultate vir die twaalf maande tot 31 Desember 2009 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig geëkwiteer.

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	2010	2009
	R miljoen	R miljoen
FirstRand	635	815
RMBH	720	761
	1 355	1 576

FIRSTRAND – effektiewe direkte belang: 9.1% (totale effektiewe belang: 17.2%)

MARKKAPITALISASIE OP 31 MAART 2010: R113 886 MILJOEN	
 <p>FIRSTRAND</p>	GENOTEER OP DIE JSE BEPERK
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: S E NXASANA
	<p>PROFIEL</p> <p>Die FirstRand groep van maatskappye doen sake in die finansiële dienste-sektor insluitende kleinhandel, korporatief, beleggings en aksepbanksake, korttermynversekering, lewensversekering, werknemervoordele en batebestuur. Die bank- en versekeringsaktiwiteite word verteenwoordig deur die volfiliale FirstRand Bank Holdings Beperk en Momentum Groep Beperk onderskeidelik. Die groep se handelsbesighede sluit in Eerste Nasionale Bank ("ENB"), Rand Aksepbank ("RAB"), WesBank, OUTsurance en Momentum.</p>
	<p>REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE</p> <p>L Crouse, M H Visser</p>
WEBWERF: www.firstrand.co.za	

FirstRand se bydrae tot Remgro se wesensverdienste verteenwoordig slegs Remgro se direkte belang van 9.1% in FirstRand en sluit nie die indirekte bydrae van FirstRand deur Remgro se belegging in RMBH in nie.


Vir FirstRand se jongste gerapporteerde resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009 het wesensverdienste met 1% tot R4 492 miljoen (2008: R4 553 miljoen) afgeneem. Hierdie resultate weerspieël vroeë tekens van 'n verbetering in die wêreldwye en plaaslike ekonomiese omgewing.

Die Bankgroep se resultate vir die tydperk onder oorsig weerspieël 'n aansienlike verbetering (112%-toename) in winsgewendheid teenoor die ses maande geëindig 30 Junie 2009, alhoewel dit slegs 3% onder die vlak van Desember 2008 is. Die verbetering in verdienste vanuit die bankbedrywighede weerspieël die omswaai van die twee mees beduidende

negatiewe aspekte van die vorige vergelykende tydperk, asook die jaar tot 30 Junie 2009, naamlik slegte skulde wat ontstaan uit die kleinhandelbesigheid se finansieringsboek en verliese vanuit sekere internasionale ekwiteitverhandelingsportefeuljes binne die beleggingsbankdivisie. Momentum se genormaliseerde verdienste het met 15% tot R850 miljoen (2008: R740 miljoen) toegeneem vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009, wat 'n weerspieëling is van die positiewe impak van die herstel in ekwiteitsmarkte en 'n volgehoue sterk bedryfsvertoning ondanks negatiewe druk in baie sektore van die mark.

Die FirstRand groep maak steeds goeie vordering wat sy Afrika-strategie betref. Die toenemende geskiktheid van Afrika se ekonomiese omgewing vir beleggings sal na verwagting meer geleenthede skep vir finansiële dienste en FirstRand is besig om homself gunstig te plaas om voordeel daaruit te trek.

RMBH – effektiewe belang: **25.0%**

MARKKAPITALISASIE OP 31 MAART 2010: R39 139 MILJOEN	
 RMB HOLDINGS	GENOTEER OP DIE JSE BEPERK
	HOOF BEDRYFSBEAMPTTE: P COOPER
	PROFIEL RMBH se belange is: <ul style="list-style-type: none"> – FirstRand Beperk (32%) – RMB Structured Insurance Beperk (80%) – OUTsurance Beperk (62%) – Discovery Holdings Beperk (27%)
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE J J Durand, M H Visser
	WEBWERF: www.rmbh.co.za

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009 was 78.5% (2008: 79.6%) van RMBH se wesensverdiensle, voor inagnane van ander netto inkomste en koste van befondsing, afkomstig van FirstRand, terwyl 21.5% (2008: 20.4%) deur die ander belange bygedra is. RMBH se ander belange sluit in Discovery Holdings Beperk, OUTsurance Beperk en RMB Structured Insurance Beperk.

Die Discovery Groep is bedrywig in die markte in Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk vir versekerings- en gesondheidsorgbefondsing en het besonder goed gevaar, met 'n toename van 54% in wesensverdiensle vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009 tot R755 miljoen (2008: R489 miljoen). Die korttermynversekeraar, OUTsurance, het R176 miljoen (2008: R205 miljoen) tot RMBH se wesensverdiensle vir die ses maande geëindig

31 Desember 2009 bygedra, na inagnane van die vestigingskoste van "Youi", RMBH se direkte versekeraar gesetel in Australië. RMB Structured Insurance ("RMBSI") skep oplossings vir individuele versekerings- en finansiële risiko's van groot korporatiewe besighede deur gebruik te maak van innoverende finansiële strukture en het 'n wesensverlies van R4 miljoen (2008: wesensverdiensle van R25 miljoen) bygedra tot die wesensverdiensle van RMBH vir die tydperk onder oorsig.

Die groter RMBH Groep fokus steeds op die beskerming van sy oorspronklike handelsbesighede en balansstate om dit in 'n optimale posisie te plaas om voordeel te trek uit geleenthede vir groei soos dit ontstaan, in besonder die omswaai van die negatiewe kredietsiklus.

BELEGGINGSOORSIG
NYWERHEIDSBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

R miljoen



RAINBOW CHICKEN BEPERK – effektiewe belang: 73.3%

MARKKAPITALISASIE OP 31 MAART 2010: R5 465 MILJOEN	
	GENOTEER OP DIE JSE BEPERK
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: M DALLY
	PROFIEL Rainbow is die houermaatskappy van een hoofbedryfsfiliaal wat 'n vertikaal geïntegreerde hoenderprodusent is.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE J J Durand, P R Louw, M H Visser
	WEBWERF: www.rainbowchicken.co.za

Vir die die jaar geëindig 31 Maart 2010 het Rainbow Chicken Beperk ("Rainbow") se wesensverdienste met 10% (2009: afname van 40%) van R319 miljoen tot R351 miljoen toegeneem. Positiewe billike waarde aanpassings op finansiële instrumente, wat in Rainbow se grondstofaankoopstrategie gebruik word, ten bedrae van R52 miljoen (2009: R153 miljoen negatief), is by wins voor belasting ingesluit. Met die uitsluiting van hierdie billike waarde aanpassings is daar 'n dalende tendens in wesensverdienste, wat hoofsaaklik toeskryfbaar is aan laer hoenderrealiserings en die eksterne voerbesigheid se kleiner bydrae.

Rainbow se totale omset het met 2.1% (2009: 14.4%) toegeneem, ondersteun deur groei van 2.9% in hoenderomset wat 80% van die totale omset verteenwoordig. Algeheel het hoenderverkoopsvolumes met 5.1% toegeneem. Die laer toename in omset, in vergelyking met 2009, is hoofsaaklik toeskryfbaar aan laer voerverkoopspryse en volumes wat buite Rainbow verkoop is met voerverkope wat 11% (2009: 13%) tot totale omset bygedra het.

Die prys van voergrondstowwe het in die 2009 finansiële jaar historiese hoë vlakke bereik en regdeur die huidige finansiële jaar onbestendig gebly. Met die uitsondering van soja het die prys van grondstowwe in 2010 aansienlik gedaal met die rand wat verder teenoor die belangrikste geldeenhede verstewig

het. Die spoed waarteen insetpryse gedaal het en Rainbow se termyn-aankoopstrategie, het dit moeilik gemaak om die volle voordeel van die laer pryse te benut. Voerkoste kan vorentoe verder daal mits grondstofpryse op die huidige lae vlakke bly.

Die toegevoegdewaarde-kleinhandelprodukte het goed gevaar. Rainbow Polony het sy markleiersposisie verder verstewig met die bekendstelling van Rainbow Family Polony, terwyl Rainbow Viennas goeie volume groei behaal het. Die Rainbow Freezer to Fryer-hoenderburgers en -filette het vanjaar stewige groei getoon en het hom onlangs as die markleier op die gebied van gekrummelde hoenderprodukte in Suid-Afrika gevestig. FoodSolutions het aanvaarbare groei getoon gegewe die stram ekonomie en die gevolglike impak op diskresionêre aankope soos geriefkos. Die algemene voedseldienskanaal het verlangsaam wat tot 'n daling in hoenderaankope gelei het.

Rainbow se toegevoegdewaarde-handelsmerkstrategie het weereens bewys dat dit die kern is waarom konsekwente winslewering in hierdie strawwe ekonomiese tye draai. Rainbow se volhoubaarheidsprogram laat die fokus op die maatskappy se koolstofvoetspoor val en inisiatiewe in hierdie verband sal voortgaan om bedrywigheidsposities te beïnvloed wat verbeterde elektrisiteits- en steenkoolverbruik betref.

MEDI-CLINIC KORPORASIE BEPERK – effektiewe belang: 45.7%

MARKKAPITALISASIE OP 31 MAART 2010: R16 011 MILJOEN	
	GENOTEER OP DIE JSE BEPERK
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: D P MEINTJES
	PROFIEL Medi-Clinic se besigheid behels die voorsiening van omvattende, hoëgehalte hospitaaldienste op 'n kostedoel-treffende grondslag in Suidelike Afrika, die Verenigde Arabiese Emirate en Switserland.
	REM GRO GENOMINEERDE DIREKTEURE E de la H Hertzog, C M van den Heever, M H Visser
WEBWERF: www.mediclinic.co.za	

Medi-Clinic Korporasie Beperk ("Medi-Clinic") se omset het gedurende die jaar onder oorsig met 5% tot R17 141 miljoen (2009: R16 351 miljoen) toegeneem, terwyl die wesensverdienste met 65% tot R1 028 miljoen (2009: R624 miljoen) toegeneem het. Die wesentlike toename in wesensverdienste kan hoofsaaklik toegeskryf word aan twee nie-herhalende items ten bedrae van R176 miljoen wat verband hou met 'n verlaging in belastingkoerse in twee kantons in Switserland, sowel as 'n aanpassing aan verstreke dienskosse van die Hirslanden pensioenfonds. Kernwesensverdienste, wat die effek van die twee nie-herhalende items uitsluit, het vanaf R624 miljoen tot R852 miljoen toegeneem, as gevolg van hoër bedryfswins.

Medi-Clinic het 'n belang van 100% in Hirslanden, die houermaatskappy van die grootste privaat hospitaalgroep in Switserland. Hirslanden is die leier in privaathospitaalsorg in Switserland met 13 privaat akute versorgingsfasiliteite. Hirslanden se omset vir die jaar onder oorsig was 5% laer op R8 335 miljoen (2009: R8 737 miljoen) en kernbedryfswins voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie ("kern-EBITDA"), wat die effek van die twee nie-herhalende items uitsluit, was effens laer op R1 953 miljoen (2009: R1 961 miljoen). Die daling in die gemiddelde rand/Switserse frank-wisselkoerse gedurende die jaar het die daling in die randekwivalent van die finansiële syfers hierbo veroorsaak, met omset en kern-EBITDA wat 'n styging van 4% en 9% onderskeidelik, getoon het teen konstante wisselkoerse.

Die Suider-Afrikaanse groepinkomste het gedurende die jaar onder oorsig met 13% tot R7 680 miljoen (2009: R6 792 miljoen) toegeneem, as gevolg van 'n 2.1%-toename in beddae verkoop en 'n styging van 10.3% in die gemiddelde inkomste per beddag. EBITDA het met 13% toegeneem tot R1 651 miljoen (2009: R1 458 miljoen) en die Suider-Afrikaanse bedry-wighede het R659 miljoen (2009: R553 miljoen) tot Medi-Clinic se toeskryfbare verdienste bygedra.

Medi-Clinic het 'n belang in Emirates Healthcare Holdings Limited wat die Welcare Hospital en The City Hospital in Dubai besit en bedryf. Emirates Healthcare het ook die reg om 'n verdere hospitaal te ontwikkel waarmee dit die grootste privaat gesondheidsverskaffer in Dubai sal word. Omset vanaf die Verenigde Arabiese Emirate het met 37% toegeneem tot R1 126 miljoen (2009: R822 miljoen) vir die jaar onder oorsig, terwyl EBITDA tot R132 miljoen (2009: R12 miljoen) toegeneem het.

Die groep is uniek geposisioneer oor drie uiteenlopende internasionale bedryfsplatforms. Die fokus van die groep bly op sy kernbesigheid, naamlik akute sorg, spesialisgeoriënteerde hospitaaldienste. Sodoende word daar gestreef dat sy visie verwesenlik word om deur pasiënte, dokters en gesondheidsorgbepinders as die bes vertroude en mees gerespekteerde verskaffer van sulke dienste beskou te word.

DISTELL GROEP BEPERK – effektiewe belang: 33.3%

MARKKAPITALISASIE OP 31 MAART 2010: R13 721 MILJOEN	
	GENOTEER OP DIE JSE BEPERK
	BESTURENDE DIREKTEUR: J J SCANNELL
	PROFIEL Distell produseer en bemark gehaltewyne, spiritualieë en gekeurde alkoholiese drank in Suid-Afrika en internasionaal.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE P E Beyers, E de la H Hertzog, M H Visser
	WEBWERF: www.distell.co.za

Aangesien Distell Groep Beperk ("Distell") se finansiële jaareinde 30 Junie is, word die maatskappy se resultate vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2009 in Remgro se wesensverdienste ingesluit.

Distell se omset het in die jongste gerapporteerde sesmaandetydperk geëindig 31 Desember 2009 met 9% (2008: 22%) tot R6.6 miljard (2008: R6.1 miljard) toegeneem, terwyl verkoopsvolume met 7.7% gestyg het. Verkoopsvolumes in Suid-Afrika het met 5.8% (2008: 10.7%) toegeneem. Internasionale

verkoopsvolume, met insluiting van Afrika, was 14% (2008: 37%) hoër, terwyl 'n sterker rand teenoor die vernaamste geldeenhede groei in internasionale omset tot 12% beperk het.

Die afname van 4.2% (2008: 19.9%-toename) in Distell se wesensverdienste vir die ses maande tot R623 miljoen (2008: R650 miljoen) was hoofsaaklik vanweë hoër finansieringskoste as gevolg van die verkryging van die Bisquit-handelsmerk, asook 'n afname in bedryfsmarge.

UNILEVER SOUTH AFRICA HOLDINGS (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 25.8%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R16 878 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: MEV G A KLINTWORTH
	PROFIEL Unilever vervaardig en bemark 'n wye reeks voedsel- en huishoudelike en persoonlike produkte. Unilever geniet markleierskap in die meeste van sy hoofkategorieë. Bekende handelsmerke sluit die volgende in: <i>Robertsons, Rama, Flora, Lipton, Joko, Mrs Ball's, Sunlight, Omo, Surf, Vaseline</i> en <i>Lux</i> .
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE P E Beyers, M H Visser
WEBWERF: www.unilever.co.za	

Vir die twaalf maande geëindig 31 Maart 2010 het Remgro in sy wesensverdiens R279 miljoen (2009: R231 miljoen) van Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk ("Unilever Suid-Afrika") se verdienste ingesluit. Herstruktureringkoste van R53 miljoen (2009: R23 miljoen) is ingesluit by Remgro se deel van Unilever se verdienste. Die verhoging in verdienste is hoofsaaklik as gevolg van hoër marges toeskryfbaar aan aansienlike opwaartse druk op kommoditeitspryse gedurende die vorige tydperk wat nie gedurende die huidige jaar ervaar is nie.

Unilever Suid-Afrika se omset vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 het met 5.1% toegeneem, wat bestaan uit groei van 5.5% in die kleinhandelbesigheid en 'n afname van 3% in die voedselverskaffing-oplossingsbesigheid.


Die groei in die kleinhandelbesigheid is gedryf deur beide prys en volumes, met die Geurmiddels en Slaaisouse ("S&D"), Gesigsorg- en die Velsorg-kategorie wat aansienlik tot hierdie groei bygedra

het. S&D het die goeie vertoning oor die reekse van soppe en maaltydoplossings voortgesit. Gesigsorg-kategorieë het uitsonderlike groei getoon na die bekendstelling van die premiumreeks Ponds-produkte. Groei in die velsorgkategorie is gedryf deur die bekendstelling van *Vaseline for Men* en *Sunlight Germiguard*.

Groei in pryse is toeskryfbaar aan die oordrageffek van 'n aantal prysstygings in 2008 as gevolg van die ongekende styging in kommoditeitspryse en hoë wisselkoerse. Hierdie tendens het in die laaste deel van 2009 omgeswaai. Mededingers het hul pryse ooreenkomstig aangepas en Unilever Suid-Afrika se prysstrategie is gehandhaaf, relatief tot hierdie mededingers.

Voedselverskaffing-oplossings se negatiewe groei is toeskryfbaar aan 'n afname in volumes as gevolg van die impak van die ekonomiese verlansaming op uit-die-huis-etes.

TOTAL SOUTH AFRICA (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 24.9%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R4 338 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: J D ROYERE
	PROFIEL Filiaal van Total (Frankryk). Die besigheid van Total South Africa is die raffinering en bemarking van petroleum en petroleumprodukte in Suid-Afrika. Versprei ook aan aangrensende lande en het 'n 36%-belang in National Petroleum Refiners of S.A. (Edms) Beperk (Natref).
	REMGR0 GENOMINEERDE DIREKTEURE L Crouse, E de la H Hertzog
WEBWERF: www.total.co.za	

Aangesien Total South Africa (Edms) Beperk ("Total") se finansiële jaareinde 31 Desember is, is die maatskappy se resultate vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2009 ingesluit in Remgro se wesensverdiensle. Die herstel in oliepryse het Total se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle vir die tydperk onder oorsig vanaf 'n verlies van R25 miljoen in die vorige jaar na 'n verdiensle van R42 miljoen laat toeneem.

Total het 'n netto wins van R131 miljoen vir 2009 gerapporteer in vergelyking met 'n verlies van R101 miljoen vir 2008. Die herstel van internasionale oliepryse gedurende 2009, nadat dit gedurende 2008 baie wisselvallig was, het herwaardasies van voorraad vir die huidige jaar beperk, in vergelyking met die aansienlike voorraadafskrywings tydens 2008. Die industrie se winsgewendheid het gely onder lae raffineringmarges en oorkapasiteit van raffinaderye wêreldwyd. Die industrie het 'n verhoging van 6.2 sent in die gereguleerde groothandelmarge gedurende Oktober 2009 ontvang, maar dit hou steeds nie tred met inflasie nie.

Total se verkope van hoofbrandstowwe het, ondanks die resessie, met 2.3% vanaf die vorige jaar toegeneem, terwyl kleinhandelverkope met 1.7% toegeneem het. Die stygende tendens is hoofsaaklik

toe te skryf aan laer oliepryse dwarsdeur die jaar, in vergelyking met 2008, terwyl die positiewe impak van die herstel in die Suid-Afrikaanse ekonomie na verwagting in 2010 sigbaar sal wees. Die maatskappy het gedurende die jaar onder oorsig aksieplanne geloods om kostes te verminder, maar het nietemin dieselfde vlakke van investering in gesondheid, veiligheid, omgewing en kwaliteitsaspekte gehandhaaf, veral by depots. Die maatskappy het ook aan die einde van 2009 met 'n herstruktureringproses begin met die doel om kostes te verminder.

Natref, waarin Total 'n 36%-belang het, se bedrywighede was meer betroubaar gedurende die jaar onder oorsig as in 2008. Die raffineringmarges het egter aansienlik afgeneem, met baie lae vlakke gedurende die tweede helfte van die jaar, as gevolg van 'n afname in die vraag na olieprodukte in internasionale markte.

Verlaagde bedryfskapitaalbehoefles as gevolg van laer oliepryse dwarsdeur die jaar, in vergelyking met 2008, het gelei tot 'n afname van R126 miljoen in finansieringskoste.

NAMPAK BEPERK – effektiewe belang: 13.3%

MARKKAPITALISASIE OP 31 MAART 2010: R11 820 MILJOEN	
	GENOTEER OP DIE JSE BEPERK
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: A B MARSHALL
	PROFIEL Nampak is die grootste en mees gediversifiseerde verpakingsvervaardiger in Afrika met bedrywighede in die Verenigde Koninkryk en Europa. Dit produseer verpakingsprodukte van metaal, papier, plastiek en glas en is die grootste vervaardiger en verspreider van "tissue"-produkte in Suid-Afrika.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEUR M H Visser
	WEBWERF: www.nampak.co.za

Nampak Beperk ("Nampak") het 'n September-jaareinde. Nampak se bydrae van R73 miljoen (2009: R105 miljoen) tot Remgro se wesensverdienste het betrekking op sy resultate vir die twaalf maande tot 31 Maart 2010.

Vir die ses maande geëindig 31 Maart 2010 het Nampak gerapporteer dat omset met 7% tot R9 434 miljoen (2009: R10 091 miljoen) afgeneem het as gevolg van laer verkoopsvolumes in Suid-Afrika en die uitwerking van 'n sterker rand op omgerekende

omset vanaf Europa en die res van Afrika. Teen 'n konstante wisselkoers was omset op dieselfde vlak as die ooreenstemmende tydperk.

Nampak se wesensverdienste vir die tussen-tydperk het met 17% toegeneem tot R458 miljoen (2009: R392 miljoen). Die toename was hoofsaaklik as gevolg van 'n afname in finansieringskoste en verbetering in die papierbesighede van beide Suid-Afrika en Europa, wat bygedra het tot verbetering in bedryfsmarge.

TSB SUGAR HOLDINGS (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 100.0%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R2 506 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: J DU PLESSIS
	PROFIEL Tsb Sugar is betrokke by die suikerrietbedryf en die produksie, vervoer en bemarking van suiker, asook veevoer. Sitrus word ook op plase van die groep verbou.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE J W Dreyer, C M van den Heever, T van Wyk
	WEBWERF: www.tsb.co.za

Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk ("Tsb Sugar") is hoofsaaklik betrokke by die verbouing van suikerriet en die produksie, vervoer en bemarking van geraffineerde suiker, bruinsuiker, veevoer en sitrus. Bedrywighede vind hoofsaaklik in die Nkomazi-streek van die Mpumalanga Laeveld en in die Pongola-streek in noordelike KwaZulu-Natal plaas. Suikerprodukte word bemark onder die gevestigde Selati-handelsmerk, wat markleierskap in sy teikenmarkte (Gauteng, Mpumalanga, Noordwes en Limpopo) geniet, terwyl markaandeel in die ander geografiese markte groei. Tsb Sugar het 'n 27.4%-belang in Royal Swaziland Sugar Corporation Limited wat twee suikermeulens in Swaziland besit en bedryf. Tsb Sugar het ook 'n effektiewe belang van 63.7% in Mananga Sugar Packers – 'n suikerverpakkings- en bemarkingsmaatskappy gesetel in Swaziland, wat suiker onder die *First and other* handelsmerke verpak en in Swaziland en Suid-Afrika bemark.

Die wesensverdienste het met 21% tot R227 miljoen (2009: R188 miljoen) toegeneem ondanks die huidige globale ekonomiese situasie en kostestygings regdeur die waardeketting. Omset het vanweë 'n toename in volumes en pryse, met 11% tot R4 149 miljoen (2009: R3 732 miljoen) toegeneem. Suiker, sitrus en veevoer maak onderskeidelik 84%, 5% en 8% van omset uit (2009: 82%, 6% en 8%). Ingesluit in die huidige jaar se wesensverdienste is 'n bykomende billike waarde aanpassing van R34 miljoen as gevolg van 'n verandering in die waardasie-metodologie van biologiese landboubaates (suikerriet, sitrus en piesangs).

Die Suid-Afrikaanse suikerbedryf se totale suikerproduksie het in 2009/2010 met 3.6% gedaal. Tsb

Sugar se rusuikerproduksie het egter met 8.2% toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die suikerproduksie by die Pongola meule wat gedurende die jaar verkry is. Gedurende die jaar onder oorsig het die Komati meule die meeste suiker van al die meulens in die suikerbedryf geproduseer, met die Malelane meule in die derde plek.

Die verkryging van die Pongola meule gedurende die jaar het tot die verhoogde suikerproduksie bygedra. Tsb Sugar se suikermeulens het 4.535 miljoen ton suikerriet (2009: 4.093 miljoen ton) gedurende die seisoen verwerk, met 'n produksie van 550 016 ton rusuiker (2009: 508 473 ton). Die riet-tot-suiker-verhouding van 8.04 vergelyk gunstig met die Suid-Afrikaanse bedryfsgemiddelde van 8.53, wat op goeie produksiedoeltreffendheid by al drie meulens dui. Tsb Sugar bedryf 'n raffinadery by die Malelane Meulekompleks, asook by die Pongola meule en rusuiker wat van die maatskappy se suikermeulens ontvang word, word vir beide die binnelandse en uitvoermark geraffineer. Die raffinaderye het 417 403 ton (2009: 342 489 ton) geraffineerde suiker gedurende die jaar geproduseer.

Tsb Sugar se veevoerbedrywighede, Molatek, vervaardig 'n verskeidenheid veevoerprodukte. Die hoofgrondstowwe (molasse en bagasse) wat in die produksieproses gebruik word, is byprodukte van suikerproduksie. Molatek het 'n uitstekende jaar beleef en het daarin geslaag om produksie met 19.1% teenoor die vorige jaar te verhoog.

Tsb Sugar belê ook in sitrus deur sy 51%-belang in Golden Frontiers Citrus ("GFC"). GFC besit drie sitrusplase waar pomelo's en lemoene vir die

NYWERHEIDSBELANGE

uitvoeremark verbou, geoes en verpak word. Sitrusbemarking word deur Komati Fruits, 'n vennootskap tussen verskeie sitrusprodusente, onderneem. GFC het 71 520 ton pomelo's en lemoene geoes in die vorige seisoen. Die persentasie uitvoere het tot 58% (2009: 70%) van produksie gedaal, hoofsaaklik as gevolg van negatiewe marktoestande in teikenmarkte. GFC huur ook 'n sitrusplaas van, en bestuur die verbouing van piesangs op plase van, nuutgestigte trusts van grondeisers.

Die afhandeling van die grondeise wat op Tsb Sugar se plase geregistreer is, het aanvanklik goed gevorder met die Tenbosch-grondeise wat reeds gedurende 2008 afgehandel is. Gesamentlike bestuursondernemings wat gestig is na die oordrag van grond, het produksie en finansiële verwagtinge oortref. Die grondhervormingsproses het egter verlengsaam as gevolg van die regering se finansiële beperkinge en Tsb Sugar kon nie daarin slaag om die beplande grondhervorming gedurende die jaar onder oorsig af te handel nie.

AIR PRODUCTS SOUTH AFRICA (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 50.0%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R3 504 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: M HELLYAR
	PROFIEL Air Products SA produseer suurstof, stikstof, argon, waterstof en koolstofdiksied vir verkoop in gasvorm deur middel van pypleidings, ingevolge langtermynkontrakte aan groot industriële gebruikers, asook die verkoop en verspreiding van industriële gasse en chemikalieë, saam met die toepaslike toerusting, aan die algemene handelsmark. Die ander 50% van die gewone aandele word gehou deur Air Products and Chemicals Incorporated, 'n VSA-maatskappy.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE J W Dreyer, T van Wyk, N J Williams
WEBWERF: www.airproducts.co.za	


Air Products South Africa (Edms) Beperk ("Air Products") het 'n September-jaareinde. Vir die twaalf maande geëindig 31 Maart 2010 het Air Products se omset gegroei met 9.0% (2009: 13.1%) van R1 139 miljoen tot R1 241 miljoen. Remgro se aandeel in Air Products se wesensverdienste het toegeneem met 12.7% (2009: 8.3%) van R102 miljoen tot R115 miljoen.

Air Products is die grootste vervaardiger van industriële gasse in Suidelike Afrika. Air Products is ook 'n invoerder en verspreider van 'n verskeidenheid spesialiteitsgasse en chemiese produkte wat gelewer word aan 'n wye reeks industrieë wat insluit staal, chemikalieë, olieraffinerings, hulpbronminerale, glas, pulp en papier, voedselverpakking asook algemene vervaardiging, fabriekswese en sweiswerke.

Die maatskappy bedryf 'n aantal groot aanlegte in Suidelike Afrika wat koste-effektiewe gasverskaffingsgeriewe bied aan groot maatskappye via pyplyne of grootmaat vloeibare gasse wat per pad afgelewer word deur tenkwaens. 'n Aantal kleiner kliënte word voorsien van 'n verskeidenheid produkte in silinders of minitenkwaens. Verskeie kliënte word bygestaan in die gebruik van hierdie produkte deur innoverende tegnologieë wat deur Air Products verskaf word.

Moeilike handelstoestande het tydens die tydperk onder oorsig voortgeduur, met volumes wat in baie van die industrieë onder druk gebly het, maar dit het oor die algemeen gestabiliseer of effens verbeter teen die einde van die tydperk. Inisiatiewe gemik op kostebesparings en produktiwiteit het die impak van laer volumes teengewerk en tot beskeie groei in verdienste gelei het.

KAGISO TRUST INVESTMENTS (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 42.5%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R3 369 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: K MATSEKE
	PROFIEL Kagiso Trust Investments ("Kagiso") is 'n gevestigde swart ekonomies beheerde maatskappy met 'n fokus op beleggingsbankdienste, media- en strategiese beleggings. Kagiso beskik oor 'n beleggingsportefeulje en -strategie wat aanvullend is tot dié van Remgro. Kagiso se belangrike beleggings sluit in Kagiso Media Beperk en Metropolitan Holdings Beperk.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE J W Dreyer, T van Wyk, M H Visser
	WEBWERF: www.kagiso.com

Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk ("KTI") is 'n swart ekonomies beheerde beleggingshouermaatskappy. Sy beleggings is oorwegend in die finansiële dienste-, media- en die mynwesesektor. Sy twee grootste beleggings volgens waarde is sy belange in Metropolitan Holdings Beperk en Kagiso Media Beperk.

Aangesien KTI se finansiële jaareinde 30 Junie is, word die maatskappy se resultate vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2009 in Remgro se wesensverdienste ingesluit.

KTI het wesensverdienste van R301 miljoen vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2009 gerapporteer teenoor 'n wesensverlies van R332 miljoen in die vergelykende tydperk. Die

resultate van die vorige jaar sluit 'n ongunstige billike waarde aanpassing op die omskakelingsregte verbonde aan die hou van die Metropolitan Holdings Beperk omskepbare voorkeuraandele in, asook billike waarde verliese toeskryfbaar aan die aansienlike daling in die platinumprys. Sekere van die Metropolitan-voorkeuraandele is gedurende die tweede helfte van die jaar onder oorsig in gewone aandele omgeskakel, terwyl die billike waarde aanpassing op die oorblywende voorkeuraandele (R85 miljoen) en die herstel van die platinumprys ook 'n positiewe impak op verdienste gehad het.

Met ingang van 1 Junie 2009 het Kagiso Media Beperk 'n filiaal van KTI geword. Voor hierdie datum is die belegging as 'n geassosieerde maatskappy verantwoord.

WISPECO HOLDINGS BEPERK – effektiewe belang: 100.0%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R381 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	BESTUURENDE DIREKTEUR: H ROLFES
	PROFIEL Wispeco se hoofbesigheid is die vervaardiging en verspreiding van geëkstrueerde aluminiumprodukte vir gebruik in die geboue-, ingenieurs- en duursamegoedere-sektore.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE J W Dreyer, C M van den Heever, T van Wyk
	WEBWERF: www.wispeco.co.za

Vir die twaalf maande onder oorsig het Wispeco Holdings Beperk ("Wispeco") se wesensverdiens, wat ingesluit is in Remgro se resultate, tot R63 miljoen (2009: R30 miljoen) toegeneem, ten spyte van 'n afname in omset van 18% vir dieselfde tydperk.

Die negatiewe impak van 'n vermindering in jaarlikse verkoopsvolumes as gevolg van die wêreldwye ekonomiese insinking en 'n laer gemiddelde verkoopprijs vir die jaar is meer as vergoed deur die positiewe impak van verhoogde bedryfsmarges wat toeskryfbaar is aan herstrukturering- en effektiwiteitsverbeteringe in groot bedryfsafdelings. Die verdienste van die huidige jaar sluit in 'n positiewe voorraadherwaardasie van R9 miljoen teenoor 'n afwaartse voorraadwaardasie van R39 miljoen gedurende die vorige jaar.

Die plaaslike mark vir Wispeco se produkte het onder druk gebly vir die grootste deel van die jaar met slegs

enkele tekens van oplewing gedurende die eerste kwartaal van 2010. 'n Voortgesette herstel in die mark sal na verwagting geleidelik wees en grootliks aan die groei van die Suid-Afrikaanse ekonomie gekoppel wees.

Streng prysmededinging het voortgeduur as gevolg van oorskot plaaslike kapasiteit en hernieude groei in invoere. Teen die agtergrond van moeilike handelstoestande het Wispeco die besigheid van Sheerline verkry en sodoende sy plaaslike distribusienetwerk vir argitektoniese aluminiumprodukte uitgebrei. Die Sheerline-besigheid bestaan uit nege distribusieafsetpunte landwyd en vul Wispeco se huidige netwerk aan. Wispeco het voortgegaan om die ontwikkeling van tegniese vaardighede in die industrie te bevorder deur middel van sy verskeidenheid opleidingsinisiatiewe.

PGSI BEPERK – effektiewe belang: 28.7%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R1 279 MILJOEN	
 PGSI Limited	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: S JENNINGS
	PROFIEL PGSI hou 'n belang van 100% in PG Group. PG Group is Suid-Afrika se leier in die geïntegreerde plaatglasbedryf wat hoë kwaliteit motor- en konstruksieglasprodukte vervaardig, versprei en installeer.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE M H Visser, J du Toit (Plaasvervanger)
WEBWERF: www.pggroup.co.za	

Aangesien PGSI Beperk ("PGSI") se finansiële jaareinde 31 Desember is, is die maatskappy se resultate vir die twaalf maande geëindig 31 Desember 2009 ingesluit in Remgro se wesensverdiensle. PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle vir die tydperk onder oorsig was R1 miljoen (2008: R40 miljoen).

PGSI, deur sy volfiliaal PG Group (Edms) Beperk, is die grootste vervaardiger van plaatglas in Afrika. Produkte word gelewer aan industrieë soos konstruksie, residensiële verbeteringe, meubels, sonkrag, nuwevoertuig-vervaardiging, motorglasvervanging en spoorweë. Die groep is ook 'n wesentlike uitvoerder van konstruksie- en motorglas-klaarprodukte na die res van Afrika, Europa, die VSA en meer onlangs ook na Indië.

Vir die jaar geëindig 31 Desember 2009 het PGSI se omset met 3% afgeneem en sy wesensverdiensle het tot R6 miljoen afgeneem vanaf R174 miljoen in 2008.

Die resultate van PG Group is negatief beïnvloed deur twee vername faktore. Die ernstige wêreldwye en plaaslike resessie het 'n wesentlike uitwerking op die motor- en boubedryf gehad. Vervaardiging van nuwe motors in Suid-Afrika het met 31% afgeneem en alle sektore in die boubedryf was in 'n ernstige afswaai. Die aggressiewe prysbeleid van die plaaslike voertuigmonteringsaanlegte het ook die verhoging van marges verhoed, wat vererger is deur die lae produksievolumes van voertuie. Die versterking van die rand gedurende die tweede helfte van die jaar het die bydrae van uitvoere nadelig beïnvloed.

Die ander vername faktor wat resultate beïnvloed het, is die kapitaaluitbreiding aan een van die

groep se twee hoof dryfglas-vervaardigingslyne. R680 miljoen is in hierdie program geïnvesteer en die vervaardigingslyn was vir 23 weke buite werking, wat tot die onderverhoging van vaste koste gelei het. Die groep het egter nou 'n goeie belegging in toerusting en die vier jaar lange herkapitalisasieprogram is afgesluit met die voltooiing van die dryfglasaanleg-uitbreidings gedurende September 2009. Hierdie program is aanvanklik slegs deur skuld gefinansier, maar gedurende die jaar het PGSI R300 miljoen in die vorm van aandeelhouerlenings aan PG Group bygedra, wat deur 'n regte-uitgifte en uitgifte van voorkeuraandele vanaf PGSI se aandeelhouers gedurende die eerste helfte van 2009 verkry is. Hierdie fondse het PG Group se tekorte in bedryfskontantvloei gedek en gehelp met die nakoming van kapitaalinvesteringsverpligtinge. Die PG Group besit nou twee wêreldklas dryfglas-aanlegte met beduidende kapasiteit.


Netto finansieringskoste ten opsigte van eksterne skuld van R176 miljoen (2008: R149 miljoen) het toegeneem vanaf die vorige jaar aangesien die kapitaalinvesteringsprogram grootliks deur skuld gefinansier is.

Die herstel in die plaaslike en wêreldwye ekonomie sal na verwagting stadige maar volgehoue groei oor die volgende twee jaar lewer. Die sterk rand en geadministreerde prysverhogings (soos verhogings in koste van elektrisiteit) sal egter verdere strategieë vir kosteverminderinge noodsaak en 'n demper plaas op groeiverwagtinge. Die groep sal in die plaaslike en uitvoermarkte op groeistrategieë fokus om die nuut geïnstalleerde kapasiteit te benut.

NYWERHEIDSBELANGE

ANDER NYWERHEIDSBELANGE

CAXTON CTP BEPERK – effektiewe belang: 1.7%

	<p>PROFIEL</p> <p>Caxton is een van die grootste uitgewers en drukkers van boeke, tydskrifte, koerante en kommersiële drukwerk in Suid-Afrika.</p>
	<p>WEBWERF: www.caxton.co.za</p>

DORBYL BEPERK – effektiewe belang: 41.4%

	<p>PROFIEL</p> <p>Dorbyl is 'n nywerheidsgroep in die voertuigingenieursweseveld. Die maatskappy spesialiseer in die vervaardiging en montering van 'n uiteenlopende reeks voertuig-komponente.</p>
	<p>WEBWERF: www.dorbyl.co.za</p>

GEMS II EN III – effektiewe belang: 5% en 8.1%

	<p>PROFIEL</p> <p>GEMS, wat in Hongkong gesetel is, is 'n privaatekwiteitsfonds-bestuursgroep wat beleggings in die Asië-Stille Oseaanstreek maak.</p>
	<p>WEBWERF: www.gems.com.hk</p>

INVENFIN (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 100%

	<p>PROFIEL</p> <p>InVenFin fokus op kleiner vroeëfase-beleggings.</p>
	<p>WEBWERF: www.invenfin.co.za</p>

KAGISO INFRASTRUCTURE EMPOWERMENT FUND – effektiewe belang: 45.4%

	<p>PROFIEL</p> <p>KIEF is 'n fonds wat daarna streef om te belê in infrastruktuurprojekte, insluitende paaie, lughawens, elektrisiteits- en telekommunikasie-installasies, spoorwegstelsels, hawens, water- en maatskaplike infrastruktuur.</p>
	<p>WEBWERF: www.kagiso.com</p>

VHF TECHNOLOGIES SA – effektiewe belang: 15.6%

	<p>PROFIEL</p> <p>VHF Technologies SA, wat in Switzerland gesetel is, ontwikkel en vervaardig buigbare dunfilm-sonkragselle op plastiese substratum.</p>
	<p>WEBWERF: www.flexcell.com</p>

BELEGGINGSOORSIG
MEDIABELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	2010 R miljoen	2009 R miljoen
Sabido	11	–
MARC	5	–
One Digital Media	1	–
	17	–

SABIDO INVESTMENTS (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 31.6%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R3 853 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: M GOLDING
	PROFIEL Sabido het 'n reeks mediabelange waarvan e.tv die belangrikste is. e.tv is die enigste onafhanklike gratis-kyk-televisie-uitsaaier in Suid-Afrika.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE H J Carse, J Malherbe
	WEBWERF: www.etv.co.za

Remgro het met ingang van 23 November 2009 'n belang van 32% in Sabido Investments (Edms) Beperk ("Sabido") bekom deur die verkryging van VenFin Beperk. Sabido het 'n 31 Maart-jaareinde en Remgro het Sabido se verdienste vir drie maande tot Maart 2010 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Sabido het 'n wins van R11 miljoen tot Remgro se wesensverdiens- bygedra. Voor die amortisasie van ontasbare bates, was Sabido se wesensverdiensbydrae R13 miljoen. Die amortisasie van ontasbare bates is weens die toepassing van *IFRS 3: Besigheidsamevoegings*, waartydens ontasbare bates met die aankoop van Sabido geïdentifiseer is en nou oor die nuttige lewensduur daarvan geamortiseer word.

Sabido het 'n reeks mediabelange. Die belangrikste hiervan is e.tv, Suid-Afrika se enigste onafhanklike gratis-kyk-televisie-uitsaaier, en sy nuusdienssuster-uitsaaier, die eNews-kanaal.

e.tv het sy posisie gehandhaaf as die grootste Engelstalige televisiekanaal in Suid-Afrika en die tweede mees gekykte kanaal in die algemeen. e.tv se marktaandeel van swart middelklas-kykers het verder gegroei. Die onlangse groei in betaal-televisie-kykertalle weens goedkoper pakkette wat in die mark bekendgestel is, sal egter 'n uitwerking

op e.tv se marktaandeel onder hoër-middelinkomste swart kykers hê.

Programkoste het stabiel gebly. Televisie-reklamebesteding het verder gegroei, hoewel teen 'n laer koers as die vorige jaar. e.tv is steeds aktief betrokke by beleidsformulering vir die inwerkingstelling van digitaal-terrestriale televisie (DTT) in Suid-Afrika. Verdragings in die loodsing van DTT het egter 'n uitwerking op gehore vir terrestriale televisie omdat meer kykers hulle na betaaldienste wend ten einde toegang tot multikanaal-televisie te kry.

e.tv het in die loop van die afgelope jaar 'n Pan-Afrika-gesindikeerde diens, e.tv Africa, geloods. Dit is tans beskikbaar in twaalf Afrika-lande, insluitende Nigerië, Ghana, Kenia en Zimbabwe.

Die eNews-kanaal (wat deur e.sat.tv besit word) het sy posisie behou as markleier in Suid-Afrikaanse nuuskanale. Sy intekenarebasis is stewig en die kanaal het voordeel getrek uit die beduidende groei in betaaltelevisie-intekenare die afgelope jaar.

Sabido se visie is om e.tv se markposisie as hefboom te gebruik en 'n inhoud-en-distribusie-onderneming te bou met 'n Pan-Afrika-fokus.

MARC GROUP BEPERK – effektiewe belang: 33.7% (voorheen SAIL)

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R272 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: S DE VILLIERS
	PROFIEL MARC is 'n beleggingsmaatskappy in die sport- en vermaaklikheidsbedryf in Suid-Afrika. MARC het ook beleggings in sporthandelsname en spesialiseer in die skep, verkryging en kommersialisering van sport-handelsmerkte.
	REMGR0 GENOMINEERDE DIREKTEURE P J Liddiard, N J Williams
WEBWERF: www.sail.co.za	

SAIL Group se handelsnaam het verander na MARC Group Beperk ("MARC") ten einde die groep van maatskappye in die toekoms beter in die bedryf te posisioneer. MARC is 'n beleggingsmaatskappy in die sport- en vermaaklikheidsbedryf in Afrika. MARC bestaan uit drie bedryfsmaatskappye wat fokus op bemaking en regtekommersialisering binne die sport- en vermaaklikheidsbedryf, asook sekere strategiese gesamentlike ondernemings en beleggings in sporthandelsmerke.

Trinergy Brand Connectors, voorheen SAIL Sport and Entertainment, is 'n handelsmerkverbindings-agentskap wat deelnemende bemaking gebruik om werklike bande tussen handelsmerke en kliënte te bou. SAIL, bestaande uit die vorige bedryfsmaatskappye Navitute en CIRCA spesialiseer in die skepping, verkryging en kommersialisering van regte binne die bedryf. EXP Group, 'n geleentheid-bemarkingsmaatskappy, het 'n wye teenwoordigheid in Afrika en bedien kliëntebehoefte in 19 Afrika-lande vanuit 21 kantore oor die vasteland heen.

MARC se verskillende gesamentlike ondernemings (GO's) en beleggings sluit onder andere 'n 50%-GO in die bestuur en gebruiksverhuring van die Groenpuntstadion in Kaapstad in, sowel as 'n 50%-GO wat die eksklusiewe regte in Afrika suid van die Sahara besit om korporatiewe gasvryheidsuites vir die 2010 FIFA

Wêreldbeker-toernooi te verkoop, asook beleggings in drie Suid-Afrikaanse rugbyhandelsmerke, waarvan die Blou Bulle (50%) en die Westelike Provinsie (24.9%) die belangrikste is.

Op die kort termyn bied die 2010 FIFA Wêreldbeker-toernooi geweldige stimulus aan die bedryf en MARC is goed geposisioneer om voordeel te trek uit die sakegeleentheid wat hulle in die aanloop tot die toernooi sal voordoën.

Op die medium termyn het MARC 'n hele reeks vooruitsigte in stadionbestuur, die ontwikkeling en bestuur van toekomstige geleentheid en ander bestuursaktiwiteite ontwikkel regoor Afrika.

Met die verkryging van VenFin het Remgro ook 'n rentedraende omskepbare voorkeuraandeel bekom wat Remgro se belang in MARC tot 49% op 'n ten volle verwaterde grondslag kan verhoog. Die reg op omskepping geld vanaf 1 Julie 2010.

Remgro het met ingang van 23 November 2009 'n belang van 34% in MARC bekom deur die verkryging van VenFin Beperk. Aangesien MARC 'n 31 Desember-jaareinde het, is geen verdienste ingesluit in Remgro se wesensverdiens vir die huidige finansiële jaar nie.


MEDIABELANGE

ANDER MEDIABELANGE

ONE DIGITAL MEDIA (PTY) LIMITED – effektiewe belang: 49.1%

	<p>PROFIEL</p> <p>ODM is 'n voorste digitalemedia-netwerkverskaffer aan handelsmerkeienaars en die kleinhandel en stel hulle in staat om dinamiese inhoud na veelvoudige omgewings of individuele LCD-skerm te versend.</p> <hr/> <p>WEBWERF: www.onedigitalmedia.com</p>
---	--

PREMIER TEAM HOLDINGS BEPERK – effektiewe belang: 50%

<p>Premier Team Holdings Ltd</p> 	<p>PROFIEL</p> <p>Premier Team Holdings is 'n sport- en ontspanningsgroep wat in die Verenigde Koninkryk gesetel is.</p> <hr/> <p>WEBWERF: www.mbnpromotions.co.uk</p>
---	---

BELEGGINGSOORSIG
MYNBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	2010 R miljoen	2009 R miljoen
Implats	85	346
Trans Hex	11	(182)
	96	164


IMPLATS BEPERK – effektiewe belang: 4.4%

MARKKAPITALISASIE OP 31 MAART 2010: R135 158 MILJOEN	
	GENOTEER OP DIE JSE BEPERK
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: D H BROWN
	PROFIEL Implats is 'n ten volle geïntegreerde mynbou- en metallurgiese organisasie, wat suiwer platinumgroep-metale internasionaal bemark en is een van die wêreld se grootste platinumherwinners.
	WEBWERF: www.implats.co.za

Remgro se belang in Implats is 4.4% en slegs inkomste van R85 miljoen (2009: R346 miljoen) het dividendinkomste word verantwoord. Dividend- jaar op jaar met 75% afgeneem.

ANDER MYNBELANGE

KALAHARI ENERGY BEPERK BVI – effektiewe belang: 9.8%

	PROFIEL Kalahari Energy het lisensies vir steenkoollaagmetaanontginning in Botswana.
	WEBWERF: www.kalaharigas.com

TRANS HEX GROEP BEPERK – effektiewe belang: 28.6%

MARKKAPITALISASIE OP 31 MAART 2010: R372 MILJOEN	
	GENOTEER OP DIE JSE BEPERK
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: L DELPORT
	PROFIEL Eksplorاسie vir, en myn en bemarking van, land- en mariene diamante.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE J W Dreyer, E de la H Hertzog, T van Wyk
WEBWERF: www.transhex.co.za	

BELEGGINGSOORSIG
TEGNOLOGIEBELANGE

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	2010 R miljoen	2009 R miljoen
CIV groep	7	–
Britehouse	6	–
	13	–

CIV GROEP – effektiewe belang: 35.6%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R1 704 MILJOEN	
<p style="text-align: center;">CIV FNS</p> <p style="text-align: center;">CIE TELECOMMS</p> <p style="text-align: center;">CIV POWER</p> <p style="text-align: center;">CENTRAL LAKE</p>	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTE: N VENTER
	<p>PROFIEL</p> <p>CIV Fibre Network Solutions (CIV FNS) het beleggings wat die groep in staat stel om infrastruktuur vir die verskaffing van dienste soos optiesevesel-netwerke te bou, te besit, in stand te hou en te moniteer.</p> <p>CIE Telecommunications verskaf en installeer spesialis-produkte en -komponente sowel as stelsels aan die telekommunikasiebedryf.</p> <p>CIV Power voorsien beskermingsprodukte teen weerlig- en kragstuwing sowel as elektrisiteitsdiensgehalte-produkte.</p> <p>Central Lake is 'n beleggingshouermaatskappy met belange in CIV FNS, CIE Telecommunications en CIV Power.</p>
	<p>REMGRU GENOMINEERDE DIREKTEURE</p> <p>L Crouse, P J Liddiard</p>
	WEBWERF: www.civ.co.za

COMMUNITY INVESTMENT VENTURE HOLDINGS (EDMS) BEPERK ("CIV")

Remgro het 'n belang van 30% in elkeen van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk ("CIV FNS"), CIE Telecommunications (Edms) Beperk ("CIE Telecom") en CIV Power (Edms) Beperk ("CIV Power") sowel as 'n belang van 18.8% in Central Lake Trading 77 (Edms) Beperk ("Central Lake"). Central Lake hou ook beduidende beleggings in die bogenoemde drie maatskappye, wat in effek Remgro se belang tot 35.6% verhoog. Bogenoemde beleggings is gesamentlik bekend as die CIV groep en is bekom as deel van die VenFin-verkryging op 23 November 2009.

Die CIV groep het 'n Maart-jaareinde en Remgro het sy verdienste vir drie maande tot Maart 2010 geëkwiteer. Die CIV groep het R7 miljoen tot Remgro se wesensverdiensde bygedra.

CIV is bedrywig in die elektrisiteits-, telekommunikasie- en die inligtingstechnologie-sektor. CIV FNS vervaardig en besit veselooptiese netwerke deur sy filiaal Dark Fibre Africa (Edms) Beperk ("DFA"). CIE Telecom is 'n invoerder en verspreider van vesel en spesialiseer in netwerkbestuur. CIE Power spesialiseer in die bekabeling van kragstasies. Die groep se toekomstige groei is in DFA gesetel.


DFA het veselooptiese netwerke in Johannesburg, Kaapstad, Durban, Midrand, Centurion en Pretoria.

Die Johannesburg-ring word beskou as een van die belangrikste kommunikasieringe in Afrika. Tot dusver is 'n totale lengte van 1 200 km in die vernaamste metropolitaanse gebiede voltooi. DFA is ook besig met die uitrol van langafstandroetes, waarvan die eerste voltooide projek dié van die Durbanse metropool tot by die SEACOM-landingstasie in Mtunzini is. Hierdie roete word tans tot in Gauteng verleng. In 2010 het DFA begin met die vesel-tot-toring-projek wat selfoonoperateurs se basisstasies aan die kern-kommunikasieringe sal verbind.

DFA het geslaag in sy vernaamste doelwit, naamlik om aanvanklike kliënte te verseker. Pogings om bykomende segmente van die reeds geïnstalleerde ringe te verkoop duur in alle erns voort. Teen einde Maart 2010 het DFA 23 bruikhuurooreenkomste met kliënte onderteken en sodoende 'n annuïteitinkomstegenererende besigheid gevestig.

In die loop van die volgende finansiële jaar wil die maatskappy sy teenwoordigheid in die Suid-Afrikaanse telekommunikasiemark uitbou deur sy infrastruktuurvoetspoor te verdubbel en verkoops- en bemarkingsaktiwiteite uit te brei. Die toename in die aantal lisensies wat die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika vir elektroniese kommunikasienetwerkdienste uitgereik het, het die potensiële mark vir DFA se dienste uitgebrei.

SEACOM CAPITAL LIMITED – effektiewe belang: 25.0%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R4 478 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: B HERLIHY
	PROFIEL SEACOM verskaf hoëkapasiteit internasionale optiesevesel-bandwydte aan Suider- en Oos-Afrika.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE H J Carse, G J Roberts-Baxter, N J Williams (Plaasvervanger)
	WEBWERF: www.seacom.mu

Remgro het met ingang van 23 November 2009 'n belang van 25% in SEACOM Capital Limited ("SEACOM") bekom deur die verkryging van VenFin Beperk. Aangesien die maatskappy se jaareinde op 31 Desember is, is geen verdienste ingesluit in Remgro se wesensverdienste vir die huidige finansiële jaar nie.

SEACOM het op 23 Julie 2009 die eerste ondersese veseloopiese kabel met teragreep-kapasiteit geloods ten einde suidelike en oostelike Afrika met Europa en Asië te verbind. SEACOM voorsien internasionale hoëkapasiteit veseloopiese bandwydte aan suidelike en oostelike Afrika. Die kabel verbind Suid-Afrika, Mosambiek, Tanzanië, Kenia en Djibouti en sluit aan by die res van die wêreld via landingspunte in Frankryk (en van daar na Londen) en Indië. Landomringde lande soos Uganda, Rwanda en Ethiopië is deur middel van landgebaseerde truverbinding ingeskakel.

SEACOM se voerpunttegnologie-kabel strek oor 16 000 km en, met 'n kapasiteit van 1.28 teragrepe per sekonde, sal dit die Afrika-lande wat honger vir bandwydte is, in staat stel om ware breëband-internet, eweknie-netwerke en hoëdefinisie-televisie te geniet. Sy hoëvolume- en -laekoste-sakemodel stel SEACOM in staat om hoë bandwydtekapasiteit teen pryse wat

beduidend laer is as huidige satellietaanbiedinge te bied. Hierdie verhoogde bandwydte behoort die inligtings- en kommunikasietegnologie-verwante diensbedrywe soos gekontrakteerde oproepsentrums, gekontrakteerde besigheidsprosessering en navorsingsentrums regoor Afrika te stimuleer. Die nuwe bandwydte wat deur die SEACOM-kabelstelsel beskikbaar gestel word, sal verbindingskoste beduidend verlaag.

In pas met die projek se vordering is verskeie personeellede aangestel om die SEACOM-kabel ten volle in bedryf te stel. Die kabel het reeds 'n geweldige ekonomiese en maatskaplike uitwerking gehad. Binne die eerste ses maande in bedryf het internasionale bandwydtegebruik (hoofsaaklik weens internettoegang) met meer as 1 000% toegeneem in Mosambiek, Tanzanië, en Uganda en met meer as 2 500% in Kenia.

Vooruit beskou sal die fokus bly op die voltooiing van die projek se uitstaande ontwikkeling en konstruksie. Die gekontrakteerde landgebaseerde truverbinding met landomringde lande sal afgehandel word en ander landomringde lande sal aan SEACOM se ondersese kabelstelsel verbind word. Dit sal gepaard gaan met die verkoop van bandwydte aan SEACOM-kliënte.

TRACKER NETWORK (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 31.0%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R2 939 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTTE: D A HUTCHESON
	PROFIEL Tracker se kernbesigheid is die verkoop en installering van voertuignaspoor-stelsels vir die herwinning van gesteelde voertuie in Suid-Afrika.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE J J Durand, C M van den Heever
	WEBWERF: www.tracker.co.za

Remgro het met ingang van 23 November 2009 'n belang van 31% in Tracker Network (Edms) Beperk ("Tracker") bekom deur die verkryging van VenFin Beperk. Aangesien die maatskappy se jaareinde op 30 Junie is, is geen verdienste ingesluit in Remgro se wesenverdiensle vir die huidige finansiële jaar nie.

As 'n toonaangewende rolspeler in die Suid-Afrikaanse gesteeldevoertuig-herwinningsbedryf het Tracker 'n sterk maandelikse intekenaargebaseerde inkomstestroom. Die maatskappy se kernbesigheid is die verkoop en installering van voertuignaspoorstelsels vir die opsporing en herwinning van gesteelde voertuie. Tracker het 'n hoogs suksesvolle kontraktuele vennootskap met die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) ingevolge waarvan Tracker se tegnologie gebruik word om gesteelde voertuie oor Suid-Afrika heen op te spoor en te herwin. Sedert die vennootskap in 1996 gesluit is, is meer as 47 500 gesteelde voertuie herwin, 8 400 verdagtes gearresteer en 320 kapwinkels en diefstalsindikate blootgelê danksy die gebruik van Tracker-tegnologie.

Tracker bied drie produkte in sy reeks, naamlik Tracker Retrieve ('n stelsel vir die herwinning van gesteelde voertuie), Tracker Alert (Retrieve met bykomende vroeë waarskuwing) en Skytrax ('n internetgebaseerde voertuigmoniteringstelsel met intelligenteversekering-integrasie en die vermoë om gesteelde voertuie te help herwin).

Tracker se sakemodel het in die twaalf maande tot Februarie 2010 merkwaardige robuustheid getoon in ag genome wat in dieselfde tydperk met die verkope van nuwe motors gebeur het. Totale voertuigverkope in die tydperk Maart 2009 tot Februarie 2010 was 20% laer as in die ooreenstemmende vorige tydperk, en dié van passasiersvoertuie 16% laer. In dieselfde tydperk het Tracker groei van 11% in omset en 17% in

bedryfswins behaal, te midde van sterk kontantvloei.

Gedurende die jaar tot Februarie 2010 het Tracker 93 164 eenhede geïnstalleer ('n toename van 2% vergeleke met die vorige jaar), terwyl die intekenare-basis tot 597 000 voertuie toegeneem het teen die einde van Februarie 2010. Tracker bereik sy kliënte deur drie bemarkingskanale, naamlik versekering, handelaars en vlooteienaars.

Ná 'n jaar van gesprekke tussen Tracker en Cobra Automotive Technologies SpA ("Cobra"), wat in Italië genoteer is en betrokke is by sekuriteits- en veiligheidsoplossings vir die voertuigbedryf, het die twee partye onlangs die totstandkoming van Cobra Service Network SA aangekondig. Cobra sal 'n 80%-aandeelhouer in die nuwe maatskappy word deur die toevoeging van sy bestaande bates, naamlik 93.54% van Cobra Italia SpA, 100% van Cobra Telematics SA (Switserland) en sy filiale, 100% van Cobra UK Limited, 100% van Cobra Automotive Technologies UK Limited en 50.94% van Cobra France SAS, terwyl Tracker sy 20%-aandeelhouding verkry vir 'n kontant-bydrae van €17.798 miljoen.

Cobra Service Network SA sal die opbrengs uit Tracker se belegging gebruik om verder te ontwikkel tot 'n internasionale verskaffer van ligginggebaseerde sekuriteits- en veiligheidsdienste deur 'n kombinasie van organiese groei en oornames.

Tracker se verdienste kan in die toekoms potensieel verbeter danksy die voortgesette herstel van algehele voertuigverkope vergeleke met die vorige jaar. Daar is ook 'n fokus op nuwe inkomstestrome in waardetoegevoegde dienste sowel as pogings om die mark vir kleiner vlooteienaars te penetreer en geleenthede te ontsluit deur sy aandeelhouding in Cobra Service Network SA in Europa.

TEGNOLOGIEBELANGE

ANDER TEGNOLOGIEBELANGE

BIOMETRIC MEDICAL SOLUTIONS (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 25.0%

	<p>PROFIEL</p> <p>BioMetric is verantwoordelik vir die insameling, outentisering en administrasie van 'n biometriese vingerafdruk-databasisstelsel vir die mediese bedryf ten einde bedrog te bekamp en voorsiening te maak vir waardetoegevoegde dienste wat hieruit kan voortspruit.</p>
---	---

BRITEHOUSE HOLDINGS (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 30.0%

	<p>PROFIEL</p> <p>Britehouse is die houermaatskappy van vier operasionele besighede wat aktief is op die gebied van sakeprogrammatuur-toepassings.</p>
<p>WEBWERF: www.britehouse.co.za</p>	

FUNDAMO (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 26.0%

	<p>PROFIEL</p> <p>Fundamo is 'n toonaangewende verskaffer van programmatuuro oplossings vir mobiele bankdienste en betalings aan ondernemingskliënte.</p>
<p>WEBWERF: www.fundamo.com</p>	

VISIONCHINA MEDIA INC. – effektiewe belang: 5.4%

	<p>PROFIEL</p> <p>VisionChina bedryf 'n buitenshuise advertensienetwerk op massavervoerstelsels, waaronder busse en moltreine in China, deur middel van televisie-uitsendings.</p>
<p>WEBWERF: www.visionchina.cn</p>	

BELEGGINGSOORSIG
ANDER BELEGGINGS

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	2010 R miljoen	2009 R miljoen
Business Partners	12	28
Xiocom*	(79)	(108)
Ander	3	–
	(64)	(80)

* Verkoop gedurende Maart 2010

BUSINESS PARTNERS BEPERK – effektiewe belang: 21.5%

EKWITEITSWAARDASIE OP 31 MAART 2010: R982 MILJOEN	
	ONGENOTEER
	HOOFUITVOERENDE BEAMPTE: N MARTIN
	PROFIEL Business Partners is 'n spesialis beleggingsmaatskappy wat doelgemaakte en geïntegreerde beleggings, mentorskap en eiendomsbestuursdienste aan klein en medium ondernemings in Suid-Afrika beskikbaar stel.
	REMGRO GENOMINEERDE DIREKTEURE J W Dreyer, J P Rupert, T van Wyk
WEBWERF: www.businesspartners.co.za	

Business Partners Beperk (“Business Partners”) is 'n gespesialiseerde beleggingsgroep wat risiko-finansiering, mentorskap en eiendomsbestuursdienste aan klein- en mediumgrootte ondernemings in Suid-Afrika bied.

Wesensverdienste vir die twaalf maande geëindig 31 Maart 2010 het met 40% tot R56 miljoen (2009: R94 miljoen) afgeneem teenoor die vorige jaar. Wesensverdienste toeskryfbaar aan Remgro vir die tydperk was R12 miljoen (2009: R28 miljoen).

Die onlangse ekonomiese resessie se negatiewe impak op klein besighede het voortgeduur, met die gevolg dat hoë slegte skulde en waardedalings Business Partners se wesensverdienste negatief beïnvloed het. Die bedryfsinkomste is verder beïnvloed deur 'n afname in rentekoerse, met 'n gevolglike verlaging in rente-inkomste vanaf die beleggingsportefeulje.

Beleggings ten bedrae van R678 miljoen (2009: R873 miljoen) is gedurende die jaar uitbetaal, 'n afname van 22% in beleggingsaktiwiteite.


ANDER BELEGGINGS

ANDER BELEGGINGS

FRAXION (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 35.1%

	PROFIEL Fraxion ontwikkel en verkoop gevorderde bestedingsbestuur-programmatuur wat maatskappye in staat stel om bestedingsgedrag intyds te beheer, te bestuur en te ontleed.
	WEBWERF: www.fraxion.co.za


FRINGLAND LIMITED – effektiewe belang: 3.7%

	PROFIEL fring, 'n mobiele kommunikasiemaatskappy wat in Israel gesetel is, ontwikkel en bemark 'n mobiele internetdiens wat sy gebruikers in staat stel om met ander fring-gebruikers te gesels.
	WEBWERF: www.fring.com

FYNBOS (EDMS) BEPERK – effektiewe belang: 20.0%

	PROFIEL Fynbos is 'n vroeëfase-, swartbeheerde beleggings-houermaatskappy wat ekwiteitsbeleggings maak met die oog op langtermynkapitaalgroei.
	WEBWERF: www.fynbosmedia.co.za

MILESTONE CAPITAL I EN II – effektiewe belang: 10.5% en 8.1%

	PROFIEL Milestone Capital, gesetel in China, is 'n China-gefokusde privaatekwiteits-beleggingsfirma.
	WEBWERF: www.mcmchina.com

VERITAS – effektiewe belang: 3.7%

	PROFIEL Veritas is Israel se oudste waagkapitaalfonds en belê hoofsaaklik in tegnologie-maatskappye in 'n vroeë ontwikkelings stadium.
	WEBWERF: www.veritasvc.com

BELEGGINGSOORSIG
KORPORATIEWE FINANSIES

BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

	2010 R miljoen	2009 R miljoen
Sentrale tesourie	57	228
Buitelandse valuta-winste	–	50
Netto korporatiewe koste	(101)	(88)

KORPORATIEWE FINANSIES – effektiewe belang: 100.0%

<p>REMGRO FINANSIERINGSKORPORASIE BEPERK, REMGRO BESTUURSDIENSTE BEPERK <i>en</i> REMGRO INTERNATIONAL LIMITED – JERSEY</p>	<p>ONGENOTEERDE MAATSKAPPYE</p> <p>PROFIEL Verantwoordelik vir Remgro se sentrale tesourie-funksie sowel as bestuurs- en ondersteunende dienste.</p>
---	--

Die sentrale tesourie-afdeling se bydrae tot wesensverdienste het van R228 miljoen tot R57 miljoen afgeneem, hoofsaaklik vanweë laer rentekoerse asook laer gemiddelde kontantsaldo's. In 2009 is buitelandse valuta-winste ten bedrae van R50 miljoen gerealiseer met die repatriasie van R&R-dividende.

Die toename in netto korporatiewe koste tot R101 miljoen (2009: R88 miljoen) is hoofsaaklik die gevolg van die insluiting van VenFin se korporatiewe koste.

KORPORATIEWE BESTUUR

KORPORATIEWE BESTUUR

Remgro Beperk (“Remgro”) onderskryf die waardes van, en is ten volle verbind tot, die King II-verslag se Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag (King III vanaf 1 Maart 2010). Die raad is ook ’n voorstander van goeie korporatiewe bestuur by al die ondernemings waarin die maatskappy belê en al die maatskappy se genoteerde filiale en geassosieerde maatskappye onderskryf die Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag waar toepaslik.

Remgro is ’n beleggingshouermaatskappy. Verwysing na “die groep” beteken in hierdie konteks die maatskappy en sy volfiliale. Elke onderneming waarin die maatskappy belê, het sy eie bestuurstruktuur. Effektiewe korporatiewe bestuur vorm deel van die beoordelingskriteria van die groep se beleggingsplan wat verder gemonitor word deur middel van nie-uitvoerende direksie-verteenvoordinging in daardie direksies.

KING III

Die King-verslag oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika (King III) het op 1 Maart 2010 in werking getree. Die noteringsvereistes van die JSE noodsaak alle JSE-genoteerde maatskappye om te voldoen aan die nuwe aanbevelings vervat in King III ten opsigte van finansiële jare wat op of na die effektiewe datum begin. Daar is besluit om King III, asook die beginsel van *geïntegreerde verslaggewing*, vir die Remgro Groep en sy filiale in die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2011 te implementeer, aangesien King III slegs vir een maand van die vorige finansiële jaar in werking was. Die direksie het, via sy bestuurstrukture, ’n bestuurskomitee daargestel om die veranderinge tussen King II en King III te bepaal en toe sien dat die regte protokol gevolg word om te verseker dat nuwe bestuurstandaarde aangeneem en geïmplementeer word.

Die implementeringsproses behels onder andere die volgende:

’n Hersiening van die volgende handveste en mandate om riglyne van King III te verseker, of in die afwesigheid daarvan, redes te verskaf:

- Direksiehandves, insluitende die kernverantwoordelikhede van die voorsitter, hoof- onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en die hoofuitvoerende beampte

- Oudit-en-risikokomitee
- Vergoedings-en-nominasiekomitee
- Beleggingskomitee
- Bestuursraad
- Risiko & IT-bestuurskomitee
- Interne audit

Die volgende beleid word hersien en, waar nodig, bygewerk of geïmplementeer:

- Risikobestuursbeleid
- Inligtingstegnologiebeleid
- Wetlike nakomingsbeleid
- Etiese beleid
- Belanghebbende en kommunikasiebeleid

Die *Geïntegreerde Verslag*, indien verlang, sal onafhanklik deur eksterne konsultante hersien word om te verseker dat die volhoubaarheids- en sosiale verslag, sowel as die finansiële verslag, behoorlik geïntegreer is, sal op die beginsels van die “Global Reporting Initiative (GRI)” gegrond wees.

Rapporteringsvereistes ten opsigte van belanghebbendes sal verseker dat Remgro voortgaan om sy verslaggewing aan die maatstawwe van die Johannesburgse Aandelebeurs se Maatskaplike Verantwoordelikhedsbeleggingsindeks (JSE-SRI) te meet, asook aan belangrike internasionale verantwoordelike beleggingsmaatstawwe.

JAAR ONDER OORSIG

Die “GRI Boundary Protocol” is gebruik as riglyn vir die opstel van hierdie verslag soos hierbo genoem. Openbaarmaking is daarom beperk tot ondernemings waar die groep beheer uitoefen oor finansiële en bedryfsaangeleenthede, tensy daardie ondernemings self die relevante inligting in hul jaarverslae publiseer.

Om sy verantwoordelikheid ten opsigte van risiko-bestuur na te kom, het die groep ’n deurlopende hersieningsprogram vir risikobestuur geïmplementeer en in stand gehou ten einde ’n samehangende benadering in die groep te verseker.

Hieronder volg die vernaamste aspekte van die groep se korporatiewe bestuur:

DIREKSIE-HANDVES

Die direksie het 'n formele handves aanvaar en geïmplementeer om:

- die verantwoordelikhede, funksies en samestelling van die direksie te identifiseer, te omskryf en te boekstaaf, en
- as verwysing te dien vir nuwe direkteure.

Die handves word deur alle direkteure van Remgro onderskryf en is by die geregistreerde adres beskikbaar ter insae.

SAMESTELLING VAN DIREKSIE

Remgro het 'n ten volle funksionele direksie wat die groep lei en beheer. Op 31 Maart 2010 het die direksie uit sewe uitvoerende en twaalf nie-uitvoerende direkteure, waarvan agt onafhanklik is, bestaan.

Die funksies van die voorsitter en die hoofuitvoerende beampte is geskei. Die voorsitter is 'n nie-uitvoerende direkteur, maar is nie onafhanklik nie.

'n Lys van direkteure verskyn op bladsy 8 en 9.

ROL EN VERANTWOORDELIKHEID VAN DIREKSIE

Die direksie is uiteindelik verantwoordelik vir die strategiese rigting, risiko-aptit, prestasie en sake van die maatskappy. In sy rigtinggewende funksie aan die groep verskaf die direksie leierskap, integriteit en oordeel, gegrond op billikheid, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en deursigtigheid, ten einde die volhoubare voorspoed van die groep te verseker.

Na die goedkeuring van bedryfs- en beleggingsplanne en strategieë, bemagtig die direksie die uitvoerende bestuur om dit te implementeer en tydig, akkurate en toepaslike terugvoering te gee oor die vordering wat gemaak word.

Die direksie bly aanspreeklik vir die algehele sukses van goedgekeurde strategieë, gegrond op waardes, doelwitte en die vereistes van belanghebbendes en vir die prosesse en beleide wat die effektiwiteit van risikobestuur en interne beheer verseker. Die direksie is die sentrale punt van die groep se korporatiewe bestuur en dit is sy verantwoordelikheid om toe te sien dat aan alle toepaslike wette, regulasies en kodes van beste sakepraktyke voldoen word.

Die direksie is verantwoordelik vir die monitering van die groep se bedryfs- en beleggingsprestasie, wat finansiële en nie-finansiële aspekte insluit. Hulle is ook verantwoordelik om toe te sien dat prosedures en praktyke in plek is om te verseker dat die groep se bates en reputasie beskerm word deur middel van akkurate en deursigtige rapportering.

Die direksie het die volgende subkomitees daargestel om hom te help om sy pligte en verantwoordelikhede na te kom:

- **Die vergoedings-en-nominasiekomitee**, bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure en adviseer die direksie oor die vergoedingsfilosofieë en diensterme van alle direkteure en senior bestuurslede en is verantwoordelik vir opvolgbeplanning. Die komitee is ook verantwoordelik vir die benoeming van direkteure vir aanstelling en neem jaarliks deel aan die evaluering van uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure. Direkteure het nie langtermynkontrakte of buitengewone voordele verbonde aan die beëindiging van hul diens nie. Die voorsitter van die direksie is voorsitter van hierdie komitee. Die hoofuitvoerende beampte woon vergaderings op uitnodiging by.

Die komitee het 'n formele mandaat en sy doeltreffendheid word daarvolgens deur die direksie beoordeel.

- **Die audit-en-risikokomitee**, bestaande uit vier onafhanklike nie-uitvoerende direkteure, beoordeel die geskiktheid en doeltreffendheid van die finansiële verslaggewingsproses; die stelsel van interne beheer; die bestuur van finansiële en bedryfsrisiko's; versekeringsportefeuljes; rekeningkundige beleid; tussen- en finansiële jaarverslae; die interne en eksterne auditprosesse; die maatskappy se proses waarvolgens nakoming van wette en regulasies gemonitor word; sy eie kode van sakeoptrede; prosedures wat ingestel word om die maatskappy se bates te beskerm en die bestuur van inligtingstechnologie. Die komitee evalueer ook die doeltreffendheid van die tesouriekomitee, help met die aanstelling van die eksterne ouditeur en keur die eksterne ouditeursfooie vir ouditdienste en nie-ouditdienste goed.

Ingevolge die vereistes van die Maatskappywet, soos gewysig deur die Korporatiewe Wysigingswet (Nr. 24 van 2006), is die komitee tevrede dat dit daaraan voldoen, dat hy sy funksies uitgevoer het en dat die maatskappy se eksterne ouditeure onafhanklik van die maatskappy is.

Die JSE Beperk (JSE) se noteringsvereistes is met ingang van 1 September 2008 gewysig ingevolge waarvan alle genoteerde maatskappye 'n finansiële direkteur moet hê, 'n vereiste waaraan die maatskappy nog altyd voldoen het. Die komitee het oorweeging geskenk aan, en homself vergewis van, die toepaslikheid van die finansiële direkteur se kundigheid en ervaring.

'n Onafhanklike nie-uitvoerende direkteur is voorsitter van die komitee. Die komitee het 'n formele mandaat en sy doeltreffendheid word daarvolgens deur die direksie beoordeel.

- **Die bestuursraad**, bestaande uit al sewe uitvoerende direkteure asook een lid van senior bestuur, vergader gereeld tussen direksievergaderings om sake te hanteer wat deur die direksie gedelegeer is.
- **Die beleggingskomitee**, bestaande uit vier nie-uitvoerende direkteure en drie uitvoerende direkteure, vergader gereeld tussen direksievergaderings om sake te hanteer wat verband hou met goedkeuring van nuwe beleggings sowel as die verlenging en vervreemding van bestaande beleggings.

Die direksie is verantwoordelik vir die aanstelling en oriëntering van nuwe direkteure. Nie-uitvoerende direkteure word aangestel op grond van hul wyer kennis en ondervinding en van hulle word verwag om effektief aan besluitneming en die formulering van strategieë en beleid deel te neem.

Uitvoerende direkteure dra hul insig van die dag-tot-dag-bedrywighede by, wat die direksie in staat stel om doelwitte te identifiseer, rigting te gee en die lewensvatbaarheid te bepaal van strategieë wat voorgestel word. Hierdie direkteure is oor die algemeen verantwoordelik vir die implementering van alle bedryfsbesluite.

VERGADERINGS EN KWORUM

Die statute van die maatskappy vereis dat drie direkteure 'n kworum vorm vir direksievergaderings.

Die direksie vergader minstens ses keer per jaar. Die audit-en-risikokomitee kom minstens vier keer per jaar bymekaar, terwyl die vergoedings-en-nominasiekomitee minstens een keer per jaar vergader.

WESENTLIKHEID EN GOEDKEURINGSRAAMWERK

Sake van wesentlike of strategiese aard, wat 'n invloed op die reputasie en prestasie van die groep mag hê, word na die direksie verwys. Ander sake word, soos opgedra deur die direksie, op senior bestuursvlak aangespreek, soos toegelaat ingevolge 'n formele oordrag van gesag wat die grense bepaal van delegerings- en goedkeuringsmandate.

Die notules van al die komiteevergaderings word aan direksielede gestuur. Sake wat die direksie se aandag moet geniet of 'n direksiebesluit vereis, word uitgelig en as agendapunte vir die volgende direksievergadering ingesluit.

VERGOEDINGSBEGINSELS

Die maatskappy se beleid, wat as riglyn dien vir die vergoeding van alle direkteure en senior bestuur, het die volgende ten doel:

- Die behoud van die dienste van bestaande direkteure en senior bestuur
- Die werwing van potensiële direkteure en senior bestuurders
- Die verskaffing van vergoeding wat billik en regverdig is aan direkteure en senior bestuur
- Om te verseker dat geen diskriminasie plaasvind nie
- Die erkenning en aanmoediging van prestasie wat buitengewoon is en waarde toevoeg
- Om te verseker dat vergoedingstrukture in ooreenstemming is met die maatskappy se langtermynbehoefes
- Beskerming van die maatskappy se regte deur middel van dienskontrakvoorwaardes

In ooreenstemming met hierdie doelwitte evalueer die vergoedings-en-nominasiekomitee jaarliks die bydrae van elke direkteur en senior bestuurslid en word jaarlikse salarisaanpassings daarvolgens bepaal.

Vir hierdie doel word ook salarisopnames wat deur onafhanklike organisasies gemaak is, in ag geneem.

PLIGTE VAN DIREKTEURE

Die Maatskappywet lê direkteure sekere verpligtinge op en bepaal dat hulle die nodige omsigtigheid en vaardigheid moet aanwend in die uitvoering van hul pligte. Om te verseker dat dit gebeur, word bestepraktijk-beginsels, soos vervat in die King-verslae oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika, toegepas.

Die direksie is ook verantwoordelik vir die formulering van die maatskappy se kommunikasiebeleid en om seker te maak dat woordvoerders van die maatskappy dit nakom. Hierdie verantwoordelikheid sluit duidelike, deursigtige, gebalanseerde en waarheidsgetroue kommunikasie aan aandeelhouers en relevante belanghebbendes in.

Na evaluasie van hul prestasie ingevolge die onderskeie handveste is die direkteure van mening dat die raad en sy subkomitees alle verantwoordelikhede nagekom het.

KONFLIKTE

Meganismes is in plek om enige potensiële belangebotsing raak te sien, daarop te reageer en dit te bestuur. Direkteure onderteken minstens een keer per jaar 'n verklaring dat hulle nie bewus is van enige onverklaarde botsing van belange wat mag bestaan vanweë hulle belang in, of verbintenis met enige ander maatskappy nie. Daarbenewens verklaar die direkteure hul belange in kontrakte wat vir die groep se besigheid van belang is en neem hulle nie deel aan die stempreses oor die aangeleenthede nie.

Alle inligting wat direkteure in die uitvoering van hulle pligte bekom en wat nie openbaar gemaak word nie, word as vertroulik beskou en direkteure mag nie sulke inligting gebruik, of skyn te gebruik, vir persoonlike gewin of tot voordeel van derde partye nie.

Van alle direkteure van die maatskappy word verwag om die Remgro Gedragskode en die voorskrifte van die JSE insake binne-inligting, transaksies en die openbaarmaking van transaksies na te kom.

Die werksaamhede van uitvoerende direkteure en senior bestuur wat in 'n nie-uitvoerende hoedanigheid optree in die direksies van maatskappye waarin

belê word, word bestuur aan die hand van 'n formele beleid wat deur die direksie goedgekeur is.

MAATSKAPPYSEKRETARIS EN PROFESSIONELE ADVIES

Alle direkteure is geregtig daarop om onafhanklike professionele advies oor die sake van die groep te bekom op koste van die maatskappy.

Alle direkteure het onbeperkte toegang tot die dienste van die maatskappysekretaris wat moet toesien dat behoorlike korporatiewe bestuursbeginsels nagekom word en is daarvoor aan die direksie verantwoordelik. Direksie-oriëntering of -opleiding word gedoen, soos nodig geag.

LOPENDE SAAK

Die direksie oorweeg minstens twee keer per jaar die lopendesaaik-status van die groep aan die hand van die volgende:

- Netto beskikbare fondse en die likiditeit daarvan
- Die groep se restante risikoprofiel
- Wêreldekonomiese gebeure
- Die volgende jaar se strategiese sakeplan, begrotings en kontantvloieberamings
- Die groep se huidige finansiële posisie

DIENSMAATSKAPPY

'n Filiaal van Remgro, naamlik Remgro Bestuursdienste Beperk (RMS), lewer bestuurs- en ondersteunende dienste aan Remgro en sy groepslede. RMS verhaal sy kostes gedeeltelik by wyse van fooie vanaf maatskappye aan wie dienste gelewer word. Die netto koste van RMS maak deel uit van die korporatiewe koste van Remgro.

RISIKOBESTUUR EN INTERNE BEHEER

In die bepaling van strategiese doelwitte het die direksie seker gemaak dat al die risiko's verstaan word wat geïdentifiseer is in die groep se beleggingsportefeulje met die oog daarop om waardeskepping en volhoubare groei te maksimaliseer. Hierdie risiko's word voortdurend gemeet aan die risiko-aptiyt en risikodraende vermoë soos deur die direksie bepaal.

Die geïdentifiseerde risikokategorieë is in breë trekke soos volg:

- **Prestasierisiko's** wat verband hou met risiko's wat deur die direksie bestuur word sluit strategiese risiko, geleentheidsrisiko, reputasierisiko, likiditeitsrisiko, asook risiko's ten opsigte van korporatiewe bestuur, sosiale verantwoordelikheid en die verhouding met belanghebbendes in.
- **Beleggingsrisiko** verwys na risiko's wat verband hou met bestaande beleggings. Die direksie erken dat die verantwoordelikheid vir beleggingsrisikobestuur berus by die direksies van die onderskeie maatskappye waarin belê word. Die Remgro-direksie monitor dat hierdie gedelegeerde verantwoordelikhede nagekom word. Gedurende die jaar onder oorsig is 'n beleggingskomitee ook tot stand gebring met die gedelegeerde verantwoordelikhede wat vroeër in die dokument genoem is.
- **Bedryfsrisiko's** sluit in bedryfsdoeltreffendheid, die beveiliging van bates, nakoming van relevante wette en regulasies, betroubaarheid van verslae, effektiewe bedryfsrisikobestuur, menslikehulpbronne-risiko, tegnologierisiko, sakevoortsetting en risikobefondsing.

Die direksie het 'n omvattende risikobestuurstelsel opgestel en geïmplementeer wat voorsiening maak vir volgehoue risikovasstelling en -beoordeling en die vaslegging van interne beheer.

Die ondernemingswye risikobestuurstelsel van toepassing op die groep is gewysig om die formele aanvaarding van die Komitee van Borgorganisasieraamwerk met ingang van 1 April 2010 in te sluit en behels die volgende:

- **Groeprisiko-analise**
Die doel van die groeprisiko-analise is om die groep se gekonsolideerde risikoprofiel te herbevestig en op datum te hou. Dit verseker dat die risikoprofiel, per individuele belegging en in die geheel, binne die risiko-toleransie bly wat die direksie bepaal het en dat tydig op nuwe risiko's en geleenthede gereageer word.
- **Aktiwiteitsrisikowaardering**
Die aktiwiteitsrisikowaardering verfyn verder die groep se risikowaardering op hoofaktiwiteitsvlak met die oog daarop om gedetailleerde doelwitte

te bereik en toe te sien dat risikobestuursinisiatiewe voldoende voorrang geniet en toepaslik befonds word.

▪ **Bedryfsrisikobestuur**

Die direksie beïnvloed die beheeromgewing deur die daarstelling van etiese waardes en 'n organisasiekultuur en sien toe dat bestuurstyle, gedelegeerde magte, sakeplanne en bestuursbevoegdheid voldoende, effektief en doeltreffend is.

Bedryfsrisiko's word hoofsaaklik deur effektiewe interne beheer bestuur wat ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf ten opsigte van die konstante bereiking van organisasiedoelwitte en die beperking van verlies of wanvoorstelling binne aanvaarbare perke.

Bestuurstrukture is daargestel om na sekere hoofrisiko-aktiwiteite om te sien, insluitende tesourie, veiligheid, gesondheid, omgewing, batebeskerming, belasting en risikobefondsing.

▪ **Tesourie**

Gegewe sy aard en die wesentlike hoeveelheid kontantbestuur binne die groep, word die beheer van tesourie-risiko as uiters belangrik beskou. Die sentrale tesourie-afdeling se verantwoordelikheid is om, ooreenkomstig 'n geskrewe mandaat, die risiko's verbonde aan opbrengskoerse en nakomingsvereistes, likiditeit, beleggings-, finansierings- en valutatransaksies te bestuur.

'n Tesouriekomitee, saamgestel uit genomineerde lede van senior bestuur, is verantwoordelik vir die daarstelling van beleid en prosedures, toepassing van toepaslike bestuursbevoegdheidsvlakke en gereelde terugvoering aan die direksie via die oudit-en-risikokomitee. Die tesouriebeleid verseker ook dat 'n maksimum opbrengs op kontant-reserwes verdien word met inagneming van beleggings- en kredietrisiko's en die groep se likiditeitsvereistes.

V&R Management Services (V&R), 'n volfiliaal-maatskappy geregistreer en bestuur in Switserland, lewer boekhouding- en tesouriedienste vir buitelandse filiale. Die maatskappye het dienskontrakte wat V&R se pligte en verantwoordelikhede uitspel met verwysing na tesouriebeleide

wat deur hulle onderskeie direksies goedgekeur is en deur hulle gemonitor word. V&R se aktiwiteite en risikobestuurspraktyke word jaarliks onderwerp aan onafhanklike oudits.

▪ **Risikobefondsing**

Waar resisiko's belangrik geag word, of in die geval van risiko's met 'n lae moontlikheid van voorkoms, maar met 'n potensiaal vir aansienlike impak, word toepaslike versekeringsdekking bekom of na geskikte verskansingstrategieë gekyk.

▪ **Geïntegreerde gerusstelling**

Die direksie maak nie alleen staat op die interne beheerde neergelegde proses nie, maar ontvang en oorweeg ook gereeld verslae oor die doeltreffendheid van risikobestuursfunksies. Die oudit-en-risikokomitee verseker dat die gerusstellingsfunksies van bestuur, asook interne en eksterne oudit, voldoende geïntegreer is.

Die onderskeie verskaffers van geïntegreerde gerusstelling aan die direksie sluit die volgende in:

- Die bestuursraad en senior bestuur oorweeg die maatskappy se risikostrategie en -beleid en die effektiwiteit en doeltreffendheid daarvan.
- Die oudit-en-risikokomitee oorweeg die geskiktheid van risikobestuurstrategieë, stelsels van interne beheer, risikoprofiel, wetsvoldoening, interne en eksterne ouditverslae en beoordeel ook die onafhanklikheid van die ouditeure, die omvang en aard van hulle verbintenisse, omvang van werk en bevindinge. Hierdie komitee kyk ook na die vlak van openbaarmaking in die finansiële jaarverslae en die toepaslikheid van rekeningkundige beleid deur bestuur aanvaar, die etiekregister en ander gerapporteerde verliessituasies. Die direksie beoordeel die prestasie van die oudit-en-risikokomitee aan die hand van sy handves.

Interne oudit

Die groep se interne ouditafdeling is 'n effektiewe, onafhanklike waarderingsfunksie wat 'n risikogebaseerde ouditbenadering volg in ooreenstemming met die Instituut vir Interne Ouditeure (IIO) se definisie van interne oudit en wat vervat is in 'n handves deur die direksie goedgekeur. Die hoof van hierdie afdeling het direkte toegang tot die

voorsitter van die oudit-en-risikokomitee, sowel as die voorsitter van die groep.

Eksterne oudit

Die maatskappy se eksterne ouditeur woon alle vergaderings van die oudit-en-risikokomitee by en het direkte toegang tot die voorsitter van die oudit-en-risikokomitee en die voorsitter van die groep. Die omvang van die eksterne oudit is voldoende geïntegreer met die interne ouditfunksie sonder dat die omvang daarvan enigsins beperk word.

Ander dienste wat deur die eksterne ouditeur verskaf word, sluit hoofsaaklik belasting-aangeleenthede in en dit word hanteer deur 'n afdeling wat onafhanklik van die ouditvennote is.

Die oudit-en-risikokomitee monitor ook:

- Goedkeuring van die eksterne ouditeur se aanstellingsterme, die ouditbenadering en fooie (insluitende nie-ouditfooie)
- Versekering van die eksterne ouditeur se onafhanklikheid
- Hulp met die eksterne ouditeur se aanstelling vir die daaropvolgende finansiële jaar
- Voorafgoedkeuring van alle fooie wat aan die eksterne ouditeur betaal word vir nie-ouditdienste

Waar vereis, stel die oudit-en-risikokomitee prosedures in om sy besluitnemingsprosesse te rig en dit te notuleer.

Die direkteure is van mening dat, op grond van navrae wat gedoen is en die verslae wat van die interne en eksterne ouditeure ontvang is, die risikobestuursprogramme en interne beheerstelsels van die maatskappy en sy afhanklike filiale in die tydperk onder oorsig doeltreffend was. In hierdie verband word Tsb Sugar en Rainbow Chicken as onafhanklik beskou en daarom word daar nie oor hulle gerapporteer nie.

Die oudit-en-risikokomitee is tevrede dat die ouditkomitees van die maatskappy se onafhanklike filiale, gesamentlike ondernemings en geassosieerde maatskappye behoorlik funksioneer.

VERHANDELINGS IN SEKURITEITE

Ingevolge die noteringsvereistes van die JSE het die maatskappy 'n gedragskode met betrekking tot binnehandel aanvaar. Gedurende 'n geslote tydperk word direkteure en aangewese werknemers verbied om handel te dryf in die maatskappy se aandele. Buite geslote tydperke mag direkteure en aangewese

werknemers slegs met toestemming van die voorsitter of besturende direkteur in die maatskappy se aandele handel dryf. Die geslote tydperk duur vanaf die sluiting van die finansiële verslagtydperk tot die publikasie van die resultate vir daardie tydperk. Bykomende geslote tydperke mag van tyd tot tyd verklaar word indien omstandighede dit vereis.

BYWONING VAN VERGADERINGS

	Direksie	Oudit-en- risiko- komitee	Vergoedings- en- nominasie- komitee	Bestuurs- raad
Aantal vergaderings gehou	7	4	1	3
Bywoning deur direkteure				
J P Rupert ⁽¹⁾	6		1	
M H Visser	7			3
P E Beyers	7			
W E Bührmann	7			3
L Crouse	7			3
G D de Jager ⁽²⁾	2	1	1	
J W Dreyer	7			3
J J Durand ⁽³⁾	3			3
G T Ferreira ⁽⁴⁾	2			
P K Harris	6		1	
E de la H Hertzog	7			
N P Mageza ⁽⁵⁾	3	1		
J Malherbe ⁽¹⁾	6			
P J Moleketi ⁽⁶⁾	3	1		
M M Morobe	4			
J A Preller	7			3
M A Ramphele ⁽⁷⁾	3			
F Robertson	7	4	1	
T van Wyk	7			3
H Wessels	7	4		
N J Williams				3

⁽¹⁾ Die een vergadering wat mnre J P Rupert en J Malherbe nie bygewoon het nie, was die vergadering waar die Remgro/VenFin-transaksie bespreek is. Aangesien hulle direkteure in beide direksies was, het hulle nie die vergadering bygewoon nie weens botsende belange.

⁽²⁾ Mnr G D de Jager het as 'n direkteur en as lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee en die oudit-en-risikokomitee op 5 Augustus 2009 bedank.

⁽³⁾ Mnr J J Durand is op 4 November 2009 as direkteur aangestel.

⁽⁴⁾ Mnr G T Ferreira is op 4 November 2009 as 'n direkteur en as lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee op 30 November 2009 aangestel.

⁽⁵⁾ Mnr N P Mageza is op 4 November 2009 as 'n direkteur en as lid van die oudit-en-risikokomitee op 30 November 2009 aangestel.

⁽⁶⁾ Mnr P J Moleketi is op 4 November 2009 as 'n direkteur en as lid van die oudit-en-risikokomitee op 30 November 2009 aangestel.

⁽⁷⁾ Dr M A Ramphele is op 4 November 2009 as 'n direkteur aangestel.

⁽⁸⁾ Die beleggingskomitee is op 30 November 2009 gestig met die volgende lede: J P Rupert, L Crouse, J J Durand, G T Ferreira, P K Harris, J Malherbe en M H Visser.

⁽⁹⁾ Die bestuursraad is op 30 November 2009 gestig met die volgende lede: W E Bührmann, L Crouse, J W Dreyer, J J Durand, J A Preller, T van Wyk, M H Visser en N J Williams.

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

Aangesien Remgro 'n beleggingshouermaatskappy is, word openbaarmaking ten opsigte van volhoubaarheid beperk tot die maatskappy self en sy volfiliale, insluitende Wispeco en Tsb Sugar. Sosiale en volhoubaarheidsverslaggewing deur genoteerde entiteite waarin beleggings gehou word, verskyn in die jaarverslae van daardie ondernemings.

VOLHOUBAARHEIDSVERSLAG

Die belangrikste aspekte om te rapporteer, is soos volg:

VERHOUDINGE MET BELANGHEBBENDES

Die volgende word as belanghebbendes van die maatskappy erken:

- Aandeelhouders en leners as verskaffers van kapitaal
- Die staat as beleidmaker en reguleerder
- Die beleggingspubliek as 'n belangegroep
- Die gemeenskap, vanweë die skep van werkgeleenthede, as gedeeltelike begunstigde van die belasting wat winsgewende organisasies betaal en as ontvanger van sosiale bydraes

Die direksie hersien gereeld sy strategieë, met inagneming van die behoeftes van belanghebbendes, om 'n ewewig tussen langtermyn groei en die lewensvatbaarheid van die maatskappy en die omgewing waarin hy funksioneer, te verseker.

GROEPETIEK

Wyle dr Anton Rupert, stigter van die groep, het meer as 40 jaar gelede riglyne opgestel vir die suksesvolle bedryf van sake. Hierdie riglyne het ontwikkel in wat vandag Remgro se waardes is. Die maatskappy glo dat die gees waarin dit streef om 'n goeie korporatiewe burger te wees, in hierdie waardes beliggaam is. Dit glo verder dat etiese gedrag spruit uit die waardesisteen wat deur die direksie gekommunikeer en gedemonstreer word.

Remgro se verbintenis tot etiese gedrag is in die volgende gedokumenteer:

- Etiese kode
- Geskenkebeleid
- Rekenaar: Aanvaarbare gebruikskode
- Dissiplinêre kode

VEILIGHEID EN DIE OMGEWING

Die maatskappy het 'n gesondheid-en-veiligheidskomitee wat saamgestel is ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid. Die komitee help die direksie om seker te maak dat die maatskappy 'n veilige, gesonde en risikovrye omgewing vir sy personeel en besoekers bied en sien toe dat beheermaatreëls om risiko's te beperk doeltreffend is en toegepas word.

Die meeste van die maatskappy se kernbedrywighede word as van 'n lae impak beskou sover dit die uitwerking daarvan op die omgewing betref.

Die maatskappy meet sy huidige omgewingspraktyke aan die norme wat deur die "Global Reporting Initiative™"(GRI)-raamwerk gestel word. Dit sluit die volgende in:

- Materiale
- Energie
- Water
- Biodiversiteit
- Uitlatings, uitvloeiels en afval
- Verskaffers
- Produkte en dienste
- Voldoening
- Vervoer

Waar nodig geag, word gebruik en impak gekwantifiseer en aan beste praktyke gemeet. Indien toepaslik, word die nakoming van veiligheids-, gesondheids- en omgewingstelsels teen formele standaarde gemeet en aan onafhanklike oorsig onderwerp.

Tsb Sugar het prestasiedoelwitte en verbruiksdoelwitte gestel om sy omgewingsimpak te beperk, soos byvoorbeeld bagasse, 'n neweproduk van die suikerproduksieproses, wat gebruik word om elektrisiteit op te wek. Die meeste van Tsb Sugar se meule se elektrisiteitsbehoefte word opgewek deur middel van bagasse. Surplus elektrisiteit word teruggeplaas in die Eskom nasionale netwerk. Gegewe die voginhoud van suikerriet, gee Tsb Sugar meer water aan die omgewing terug as wat in die oorspronklike produksieproses gebruik word.

In die produksie van sy aluminiumuitpersings het Wispeco 44% nagebruiks- en 25% nanywerheids-hersirkuleerde aluminium gebruik. Terwyl die smelt van primêre aluminium 'n energie-intensiewe proses is, vereis die hersmelting van skrootaluminium so min as 5% van dié energie.

Die omgewingsvolhoubaarheidsinisiatief is ook uitgebrei tot natuurbewaring, opvoeding en bewusmaking.

Klimaatverandering

Remgro het, met die uitsondering van CDP 6, jaarliks aan die openbaarmakingsprojek vir koolstofuitlating deelgeneem. Inisiatiewe is deurlopend van aard en sluit in strategiese opstelling, integrering van klimaatblootstelling in risikoregisters, die daarstelling van outomatiese koolstofaanwysers om die vordering met inisiatiewe aanlyn te monitor en meting- en verslagprosesse om die inisiatiewe by filiaalmaatskappye te ondersteun.

MIV/VIGS-BELEID

Uit 'n beleggingshouermaatskappy se perspektief bestaan die risiko verbonde aan MIV/vigs uit twee elemente, naamlik:

Groeprisiko

Gegewe die potensiele uitwerking van MIV/vigs op markte, menslike kapitaal, die koste van indiensneming en die bedryfsprosesse van ondernemings waarin belê is, word hierdie risiko bestuur binne die strukture van die onderskeie maatskappye waarin belê word.

Die vordering van hierdie beleid en strategieë word aan die hand van bestepraktyk-standaarde gemonitor.

Maatskappyrisiko

Remgro het 'n formele MIV/vigs-beleid en is verbind tot daadwerklike stappe om die pandemie, en die besigheidsrisiko's daaraan verbonde, te bestuur. Die beleid maak onder andere vir die volgende voorsiening:

- Dat alle wetlike verpligtinge met betrekking tot MIV/vigs nagekom word
- Dat daar op geen wyse teen werknemers of potensiele werknemers gediskrimineer word op grond van hul MIV-status nie
- Dat inligting oor die MIV-status van werknemers streng vertroulik gehanteer word
- Dat algemene maatreëls ingestel en bestuur word om toevallige besmetting te voorkom

Die Remedi Mediese Hulpskema, waaraan die meeste Remgro-personeel behoort, beskik oor 'n bestuursplan vir MIV/vigs waaraan werknemers volgens hul keuse deelneem. Alle personeel van Remgro is in diens van Remgro Bestuursdienste (RMS), 'n gespesialiseerde diensmaatskappy.

WERKNEMERS

OPSOMMING VAN DIE WERKNEMERS VAN BEDRYFSFILIALE

	2010	2009
Rainbow Chicken	7 386	7 417
Wispeco	920	1 041
Tsb Sugar (kontrakwerkers uitgesluit)	3 343	3 008
Ander	16	11
	11 665	11 477
RMS	185	168
	11 850	11 645

Die direksies van die onderskeie bedryfsfiliale is verantwoordelik vir hul eie strategie met betrekking tot diensbillikheid, MIV/vigs, opleiding en ander personeelaangeleenthede.

PANDEMIES

As deel van die groep se bewustheid van gemeenskapsrisiko word pandemiese risiko's gemonitor en sal toepaslike stappe gedoen word waar nodig.

DIENSBILLIKHEID

Remgro streef daarna om, in ooreenstemming met die Wet op Gelyke Indiensneming, aan alle werknemers die geleentheid te bied om hulle volle potensiaal te verwesenlik.

Remgro se bestuur en personeel is deurlopend betrokke by die bepaling van opleidings- en ontwikkelingsbehoefte, asook by die implementering en monitering van 'n arbeidsplan. Aandag word veral gegee aan dié groepe wat om historiese redes 'n agterstand mag hê.

In ooreenstemming met die vereistes van die Wet op Gelyke Indiensneming dien RMS, namens Remgro, jaarliks 'n arbeidsplan by die Departement van Arbeid in.

BBSEB – BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Die direksie glo dat BBSEB 'n sosiale, politieke en ekonomiese noodsaaklikheid is en die maatskappy se filiale en geassosieerde maatskappye se inisiatiewe in hierdie verband word ondersteun en aangemoedig. In die mate wat Remgro se filiale en geassosieerde maatskappye BBSEB implementeer, neem Remgro se aandeelhouers ook effektiewelik deel aan BBSEB en die uitwerking en sukses daarvan. Hoewel die ideaal is om alle persone te ondersteun om hul volle potensiaal te verwesenlik, is besondere fokus nodig op diegene wat weens historiese redes agterstande het. Die doel is om hulle toe te rus om op meriete in die mark te kan meeding. Ons sien uit na die dag wanneer alle Suid-Afrikaners, veral al ons kinders, op 'n nie-rassige en gelyke grondslag ten volle aan ons ekonomie kan deelneem.

Remgro het 'n telling van 54.7% behaal in die FM Empowerdex 2010 "Top Bemagtigingsmaatskappy". Die vertoning is beoordeel teenoor die generiese telkaart aangesien daar geen handves vir beleggingshouermaatskappy is nie. Remgro monitor deur direksieverteenwoordiging die BBSEB-vertoning van die maatskappy waarin hy belê.

SOSIALE BELEGGING

Korporatiewe burgerskap, naamlik die verbintenis van 'n maatskappy om op 'n volhoubare wyse tot ekonomiese ontwikkeling by te dra, onderskryf die beginsel dat geen besigheid in isolasie bestaan nie maar onmiskenbaar deel is van die omgewing waarin sake gedoen word. In sy verhoudinge met alle belanghebbendes (kliënte, personeel en die gemeenskap) streef Remgro daarna om 'n waardevenoot te wees.

Die klem van die maatskappy se donasieprogram val veral op die ontwikkeling van jongmense uit benadeelde gemeenskappe om aan hulle 'n gevoel van eiewaarde te gee. Dit word gedoen in die geloof dat sodanige beleggings tot ver in die toekoms goeie dividende sal lewer.

Skenkings aan verdienstelike instansies word meesal oor termyn gemaak, en hoewel bydraes oor 'n taamlike breë spektrum strek, is daar twee ooglopende uitsonderings – politieke partye en godsdienstige instellings. Hoewel die maatskappy sy werknemers se reg respekteer om volgens eie keuse by hierdie organisasies betrokke te raak, oefen hyself nie 'n keuse uit nie.

Die afgelope jaar was die maatskappy by die volgende betrokke:

Entrepreneurskap en opleiding

TSiBA – ook bekend as die entrepreneursuniversiteit van Kaapstad, het in 2009 sy vyfde verjaardag gevier en die dapper stap gedoen om sy werksaamhede na die Suid-Kaap uit te brei, waar hy sy bedrywighede by dié van die Eden-kampus in Karatara, naby Sedgfield, gevoeg het.

Die Eden-kampus het in 2006 as 'n residensiële "groen" besigheidskollege tot stand gekom en spits hom toe op entrepreneurskap en vaardigheidsontwikkeling. Die besluit om Eden in

die TSiBA-familie in te bring, was strategies van aard. Vir TSiBA was die tyd reg om sy bedrywighede uit te brei en te toon dat sy onderrigmodel die potensiaal het om elders herhaal te word. Sy BBA-graad was geakkrediteer en sy eerste gegradueerdes besig om hulself goed in die werkplek van hul taak te kwyt en beurse vir nagraadse studie te bekom.

Nog 'n mylpaal was die aankondiging dat twee van TSiBA se studente aangewys is as ontvangers van die Mandela-Rhodes-beurs. Hul prestasie bevestig dat TSiBA daarin slaag om jongmense met uitsonderlike leierskapvermoë te ontwikkel om hulle maatskaplike verantwoordelikheid, entrepreneurskap en akademiese voortreflikheid prakties te demonstreer.

In 2009 het altesaam 55 studente hul basisjaar met welslae voltooi en 'n volle onderrigbeurs van TSiBA ontvang om hulle studie vir 'n BBA-graad in entrepreneursleierskap voort te sit, terwyl 110 studente in 2010 tot die basisjaar toegelaat is.

Remgro het hom verbind om TSiBA vir 'n volle studentesiklus van vier jaar te ondersteun.

Shalamuka Stigting – is 'n befondsingsliggaam wat aan SEB-transaksies en ander beleggingsgeleenthede deelneem om langtermynbeleggings te skep wat voldoende fondse sal lewer om Penreach jaarliks te ondersteun en ruimte vir beplanning, uitbreiding en noodsaaklike navorsing te laat.

Penreach is 'n nie-winsgewende, holistiese skoolontwikkelingsprogram wat in 1994 tot stand gekom het met die doel om die vaardighede van onderwysers en die gehalte van onderwys in Mpumalanga en omliggende gebiede te verbeter. Penreach het met 40 onderwysers uit 10 skole weggespring en het hand oor hand gegroei. Tans word meer as 2 000 onderwysers, afkomstig uit meer as 900 skole, jaarliks bereik en sowat 350 000 leerders, in hoofsaaklik plattelandse gebiede, deur die program bevoordeel.

Twee opwindende loodsprojekte word tans deur Penreach van stapel laat loop in ooreenstemming met sy benadering om 'n enkele hoërskool as sentrum te gebruik vir die skep van effektiewe leergemeenskappe waarby alle belanghebbendes, soos voederskole, plaaslike nie-regeringsorganisasies, politieke strukture en ouers, betrek word.

Penreach is vandag 'n skitterende voorbeeld van wat bereik kan word deur mense met 'n positiewe gesindheid wat 'n besondere liefde en passie vir hul land het.

Beyers Naudé-Skoolontwikkelingsprogram (BNSOP) – goeie vordering is sedert 2005 gemaak om swak presterende skole te omskep in sentrums vir doeltreffende onderrig en opleiding. Die BNSOP van Kagiso Trust het 'n omkeerstrategie vir plattelandse skole ontwikkel en voorsien hulle van onderwysinfrastruktuur wat normaalweg by hierdie skole ontbreek.

Kagiso gebruik die BNSOP vir 'n tydperk van vier tot vyf jaar in 'n groep van 10 skole in 'n bepaalde distrik. Die kern van die program behels spanbou en werketiek, asook verbeterde dissipline en aanspreeklikheidsvlakke vir skoolhoofde, onderwysers en leerders.

In 2009 het BNSOP onder andere drie media sentrums ('n kombinasie van 'n biblioteek en 'n rekenaarsentrum), vier laboratoriums en 'n rekenaarsentrum by vyf skole in die Vrystaat ingerig. Altesaam 184 rekenaars is aan sewe skole in die Vrystaat en Limpopo verskaf.

SciMathUS – is in 2001 deur die Universiteit van Stellenbosch as 'n oorbruggingsprogram ontwikkel met die doel om hoër onderwys meer toeganklik te maak vir swart studente wat gretig is om hul studies in fisiese en toegepaste wetenskap, ingenieurswese, mediese en gesondheidswetenskappe en ekonomiese en bestuurswetenskappe voort te sit.

Van 'n groep van 40 studente in 2001 het die program tot die huidige omvang gegroei waar 100 studente per jaar toegelaat word. Oor die afgelope dekade is 539 studente tot die program toegelaat, waarvan probleemgebaseerde onderrig 'n integrale deel vorm. Studente kry ook die geleentheid om algemene akademiese vaardighede, soos studie- en denkvaardighede, akademiese taalvaardighede en rekenaargeletterdheid, te ontwikkel.

'n Nuwe uitdaging wat SciMathUS die hoof moes bied, was die inskakeling van studente met wiskundegeletterdheid in die program. Wanneer hulle wiskundegeletterdheid as vak kies, is baie leerders nie bewus van die implikasies van hul keuse nie, naamlik dat sekere studierigtings in hoër onderwys dan

ontoeganklik raak. Sedert 2008 is 'n nuwe kurrikulum ontwikkel om aandag aan hierdie probleem te gee.

Die sukses van die SciMathUS-program kan daaraan gemeet word dat 'n 100%-slaagsyfer die afgelope twee jaar behaal is, wiskunde-uitslae die laaste nege jaar met 15% verbeter het en 76.6% van SciMathUS se studente die afgelope ses jaar tot die Universiteit van Stellenbosch toegelaat is.

Paul Roos Akademie – het die afgelope jaar onder geweldige finansiële druk gekom hoofsaaklik vanweë 'n verskuiwing in die korporatiewe maatskaplike besteding van sommige donateurs. As gevolg hiervan moes die Akademie noodgedwonge sy skoolvakansie-aanbiedinge gedurende Junie/Julie en September kanselleer. As die situasie nie verbeter nie, sal die Akademie die aantal leerders aansienlik moet verminder of selfs die program beëindig.

Aan die einde van 2009 het die Akademie se tweede graad 12-groep (33% van die 80 leerders wat in 2003 toegelaat is) die matriekeksamen geskryf en 38% het vir 'n baccalaureus-graad gekwalifiseer – 'n groot verbetering op die resultate wat in 2008 behaal is. Wiskunde en wetenskap blyk steeds struikelblokke te wees en het tot sommige van die mislukkings bygedra. Gedurende 2009 het 180 leerders onderrig by die Akademie ontvang, maar 'n gebrek aan fondse het hierdie getal in 2010 aansienlik laat krimp.

Weens die wêreldwye ekonomiese krisis het die Creative Education Foundation in die VSA nie die Akademie besoek nie. Die Geheue-instituut in Bellville het egter voortgegaan om graad 8-leerders met denk-, leer- en lewensvaardighede by te staan, terwyl Master Maths deur middel van rekenaars wiskundeonderrig aan leerders in graad 9, 10 en 11 gegee het.

Bergzicht Opleidingsentrum – bied basiese vaardighedsopleiding en indiensnemingsdienste aan behoeftige persone uit arm gemeenskappe in en om Stellenbosch. Sy benadering is uniek deurdat hy verskeie kort, sowel as omvattende, kursusse in verskillende rigtings deur die jaar aanbied, soos tuisbestuur, bejaardesorg, spyseniering en kindersorg. Geen kursus duur langer as drie maande nie.

Die sentrum sien om na die behoeftes van talle mense wat in die Stellenbosse omgewing bly en

desperaat op soek is na werkgeleenthede. Dikwels het hierdie mense nie hul skoolopleiding voltooi of enige lewensvatbare vaardighede verwerf wat hulle in staat stel om 'n werk te bekom nie.

Bergzicht Opleiding is nie alleen 'n erkende instituut op Stellenbosch nie, maar het vir hom 'n goeie naam regoor die land verwerf. Dit het reeds meer as 10 000 mense oor die jare opgelei, van wie baie in bestendige poste geplaas is.

Equip – is 'n ontwikkelingsprogram van die Nasionale Besigheidsinstituut wat deur Remgro in vyf skole in die Stellenbosch-omgewing geborg word. Die afgelope jaar is goeie vordering gemaak by die laerskole Ikaya en Kayamandi, twee skole wat probleme ondervind het. Hierdie positiewe ontwikkeling toon weer eens die waarde van Equip se vennootskap met die onderwysowerhede.

Sover dit die drie hoërskole in die program betref, is gerapporteer dat hulle nou selfversorgend is ten opsigte van die opstel en bestuur van hul skoolverbeteringsplanne. Die skoolbestuurspanne en personeel beplan en bedryf, onder die leiding van Equip, hul eie projekte en prosesse ten einde die vaardighede wat nodig is om die proses in elke skool volhoubaar te maak, op te skerp en te verbeter.

ORT SEED – is 'n driejaar-vennootskapsprojek tussen ORT-Tech, die Wynlanddistrik van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en Remgro wat spesiale opleiding en ondersteuning in kurrikulumontwikkeling en die onderrig van wiskunde, natuurwetenskap, tegnologie en geletterdheid aan leerders in graad R-7 verskaf.

ORT-Tech fasiliteer ter plaatse kurrikulumontwikkeling by twee ankerskole, die laerskole Idasvallei en Rietenbosch, en voorsien hierdie skole van bykomende hulpbronne om leerders toegang tot klaskameronderrig van goeie gehalte te gee.

Die Naskoolse Wiskunde-uitreikprogram, waarby 47 opvoeders van 16 skole in die Stellenbosse distrik betrokke is, het weer 'n positiewe uitwerking gehad, soos blyk uit die vertoning van die leerders. Die skole het erkentlikheid getoon vir die hulp wat hulle ontvang het.

ORT-Tech het sy besondere waardering uitgespreek vir Remgro se bereidwilligheid om die projek moontlik

te maak en opgemerk: “Die belegging in ons land se waardevolle bate, ons kinders, sal daartoe bydra om Suid-Afrika 'n beter land te maak.”

Omgewing

WWF Suid-Afrika (WWF-SA) – ook bekend as die Wêreld-Natuurfonds Suid-Afrika, het in 1968 as die plaaslike kantoor van die wêreldwye WWF-netwerk tot stand gekom – een van die grootste en mees ervare bewaringsorganisasies, met nagenoeg vyf miljoen ondersteuners en 'n globale netwerk in meer as 100 lande.

WWF werk saam met verskeie vennote om spesiale omgewings en bedreigde spesies te bewaar. Saam met die regering, die burgerlike gemeenskap en die private sektor beywer WWF hom vir gesonde mariene- en varswater-ekosisteme wat die volhoubare ontwikkeling van Suid-Afrika kan rugsteun. Hy is ook 'n voorstander van 'n laekoolstof-ekonomie vir Suid-Afrika en laat die soeklig op klimaatsverandering en volhoubare handel en belegging val.

Deur verskeie omgewingsopvoedkundige inisiatiewe belê WWF in die bewaringsbestuurders en omgewingsleiers van die toekoms, met die doel om die agteruitgang van die planeet se natuurlike omgewing te probeer stuit. Dit word gedoen onder andere deur die bewaring van die wêreld se biodiversiteit, deur te verseker dat die gebruik van hernieubare natuurlike hulpbronne volhoubaar is en deur die vermindering van besoedeling en verkwistende verbruik te bevorder.

Remgro gebruik WWF as enigste kanaal binne Suid-Afrika om die streek se ryk natuurlike hulpbronne te bewaar.

Kulturele ontwikkeling

Klein Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK) – Remgro het aan die einde gekom van 'n tien jaar lange ondersteuning van die fees. Sy bydrae tot beurse en ander programme het jong kunstenaars, wat andersins nie die geleentheid sou gehad het nie, in staat gestel om hul loopbane in die kunste te bevorder.

In ooreenstemming met hierdie filosofie, is 'n gedeelte van die maatskappy se laaste bydrae as saadkapitaal toegewys vir die daarstelling van 'n nuwe beurs- en mentorskema, terwyl die balans vir die subsidiëring van produksies op die 2010-kalender gebruik is.

Veldorkesstigting (FBF) – die doel van die FBF is om die jeug te betrek in gemeenskappe wat voor groot uitdagings op ekonomiese en maatskaplike gebied staan en 'n opwindende en skeppende aktiwiteit aan te bied waarby hulle jare lank op 'n betekenisvolle wyse betrokke kan bly en wat die moontlikheid bied om uit die greep van armoede te ontsnap.

Die FBF se prestasies is in 2009 met die voorsitterstoekening van Business Arts South Africa bekroon. Ander hoogtepunte het drie nuwe projekte ingesluit wat in die Noord-Kaap, Noordwes en Plettenbergbaai van stapel laat loop is. 'n Uitnodiging is ook aan die FBF gerig om tydens die opening- en sluitingseremonie van die 2010 FIFA Wêreldbeker-toernooi op te tree, asook by ondersteunersparke, oop areas en korporatiewe geleenthede wat met dié toernooi verband hou.

Die bande tussen FBF en die Noorweegse Orkesfederasie, asook laasgenoemde se verbintenis tot FBF se bedrywighede, gaan van krag tot krag en het oor die jare 'n groot impak gehad. Die deurlopende en konstruktiewe betrokkenheid van 'n land, waar gemeenskapsorkeste 'n belangrike rol in nasiebou gespeel het, is gewis van onskatbare waarde.

Die lae vlak van praktiese en tegniese vaardighede by jeugleiers wat die veldorkesbeweging in die volgende dekades vorentoe moet vat, is 'n groot uitdaging waarvoor die FBF nou staan. Die probleem geniet die aandag van die FBF-akademie, wat hom ten doel stel om na die emosionele, intellektuele en geestelike behoeftes van leerders om te sien en hulle onderwys- en sosiale vaardighede tot die punt te bring waar selfvertroue, selfrespek en selfonderrig oorneem.

WAT – ondanks moeilike finansiële omstandighede het die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) daarin geslaag om sy bedrywighede gedurende 2009 vol te hou sonder dat te diep in kapitaalreserwes gedelf is.

Die bekendstelling van Deel XIII van die woordeboek (die letter R) in Julie 2009 was ongetwyfeld die hoogtepunt van die jaar. Die werk aan Deel XIV (die letter S) het ook verlede jaar begin en goeie vordering word gemaak.

Die gebrek aan vordering ten opsigte van die kapitaalfonds was egter 'n teleurstelling. Die fonds staan tans op 'n vlak tussen R5 miljoen en R6 miljoen, na gelang van markbewegings, en skiet

ver tekort van die R30 miljoen wat nodig is om WAT se langtermynbedrywighede te ondersteun. Die vermindering in die staat se subsidie maak dit baie moeilik om die kapitaalfonds te versterk, veral in die moeilike ekonomiese tye wat tans ervaar word.

Children's Art Festival (CAF) – as 'n gevestigde instelling by die Grahamstad Nasionale Kunstefees stel CAF homself ten doel om tydens hierdie jaarlikse gebeurtenis 'n bron van inspirasie vir kinders van die Oos-Kaap te wees deur hulle aan 'n wye verskeidenheid en verskillende vertakkinge van die kunste bloot te stel. Baie van die kinders kom uit 'n agtergrond waar enige vorm van kuns heeltemal vreemd is en die blydskap op hul gesigte wanneer hulle iets nuuts ervaar, én bemeester, is iets om te aanskou.

CAF volg 'n baie praktiese benadering by die werkwinkels wat hy aanbied en laat die klem val op eenvoudige tegnieke en die maak van nuttige items wat die kinders tuis in hul eie omgewing kan reproduseer. Dit sluit in: die weef van mandjies, krale-, mosaïk-, sand- en verfwerk, fisiese teater, tromspeel en die maak van items soos windklokkies, elektriese stroombane, papiergewigte, versierde sleutelrakkies en bedrukte T-hemde.

Ondanks die ekonomiese resessie het die bywoningsyfer in 2009 bestendig gebly en dieselfde word in 2010 verwag wanneer die fees as gevolg van die 2010 FIFA Wêreldbeker-toernooi, en die verlengde skoolvakansie, oor 15 dae aangebied word.

Sportontwikkeling

SA Gholfontwikkelingsraad (SAGOR) – het in 2009 ook die koue winde van die ekonomiese resessie ervaar en as gevolg daarvan moes die begroting tot die minimum besnoei word. Aan die positiewe kant het die ekonomiese werklikhede SAGOR gedwing om 'n ekstra poging aan te wend om die doeltreffendheid van sy administratiewe en bedryfsstrukture te verbeter.

Die stabiliteit wat daardeur bereik is, het SAGOR in staat gestel om sy programme met 'n beperkte begroting aan die gang te hou. Projek 312 verskaf steeds 'n stewige raamwerk vir SAGOR se afrigtingspogings en verseker dat elke streek doeltreffend gemeet en gemonitor kan word. Tans is 60 afrigters, met die vermoë om 3 500 kinders landwyd af te rig, onder kontrak.

In tien jaar van gholfontwikkeling het SAGOR nagenoeg 17 000 jongmense afgerig en 56 junior provinsiale spelers gelewer. Die raad het as fasiliteerder opgetree vir die deelname van 1 500 spelers aan toernooie van die Suid-Afrikaanse Junior Gholfstigting en 16 van die mees talentvolle spelers is genooi om hulle by die toonaangewende Ernie Els & Fancourt Stigting aan te sluit.

SAGOR is deurlopend bewus van die behoefte om die vlak van afrigting wat aangebied word te verbeter en is baie dank verskuldig aan die Beroepgholfspelersvereniging van Suid-Afrika (PGA) vir sy ondersteuning. Die PGA se mentorprogramme het top-afrigters beskikbaar gestel om ondersteuning en aanmoediging aan die ontwikkelingsafrigters van SAGOR te gee.

By 'n terugblik oor die afgelope dekade het SAGOR besondere waardering uitgespreek teenoor die voorsitter van hierdie maatskappy vir sy toewyding aan gholfontwikkeling. Sy bydrae, sê SAGOR, het die raad in staat gestel om onder moeilike omstandighede met sy werksaamhede voort te gaan. "Sy grootmoedigheid en volgehoue aanmoediging het ons toegelaat om die spel uit te brei na jong Suid-Afrikaners wat 'n dringende behoefte aan positiewe ervarings het en om aan hulle die waardevolle lewenslesse oor te dra wat die spel ons leer."

Wes-Kaapse Krieketakademie – Ondanks organisatoriese veranderinge op nasionale vlak wat opleiding- en oefeningsessies beïnvloed en tot die kansellering van sommige Sondag-wedstryde gelei het, het die Akademie, volgens sy oorsig, 'n redelik suksesvolle seisoen beleef.

Die Akademie het andermaal sy stempel op Suid-Afrikaanse krieket afgedruk deur talentvolle spelers aan provinsiale spanne en die nasionale groep te verskaf. Drie lede van die Akademie is ingesluit in Suid-Afrika se span wat in Mei aan die Twintig20-wêreldbekertoernooi in die Wes-Indiese Eilande deelgeneem het, terwyl twee gewese lede vir die A-span gekies is vir die reeks teen Bangladesj wat op dieselfde tydstip plaasgevind het.

Nie minder nie as 13 gewese spelers van die Akademie was lede van die Cobras-span wat die Supersport-kompetisierreeks in 2010 gewen het – geen geringe prestasie vir die uitstekende werk wat deur die Akademie gedoen word nie. Vanweë sy noue verbintenis met die Akademie sedert die vroeë

1990's was Remgro oor die jare 'n getuie van die organisasie se groei in ledetal en statuur in die Suid-Afrikaanse krieketgemeenskap.

Gemeenskapsontwikkeling

Ikamva Labantu – is 'n breëbasis-gemeenskapsprojek wat 'n holistiese benadering volg ten opsigte van die ontwikkeling van arm gemeenskappe: van voorskoolse kinders, veral kwesbare kinders, en ondersteuningsdienste vir gesinne tot die omsien na die behoeftes van bejaardes en gestremdes.

Gedurende die afgelope jaar is kospakkies aan nagenoeg 200 kleuterskole en 200 kwesbare gesinne verskaf. Sowat 7 000 kinders het gebaat by hierdie vermindering van voedselonsekerheid in hul huishoudings. Daarby is ondersteuning aan 370 versorgers gegee, waardeur 1 300 kwesbare kinders bereik is.

Ikamva se span hoogs ervare en toegewyde gemeenskapswerkers het voortgegaan om risiko-gevalle te identifiseer en die kinders te ondersteun. 'n Ervare multidissiplinêre span ontwikkel versorgingsplanne vir elke kind binne die konteks van sy/haar huishouding. Gesinne word dan voorsien van dienste soos kospakkies, finansiële bystand, hulp met aansoeke om staatstoelae, voedingsonderrig, bystand met skoolverwante koste, soos uniforms, boeke en skryfbehoeftes, asook emosionele en sielkundige ondersteuning.

Die vermoëskeppende projek wat daarop gemik is om die bestuurskapasiteit van meer as 70 senior klubs in die groter Wes-Kaapse gebied te verbeter, is in 2009 voortgesit. Goeie vordering is ook gemaak met die organisasie se stedelike groentetuine, wat 'n gebied van 8 091 vierkante meter beslaan. Vars groente word gereeld aan kleuterskole, senior klubs en kwesbare gesinne gelewer.

Die afgelope vier jaar is 269 kinders bereik deur die program vir kwesbare kinders wat deur Remgro geborg word. Die projek is as 'n loodsmodel ontwikkel, met die potensiaal om dit in soortgelyke gemeenskappe elders in die land te herhaal.

uMephi – sien om na die behoefte van kinders in nood deur middel van 'n netwerk van satelliet-, halfweg- en pleegsorghuise. Die afgelope jaar alleen is 669 kinders in 25 pleegsorghuise en ses spesiale versorgingsoorde opgeneem.

uMephi se ideaal is om aan elke behoeftige kind 'n huis en 'n gesin te gee. Hy werk saam met plaaslike en provinsiale regerings om weeskinders in die beplanning van toekomstige grond- en eiendomsontwikkelings in te sluit. Die gedagte is om dit vir weeskinders moontlik te maak om eendag die huise te besit waarin hulle opgroei en sodoende 'n soort van neseier aan hulle te bied vir hul latere lewe. Vir hierdie doel het uMephi reeds grond gekoop en hy hoop dat die oordrag van eienaarskap in die afsienbare toekoms moontlik sal wees.

Die getal MIV-positiewe babas in uMephi se sorg het die afgelope jaar verdubbel. Grond vir die bou van pleegsorghuise is in vyf provinsies bekom, maar die aanvraag blyk groter te wees as wat uMephi kan hanteer.

Gemolesteerde kinders bied ook 'n groot uitdaging. Huisouers het voortdurend berading nodig aangesien die kinders wat opgeneem word erg getraumatiseer is en dikwels sielkundige behandeling nodig het. uMephi sien om na 259 kinders in 30 tehuse met 'n span van 90 versorgers. Die strawwe program eis 'n hoë tol en personeel en huisouers moet deurlopend opgelei word om die stremming te hanteer.

Stellenbosch-Gemeenskapsontwikkelingsprogram (SGOP) – voeding vir volhoubaarheid is die hoofdoel van die SGOP, wat glo dat die voedingstatus van kinders in 'n gemeenskap 'n waardevolle aanwyser is van die algehele ontwikkeling en verspreiding van beskikbare hulpbronne in sodanige gemeenskap.

SGOP is in Kayamandi, 'n stedelike gebied aan die rand van Stellenbosch, gevestig waarheen die meeste inwoners (30 000) gekom het in hul soektog na werk. Hier leef hulle in informele nedersettings en in uiterste armoede. Dit, saam met die hoë voorkoms van ongeletterdheid en MIV/vigs, maak van Kayamandi 'n gemeenskap wat hulp dringend nodig het.

Die belangrikste doelwit van SGOP is om honger te help bekamp en voedsel aan behoeftige en wangevoede laerskoolkinders te verskaf om hul leer- en konsentrasievermoë te verbeter, dissipline op te skerp en hul algemene gesondheid te verbeter. Hierbenewens het die organisasie ook 'n landbou-inisiatief in die vorm van 'n groentetuin vir die moeders van die kinders wat gevoed word. Omgewingsvolhoubaarheid kry aandag deur 'n handwerkklub, waar items gemaak word om te verkoop.

SGOP verskaf daaglik aan nagenoeg 1 200 kinders kos. Die afgelope jaar het hierdie syfer met sowat 200 toegeneem. Kospakkies word maandeliks aan 60 gesinne voorsien.

Yabonga – wat tien jaar gelede ontstaan het, probeer om die ergste gevolge van MIV en vigs te bestry en die lewe van die armste mense te verbeter deur sy fokus op onderwys, persoonlike ontwikkeling en die verwerwing van vaardighede waardeur 'n inkomste verdien kan word.

Yabonga se programme word oor 12 gemeenskappe versprei en verskaf ondersteuning aan duisende vroue, mans en kinders wat deur MIV besmet is. Die gebrek aan koers en motivering onder die jeug is 'n groot bron van kommer vir Yabonga, sowel as die feit dat hulle maklik dwelmmisbruik en geringe misdaad ten prooi val.

'n Nuwe groeiarea het in die program vir weesen kwesbare kinders na vore gekom. Die aantal kinders in hierdie program het van 40 in 2006 tot 250 in 2009 toegeneem, waarvan 'n derde wees en 'n derde MIV-besmet is. Die inname van meer kinders word ongelukkig deur onvoldoende fondse beperk. Behalwe dat na die basiese behoeftes van kinders omgesien word (voeding, onderwys en sielkundige ondersteuning), word hulle ook gedurende skoolvakansies deur teaterproduksies, besoeke aan interessante plekke, rekenaargeletterdheidsklasse en sportaktiwiteite vermaak.

Gesondheidsorg

Wits Donald Gordon-Mediese Sentrum (WDGMS) – die akademiese programme van WDGMS, wat in die opleidingsprogramme van Wits se Fakulteit vir Gesondheidswetenskappe geïntegreer is, is nou in die vierde jaar en die groei was bevredigend volgens 'n onlangse verslag van die Sentrum. Die leerkurwe was steil sover dit kwessies betref wat hanteer moet word wanneer 'n opleidingsprogram in die privaathospitaal-omgewing bekendgestel word.

Die afgelope jaar het WDGMS drie registrateursposte befonds, twee in anesthesiologie en een in interne medisyne. Altesaam 48 registrateurs het die afgelope drie jaar die geleentheid gehad om deur die Sentrum se intensiewesorgeenheid te roteer vir hul verpligte hoësoorgopleiding. Almal was dit eens dat die ondervinding wat hulle opgedoen het, beduidend anders was as wat by ander opleidingsentra ervaar is.

In volwassene-onkologie is die eerste opleidingsiklus in Desember 2009 voltooi en die uitdaging is nou om vir die suksesvolle kandidaat 'n betrekking in die openbare sektor te vind sodat hy binne die universiteit behou kan word. Die kandidaat het 'n dubbele kwalifikasie in genetika en onkologie, wat uitsonderlik in die land is.

Volgens WDGMS is dit belangrik dat sy ervaring gedokumenteer en die uitwerking daarvan op spesialiste en subspesialiste ondersoek word. Die bekendstelling van elke nuwe program bring nuwe uitdagings wat die Sentrum in staat stel om dit wat reeds aangebied word te verbeter. Indien die Sentrum sy model regkry, kan dit as voorbeeld dien vir ander universiteite om die tekort aan vaardighede op die gebied van spesialiste en subspesialiste in die land te hanteer.

Stigting vir Orgaanskenkers van SA – gee aandag aan die probleme wat verband hou met die tekort aan orgaan- en weefselskenkers in Suid-Afrika. Wanneer organe beskikbaar raak, is dit van die uiterste belang dat dit die fasiliteite waar potensiële ontvangers wag, so spoedig moontlik bereik. Dit is hier waar Remgro hulp aanbied deur vier vlugte per jaar te borg.

Hierdie vlugte, wat op kort kennisgewing gereël en dikwels laat in die nag plaasvind, sou nie moontlik gewees het sonder die onselfsugtige en opofferende bydrae deur die personeel van die vliegtuigmaatskappy Falconair nie. Ons bring hulde aan hul verdienstelike poging.

Remgro

Beperk

FINANSIËLE VERSLAG 2010

INHOUD

83	VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE
83	VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS
84	VERSLAG VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE
84	VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR
85	VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
92	REKENINGKUNDIGE BELEID
104	STATE VAN FINANSIËLE STAND
105	INKOMSTESTATE
106	STATE VAN OMVATTENDE INKOMSTE
107	STATE VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT
108	STATE VAN KONTANTVLOEI
109	AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
146	BYLAAG A <i>Belangrikste filiaalmaatskappye</i>
147	BYLAAG B <i>Belangrikste beleggings</i>
148	BYLAAG C <i>Beduidende geassosieerde maatskappye</i>
150	BYLAAG D <i>Inligting oor segmente</i>
152	AANDEELHOERSINLIGTING
155	MAATSKAPPY-INLIGTING
156	KENNISGEWING AAN AANDEELHOERS
160	VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING AAN AANDEELHOERS
AANGEHEG	VOLMAGVORM

VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID

DEUR DIE RAAD VAN DIREKTEURE

Die direkteure is verantwoordelik vir die byhou van geskikte rekeningkundige rekords en vir die voorbereiding en die integriteit van die finansiële jaarstate wat in hierdie jaarverslag verskyn.

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, op die lopendesaaik-grondslag opgestel en inkorporeer volledige en verantwoordelike openbaarmaking. Die finansiële jaarstate is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid en word deur redelike en omsigtige oordeel en beramings ondersteun.

Die direkteure is tevrede dat die inligting soos vervat in die finansiële state 'n redelike weergawe is van die groep se resultate van bedrywighede vir die jaar en die finansiële stand van die groep soos op jaareinde. Die akkuraatheid van die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is, is deur die direkteure oorweeg en hulle is tevrede dat dit strook met die finansiële state.


Die direkteure is ook verantwoordelik vir die maatskappy se stelsel van interne finansiële beheer. Die stelsel is ontwerp om redelike, maar nie absolute versekering nie,

te verskaf rakende die betroubaarheid van die finansiële state, die beskerming van bates, en om wanvoorstelling en verliese te verhoed en op te spoor.

Die direkteure is van mening dat die groep in die toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan.

Die finansiële state is deur die onafhanklike ouditeur, PricewaterhouseCoopers Ing. geouditeer, aan wie onbepaalde toegang verleen is tot alle finansiële rekords en verwante inligting. Die ouditeur se verslag word op bladsy 84 aangebied.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter



Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
21 Junie 2010

VERKLARING DEUR DIE MAATSKAPPYSEKRETARIS

Ek, Mariza Lubbe, die maatskappysekretaris van Remgro Beperk, sertifiseer hiermee, dat, ten opsigte van die jaar onder oorsig, alle opgawes wat van 'n publieke maatskappy verlang word, ingelewer is by die Registrateur van Maatskappye en dat al sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.



Mariza Lubbe
Sekretaris


Stellenbosch
21 Junie 2010

VERSLAG VAN DIE OUDIT-EN-RISIKOKOMITEE

AAN DIE LEDE VAN REMGRO BEPERK

Die oudit-en-risikokomitee doen met genoeë verslag, ingevolge die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig ("Maatskappywet"). Die oudit-en-risikokomitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure wat onafhanklik optree, soos beskryf in afdeling 269A van die Maatskappywet. In die jaar onder oorsig is vier vergaderings gehou, wat deur al die komiteelede bygewoon is. By hierdie vergaderings het die lede hul funksies verrig soos deur die Maatskappywet voorgeskryf. 'n Lys met volle besonderhede van die funksies van die oudit-en-risikokomitee verskyn in die korporatiewe bestuursverslag. Die oudit-en-risikokomitee het homself vergewis dat die ouditeur onafhanklik van die maatskappy

is en dus in staat is om hul funksies sonder enige invloed vanaf die maatskappy te verrig.



Herman Wessels

Voorsitter van die oudit-en-risikokomitee

Stellenbosch
21 Junie 2010

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

AAN DIE LEDE VAN REMGRO BEPERK

Ons het die groep finansiële jaarstate en finansiële jaarstate van Remgro Beperk geaudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde en afsonderlike state van finansiële stand soos op 31 Maart 2010, en die gekonsolideerde en afsonderlike inkomstestate, die gekonsolideerde en afsonderlike state van omvattende inkomste, die gekonsolideerde en afsonderlike state van veranderinge in ekwiteit en gekonsolideerde en afsonderlike state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende aantekeninge, en die direkteursverslag, soos uiteengesit op bladsy 85 tot 154.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die finansiële state

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Hierdie verantwoordelikheid sluit in: die ontwerp, implementering en instandhouding van interne beheer relevant tot die opstel en redelike voorstelling van finansiële state wat vry is van wesentlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute; die keuse en toepassing van toepaslike rekeningkundige beleid; en die maak van rekeningkundige ramings wat in die omstandighede redelik is.

Ouditeur se verantwoordelikheid

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons oudit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde uitgevoer. Daardie standaard vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die oudit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesentlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitende die beoordeling

van die risiko's van wesentlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

Mening

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesentlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële stand van Remgro Beperk soos op 31 Maart 2010, en van die maatskappy se gekonsolideerde en afsonderlike finansiële prestasie en gekonsolideerde en afsonderlike kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word.



PRICEWATERHOUSECOOPERS 

PricewaterhouseCoopers Ing.

Direkteur: N H Döman

Geregistreerde Ouditeur

Kaapstad
21 Junie 2010

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

Geagte Aandeelhouer

Die raad doen met genoeg verslag oor die bedrywighede en finansiële resultate vir die jaar onder oorsig.

AARD VAN BEDRYWIGHEDE

Die maatskappy is 'n beleggingshouermaatskappy. Kontant-inkomste bestaan hoofsaaklik uit dividende en rente. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en sy filiale inkorporeer ook die geëkwiteerde toekryfbare inkomste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings.

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro die totale uitgereikte aandelekapitaal van VenFin Beperk (VenFin) vir R3.7 miljard verkry wat tot gevolg gehad het dat VenFin 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro geword het.

Na die transaksie waarna hierbo verwys word, het die groep se belange hoofsaaklik uit beleggings in bankwese en finansiële dienste, drukwerk en verpakking, glasprodukte, mediese dienste, mynwese, petroleumprodukte, voedsel, wyn en spiritualieë, media, tegnologie en verskeie ander handelsmerkprodukte bestaan.

RESULTATE

Jaar geëindig 31 Maart:	2010	2009
Wesensverdienste (R miljoen)	3 355	4 660
– per aandeel (sent)	690.1	987.7
– verwater (sent)	676.4	954.8
Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede (R miljoen)*	3 355	3 168
– per aandeel (sent)	690.1	671.5
– verwater (sent)	676.4	659.2
Verdienste – netto wins vir die jaar (R miljoen)	3 060	45 330
– per aandeel (sent)	629.4	9 607.9
– verwater (sent)	616.3	9 570.4
Dividende (R miljoen)**	1 080	902
– gewoon – per aandeel (sent)	209.00	190.00

* Gedurende November 2008 is die belegging in British American Tobacco Plc (BAT) ontbondel aan Remgro-aandeelhouers as 'n tussendividend in spesie. Wesensverdienste van voortgesette bedrywighede is bereken deur die geëkwiteerde inkomste van BAT, asook al die nie-herhalende kostes wat verband hou met die ontbondeling, uit te sluit.

** 'n Finale dividend van 125 sent (2009: 110 sent) per aandeel is verklaar na jaareinde en is gevolglik nie in die finansiële jaarstate voorsien nie. Geen SBM is op hierdie dividende betaalbaar nie.

BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die jaar onder oorsig was soos volg:

Verkryging van VenFin Beperk (VenFin)

Op 23 November 2009 is die verkryging van VenFin voltooi en het Remgro 41 626 619 aandeel teen 'n prys van R89.25 per aandeel aan VenFin-aandeelhouers uitgereik.

Vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 is slegs VenFin se geassosieerde en gesamentlike ondernemings met Maart- en September-jaareindes volgens die ekwiteitsmetode vir die drie maande vanaf 1 Januarie 2010 tot 31 Maart 2010 verantwoord. Die mees beduidende van hierdie beleggings is Sabido Investments (Edms) Beperk (Sabido) en die CIV groep van maatskappye wat die belegging in Dark Fibre Africa (Edms) Beperk insluit. Vanaf 1 April 2010 sal al VenFin se maatskappye waarin belê is volgens die ekwiteitsmetode vir 'n volle twaalfmaande-tydperk geëkwiteer word.

Ingevolge IFRS 3: Besigheidsamevoegings is die koopprys van R3 715 miljoen toegedeel aan beleggings in geassosieerde maatskappye ten bedrae van R2 986 miljoen en ander beleggings en lenings van R485 miljoen, terwyl die balans aan ander netto bates toegedeel is. Ontasbare bates ten bedrae van R698 miljoen is binne Sabido, SEACOM en Tracker geïdentifiseer as deel van die verkryging van VenFin. Die amortisasie van dié bates sal 'n addisionele jaarlikse uitgawe van R35 miljoen teen wesensverdienste tot gevolg hê.

Vir die jaar onder oorsig is die resultate van VenFin wat by die gerapporteerde resultate van Remgro ingesluit is, nie wesentlik nie, en het dit bestaan uit wesensverdienste van maatskappye waarin belê is ten bedrae van ongeveer R53 miljoen en na-belaste korporatiewe koste van ongeveer R16 miljoen. Gebaseer op die aanname dat die verkryging effektief was op 1 April 2009 is dit bereken dat VenFin se wesensverdienste vir die volle jaar ongeveer R117 miljoen sou wees.

Capevin Holdings Beperk (Capevin Holdings) en Capevin Beleggings Beperk (Capevin Beleggings)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 4 034 692 aandeel in Capevin Beleggings (9.6%-aandeelhouding) en 38 551 857 aandeel in Capevin Holdings (8.6%-aandeelhouding) vir 'n totale bedrag van R389.3 miljoen verkry. Hierdie verkrygings het effektief Remgro se indirekte belang in Distell met 4.1% tot 33.3% verhoog (31 Maart 2009: 29.2%).

Die belegging in Capevin Beleggings is aanvanklik as 'n finansiële instrument "beskikbaar vir verkoop" geklassifiseer en dividendinkomste ten bedrae van R7.3 miljoen is gedurende die jaar onder oorsig in die

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

inkomstestaat verantwoord. In die toekoms sal beide die beleggings jaarliks volgens die ekwiteitsmetode vir die twaalf maande tot Desember verantwoord word.

PG Groep van Maatskappye (PGSI)

PGSI is die buitelandse houermaatskappy van die Plate Glass-groep. Gedurende Junie 2009, ter deelname aan 'n regte-aanbod, het Remgro 'n verdere R171.1 miljoen in PGSI belê. Die belegging word verteenwoordig deur 'n ekwiteitsbelegging ten bedrae van R41.5 miljoen en 'n belegging in omskepbare aflosbare voorkeuraandeel ten bedrae van R129.6 miljoen. Die termyn van die voorkeuraandeel is vyf jaar en dit het 'n effektiewe dividendopbrengs van 7.6%.

Gedurende Maart 2010 het PGSI nog 'n regte-aanbod gedoen ingevolge waarvan Remgro aanvanklik R13.6 miljoen in PGSI belê het. Die regte-aanbod sal in twee fases geïmplementeer word en Remgro sal 'n verdere R13.6 miljoen gedurende Junie 2010 belê. Die aandeelhouers van PGSI het terselfdertyd ingestem om 'n bystandfasiliteit ten bedrae van R150 miljoen aan PGSI te verskaf. Remgro se deel van die fasiliteit bedra R44 miljoen en die fasiliteit sal op 27 Desember 2011 verstryk. Op 31 Maart 2010 was Remgro se belang in PGSI, op 'n ten volle verwaterde grondslag, 25.2% (31 Maart 2009: 25.0%).

Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk (Tsb Sugar)

Met ingang van 3 Augustus 2009 het Tsb Sugar die Pongola-suikermeule vanaf Illovo Sugar Beperk vir R180.0 miljoen verkry. Vir die agt maande sedert verkryging het die Pongola-suikermeule R248 miljoen tot omset bygedra, terwyl 'n bedryfsverlies, voor rente en belasting, ten bedrae van R46 miljoen gerapporteer is.

Xiocom Wireless, Inc. (Xiocom)

Gedurende die 2008 finansiële jaar het Remgro 'n belang van 37.5% in Xiocom bekom. Gedurende die jaar onder oorsig is 'n verdere \$7.1 miljoen in Xiocom belê, wat die totale bedrag wat belê is, op \$35.8 miljoen te staan bring. Die maatskappy het gedurende dié tyd onderpresteer.

Gedurende die tweede helfte van die finansiële jaar is daar besluit om die belegging in Xiocom te beëindig en in Maart 2010 is die belegging vir 'n nominale bedrag verkoop. Addisioneel tot die ekwitering vir 'n wesensverlies van R79.2 miljoen in die huidige finansiële jaar, is 'n na-belaste kapitaalverlies van R13.5 miljoen ook met die transaksie gerealiseer.

Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk (KTI) en die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF)

Gedurende die 2007 finansiële jaar het Remgro ooreenkomste met KTI en KIEF aangegaan ingevolge waarvan Remgro homself verbind het om R350 miljoen in KIEF te belê. Die fonds het 'n teikengrootte van R650 miljoen en beoog om in infrastruktuurprojekte,

insluitende paaie, lughawens, kragstasies, telekommunikasie-installasies, spoorwegnetwerke, hawens en water- en sosiale infrastruktuur te belê. Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere R19.1 miljoen in KIEF belê. Teen 31 Maart 2010 het Remgro R94.2 miljoen van die R350 miljoen belê.

Premier Team Holdings Limited (PTH)

Gedurende Mei 2009 het VenFin 'n 50%-belang in PTH, 'n sport- en ontspanningsgroep wat in die Verenigde Koninkryk gebaseer is, verkry. Sedert die verkryging van VenFin is 'n bedrag van GBP2.5 miljoen (of R30.3 miljoen) in PTH belê. Die addisionele belegging het nie Remgro se 50%-aandeelhouding in PTH beïnvloed nie.

Milestone China Opportunities Fund II, L.P. (Milestone II)

Gedurende Maart 2007 het VenFin homself verbind om \$25.0 miljoen in Milestone II te belê. Sedert die verkryging van VenFin is 'n verdere \$2.4 miljoen in Milestone II belê. Teen 31 Maart 2010 was \$12.1 miljoen van die \$25.0 miljoen reeds belê.

One Digital Media (Edms) Beperk (ODM)

VenFin het sy belang in ODM gedurende Junie 2007 verkry. Sedertdien is R54.5 miljoen in ODM belê in ruil vir 'n ekwiteitsbelang van 49.1%. Sedert die verkryging van VenFin is 'n bedrag van R5.9 miljoen aan ODM geleen ingevolge 'n R10.0 miljoen fasiliteit wat deur Remgro toegestaan is. Die fasiliteit dra rente teen primakoers en is terugbetaalbaar teen 31 Mei 2013.

Business Partners Beperk (Business Partners)

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro 'n verdere 75 000 Business Partners-aandeel vir 'n totale bedrag van R0.4 miljoen verkry. Remgro se belang in Business Partners, op 'n ten volle verwaterde grondslag, het onveranderd op 20.8% gebly.

Gebeure na jaareinde:

FirstRand Beperk (FirstRand) en RMB Holdings Beperk (RMBH)

Op 31 Maart 2010 het FirstRand aangekondig dat 'n ooreenkoms met Metropolitan Holdings Beperk (Metropolitan) bereik is om al FirstRand se gewone aandeel in sy volfiliaalmaatskappy, Momentum Groep Beperk, te verkoop in ruil vir Metropolitan gewone aandeel. Daar word verwag dat FirstRand ongeveer 59.5% van die totale uitgereikte aandeelkapitaal van die saamgesmelte entiteit sal hou. FirstRand het ook sy aandeelhouers meegedeel dat hy beplan om, na afhandeling van die voorgestelde samesmelting, sy totale aandeelhouding in die saamgesmelte entiteit aan sy gewone aandeelhouers te ontbondel. Die transaksie is onderhewig aan die nakoming van 'n aantal opskortende voorwaardes voor 31 Oktober 2010.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

Terselfdertyd het RMBH aangekondig dat hy 'n aantal herstruktureringstappe ondersoek ten einde sy beleggingsportefeulje te hergroepeer en om aandeelhouderswaarde te verhoog. Hierdie stappe sluit in die moontlike skeiding van RMBH se versekerings- en bankbelange wat tot die afsonderlike notering van dié belange kan lei. Verdere aankondigings met betrekking tot bogenoemde sal deur FirstRand en RMBH gemaak word sodra gedetailleerde inligting beskikbaar is.

Trans Hex Groep Beperk (Trans Hex)

Op 21 Junie 2010 het die Remgro direksie die ontbondeling van die belegging in Trans Hex aan sy aandeelhouders goedgekeur. Remgro-aandeelhouders word verwys na die afsonderlike Aankondiging van Bepalings wat op 21 Junie 2010 op SENS vrygestel is en wat meer inligting met betrekking tot die voorgestelde ontbondeling verskaf. 'n Omsendbrief met volledige besonderhede van die voorgenome ontbondeling sal gedurende Julie 2010 aan aandeelhouders gepos word.

Business Partners

Sedert 31 Maart 2010 het Remgro 'n verdere 14 099 092 Business Partners-aandele vir 'n totale bedrag van R77.7 miljoen verkry. Remgro se belang in Business Partners, op 'n ten volle verwaterde grondslag, het tot 28.7% toegeneem (31 Maart 2010: 20.8%).

KTI en KIEF

Sedert 31 Maart 2010 het Remgro 'n verdere R74.7 miljoen in KIEF belê. Tans is R168.9 miljoen van die R350 miljoen waartoe verbind is, reeds belê.

Dark Fibre Africa (Edms) Beperk (Dark Fibre)

In die verlede het Remgro slegs 'n indirekte belang van 31.3% in Dark Fibre gehad deur sy belange in die CIV

groep van maatskappye. Gedurende Mei 2010 is R9.7 miljoen direk in Dark Fibre belê in ruil vir 'n uiteindelijke 0.7%-ekwiteitsbelang in dié maatskappy. Hierdie belegging het Remgro se belang in Dark Fibre effektief tot 32.0% verhoog.

Terselfdertyd het Remgro ingestem om 'n leningsfasiliteit ten bedrae van R85.1 miljoen aan Dark Fibre te verskaf. Die termyn van die fasiliteit is tien jaar en R53.1 miljoen van die fasiliteit is reeds aan Dark Fibre geleen.

Capevin Holdings

Sedert 31 Maart 2010 het Remgro 'n verdere 5 640 651 Capevin Holdings-aandele in die ope mark vir 'n totale bedrag van R19.1 miljoen verkry. Hierdie aankope het Remgro se indirekte belang in Distell tot 33.4% verhoog (31 Maart 2010: 33.3%).

Fundamo (Edms) Beperk (Fundamo)

Sedert 31 Maart 2010 het Remgro 'n verdere R9.9 miljoen in Fundamo belê. Remgro se belang in Fundamo het tot 26.4% (31 Maart 2010: 26.0%) verhoog.

PTH

Sedert 31 Maart 2010 het Remgro 'n verdere GBP0.6 miljoen (of R6.7 miljoen) in PTH belê. Remgro se belang in PTH het onveranderd op 50% gebly.

ODM

Sedert 31 Maart 2010 is die oorblywende R4.1 miljoen van die R10.0 miljoen fasiliteit wat aan ODM beskikbaar gestel is, aan dié maatskappy geleen.

KONTANTBRONNE BY DIE KERN

Die maatskappy se kontantbronne op 31 Maart 2010 was soos volg:

	Plaaslik R miljoen	Buiteland R miljoen	Totaal R miljoen	2009 R miljoen
Per gekonsolideerde staat van finansiële stand	1 372	2 455	3 827	5 050
Belegging in geldmarkfondse	–	1 812	1 812	1 578
Min: Kontant van bedryfsfiliale	(937)	(40)	(977)	(661)
Kontant by die kern	435	4 227	4 662	5 967

Op 31 Maart 2010 was ongeveer 43% (R1 812 miljoen) van die beskikbare buitelandse kontant by die kern in geldmarkfondse, wat nie as kontant en kontantekwivalente

op die staat van finansiële stand geklassifiseer is nie, belê. Verwys na aantekening 16 van die finansiële jaarstate vir verdere inligting.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

GROEP FINANSIËLE OORSIG

Verandering in rekeningkundige raming

Gedurende die jaar onder oorsig het Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk (Tsb Sugar) sy waardasie-metodologie met betrekking tot biologiese landboubates verander. Ingevolge IAS 41: Landbou moet hierdie bates, met aanvanklike erkenning en aan die einde van elke rapporteringstydperk, teen billike waarde minus verkoops-koste gemeet word. Die verandering in waardasie-metodologie was die gevolg van die beskikbaarheid van verbeterde bestuursinligting en gevolglik word dit as 'n verandering in rekeningkundige raming hanteer met slegs vooruitwerkende toepassing.

Die finansiële uitwerking op die drawaarde van biologiese landboubates op 31 Maart 2010 en op wins toeskryfbaar aan ekwiteithouers vir die jaar wat op dié datum geëindig het, is soos volg:

Toename in die waarde van biologiese landboubates	R53 miljoen
Toename in wins toeskryfbaar aan ekwiteithouers	R34 miljoen

Vergelykbaarheid met vorige jaar

Met ingang van 3 November 2008 is die belegging in BAT as 'n tussendividend *in specie* aan Remgro-aandeelhouders uitgekeer. Vir die jaar geëindig

31 Maart 2009 is die belegging in BAT gevolglik steeds vir die sewe maande tot 31 Oktober 2008 volgens die ekwiteitsmetode verantwoord, wat vergelykings op 'n jaargrondslag verwing.

Wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel van voortgesette bedrywighede kan egter op 'n jaargrondslag vergelyk word.

Klassifikasie van beleggings

Die verkryging van VenFin het die skep van twee nuwe rapporteringsgroepe genoodsaak, "Mediabelange" en "Tegnologiebelange". 'n Derde nuwe rapporteringsgroep, "Ander beleggings", is ook geskep. Ten einde vergelykbaarheid op 'n jaargrondslag te vergemaklik, is die inligting wat vir die vergelykende jaar aangebied word, dienoooreenkomstig aangepas.

Staat van finansiële stand

Die ontleding van "Ekwiteit aangewend" onder en "Bron van wesensverdienste" hieronder dui die sektore aan waarin die groep se beleggings ingedeel is. Geen aansuiwering is gemaak vir gevalle waar 'n belegging hoofsaaklik in een sektor bedrywig is maar ook belange in 'n ander sektor het nie.

	2010		2009	
	R miljoen	R per aandeel	R miljoen	R per aandeel
<i>Ekwiteit aangewend</i>				
Toeskryfbaar aan ekwiteithouers	43 304	84.38	38 072	80.75
<i>Aanwending van ekwiteit</i>				
Finansiële dienste	12 426	24.21	11 755	24.93
Nywerheidsbelange	16 154	31.48	14 976	31.76
Mediabelange	1 074	2.09	–	–
Mynbelange	5 776	11.26	4 267	9.05
Tegnologiebelange	2 058	4.01	–	–
Ander beleggings	573	1.12	415	0.88
Sentrale tesourie	4 662	9.08	5 967	12.66
Ander netto korporatiewe koste	581	1.13	692	1.47
	43 304	84.38	38 072	80.75

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

Inkomstestaat

	2010		2009	
	R miljoen	%	R miljoen	%
<i>Bron van wesensverdiens</i>				
Tabakbelange	–	–	2 295	49
Finansiële dienste	1 355	40	1 576	34
Nywerheidsbelange	1 982	59	1 318	28
Mediabelange	17	1	–	–
Mynbelange	96	3	164	3
Tegnologiebelange	13	–	–	–
Ander beleggings	(64)	(2)	(80)	(1)
Sentrale tesourie	57	2	194	4
Ander netto korporatiewe koste	(101)	(3)	(807)	(17)
	3 355	100	4 660	100

	2010 R miljoen	2009 R miljoen
<i>Samestelling van wesensverdiens</i>		
Filiaalmaatskappye	630	142
Winste	730	159
Verliese	(100)	(17)
Geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	2 725	4 518
Winste	2 839	5 023
Verliese	(114)	(505)
	3 355	4 660

AANDELESKEMAS

Gedurende die vorige finansiële jaar is 'n nuwe aandeeskema, die Remgro Ekwiteitsvereffende Aandegroeiereg-skema (die SAR-skema), bykomstig tot die Remgro Aandeeskema geïmplementeer. Geen nuwe toekennings is gedurende die jaar onder oorsig onder die Remgro Aandeeskema gemaak nie. Ingevolge die SAR-skema word Remgro gewone aandele ter waarde van die groei van hul reg tot 'n toegekende aantal Remgro gewone aandele aan deelnemers aangebied wat binne

verskillende intervale, maar voor die verstryking van sewe jaar na die regte toegeken is, uitgeoefen kan word.

Die vroegste intervale waarbinne aandegroeieregte uitgeoefen kan word, is soos volg:

- Een-derde na drie jaar na die toekenningsdatum
- Twee-derdes na vier jaar na die toekenningsdatum
- Die res na vyf jaar na die toekenningsdatum

Verwys na aantekening 26 by die finansiële jaarstate vir volledige besonderhede met betrekking tot die Remgro Aandeeskema asook die SAR-skema.

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

TESOURIE-AANDELE

Op 31 Maart 2009 is 3 500 000 Remgro gewone aandele (0.8%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde die nuwe aandelegroeienskema, wat na die ontbondeling van die belegging in BAT gedurende November 2008 geïmplementeer is, te verskans.

Gedurende die jaar onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 75 956 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skema deelnemers, wie aandelegroeieregte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 31 Maart 2010 is 3 424 044 Remgro gewone aandele (0.7%) as tesourie-aandele gehou.

HOOFAANDEELHOUER

Rembrandt Trust (Edms) Beperk (Rembrandt Trust) hou al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele van die maatskappy en is geregtig op 42.64% (2009: 44.89%) van die totale stemreg.

'n Ontleding van die aandeelhouers verskyn op bladsy 152 en 153.

FILIAALMAATSKAPPYE EN BELEGGINGS

Besonderhede van filiaalmaatskappye, geassosieerde maatskappye en ander beleggings word in Bylae A en B uiteengesit.

DIREKTEURE

Die name van die direkteure verskyn op bladsy 8 en 9.

Met ingang van 4 November 2009 is mnrre N P Mageza, P J Moleketi, G T Ferreira en dr M A Ramphele as onafhanklike, nie-uitvoerende direkteure in die raad van Remgro aangestel. Verder is mnr J J Durand as 'n uitvoerende direkteur aangestel. Mnr G D de Jager het op 5 Augustus 2009 as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur uitgetree.

Kragtens die bepalings van die statute tree mnrre J J Durand, J W Dreyer, G T Ferreira, N P Mageza, J Malherbe, P J Moleketi, F Robertson, M H Visser, mev J A Preller en dr M A Ramphele volgens rooster as direkteure af. Hierdie direkteure is en stel hulself herkiesbaar.

BELANGE VAN DIREKTEURE

Die direkte en indirekte belange van direkteure en hul verwantes in die uitgereikte gewone aandeelkapitaal van

die maatskappy, het in totaal op 31 Maart 2010, 2.81% (2009: 1.26%) bedra.

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust wat die houër is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

'n Ontleding van die belange van direkteure in die uitgereikte kapitaal van die maatskappy verskyn op bladsy 154.

DIREKTEURVERGOEDING

Die totale direkteursvergoeding betaalbaar vir dienste as direkteure die afgelope finansiële jaar gelewer, het R2 981 000 (2009: R2 697 000) beloop.

AANKOOP VAN AANDELE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar word aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om, indien omstandighede dit regverdig, die maatskappy se eie aandele te verkry en om goedkeuring aan enige filiaalmaatskappye van die maatskappy te gee om aandele in die maatskappy te verkry, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig ("Maatskappywet"), en die noteringsvereistes van die JSE Beperk ("noteringsvereistes"). Daar word verder aanbeveel dat 'n algemene magtiging aan die raad toegestaan word om die direkteure te magtig om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele moet koop.

Spesiale besluite om hierdie algemene magtiging aan die raad te verleen is ingesluit in die kennisgewing vir die algemene jaarvergadering wat op bladsy 156 verskyn.

SPESIALE BESLUIE

Geen spesiale besluite is deur die maatskappy se belangrikste filiale geneem waarvan die aard wesentlik mag wees met betrekking tot die stand van sake van die groep nie.

DIVIDENDE

Die finale gewone dividend per aandeel is op 125 sent (2009: 110 sent) vasgestel. Totale gewone dividende per aandeel ten opsigte van die finansiële jaar tot 31 Maart 2010 bedra gevolglik 209 sent (2009: 190 sent).

VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Verklaring van Dividend Nr. 20

'n Finale dividend van 125 sent (2009: 110 sent) per aandeel is verklaar ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2010 geëindig het.

Betaling

Die finale dividend is betaalbaar op Maandag, 23 Augustus 2010, aan aandeelhouders van die maatskappy wat op Vrydag, 20 Augustus 2010, geregistreer is.

Aandeelhouders mag nie in die tydperk van Maandag, 16 Augustus 2010, tot Vrydag, 20 Augustus 2010, beide datums ingesluit, hulle aandeelsertifikate dematerialiseer of rematerialiseer nie.


SEKRETARIS

Die naam en adres van die maatskappysekretaris verskyn op bladsy 155.

GOEDKEURING

Die finansiële jaarstate op bladsy 85 tot 154 uiteengesit, is deur die raad goedgekeur.

Geteken namens die raad van direkteure.



Johann Rupert
Voorsitter



Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
21 Junie 2010

REKENINGKUNDIGE BELEID

VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

Die finansiële jaarstate word volgens die historiese kostegronslag, tensy anders vermeld, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig, en die noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat konsekwent in beide jare wat aangebied word, toegepas is, met die uitsondering van die implementering van IFRS 8: *Operasionele segmente* en die wysigings aan IFRS 7: *Finansiële instrumente – Openbaarmaking* en IAS 1 (*gewysig*): *Aanbieding van finansiële state*. Die implementering van hierdie nuwe rekeningkundige standpunt en wysigings aan IFRS het slegs 'n impak op openbaarmaking gehad en geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige jare nie.

Die samestelling van die groep se netto wins is relevant vir 'n behoorlike begrip van sy finansiële resultate. Uit die aard van die groep se bedrywighede is 'n beduidende gedeelte van sy netto wins afkomstig vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings. Gevolglik word addisionele inligting met betrekking tot die groep se belang in die na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings afsonderlik in aantekening 29 aangebied.

Ten einde vergelykbaarheid te bevorder, word geëkwiteerde inkomste vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings, wat op 'n na-belaste grondslag aangebied word, ná die belastinglyn op die inkomstestaat geopenbaar.

“Gekonsolideerde wins” verteenwoordig die wins van die maatskappy en sy filiaalmaatskappye voor ekwiteitsinkomste terwyl “Handelswins” die wins van die bedryfsfiliale in die groep verteenwoordig, voor beleggingsinkomste, finansieringskoste en items van 'n kapitale aard.

Die rekeningkundige beleid wat die groep toegepas het in die aanbieding van die finansiële state, word hieronder uiteengesit.

(I) KONSOLIDASIE EN EKWITEITSVERANTWOORDING

Konsolidasie – filiaalmaatskappye

Alle entiteite waarin die groep, direk of indirek, 'n belang van meer as die helfte van die stemreg hou of andersins oor die vermoë beskik om beheer oor die finansiële en bedryfsbeleid uit te oefen, word op die gebruikelike wyse in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit. Die bestaan en uitwerking van potensiële stemregte wat tans uitoefenbaar of omskepbaar is, word in ag geneem by die oorweging of die groep 'n ander entiteit beheer.

Die aankoopmetode word toegepas om die verkryging van filiale te verantwoord. Identifiseerbare bates verkry en laste en voorwaardelike verpligtinge aangeneem in 'n besigheids-

kombinasie word, ongeag die omvang van minderheidsbelange, aanvanklik teen billike waarde op die verkrygingsdatum gemeet. Die oorskot van die koste van die verkryging bo die billike waarde van die groep se deel van die identifiseerbare netto bates verkry, word as klandisiewaarde verantwoord. Indien die koste van die verkryging minder is as die billike waarde van die netto bates van die filiaal verkry, word die verskil direk in die inkomstestaat verantwoord. Die koste van 'n verkryging word gemeet teen die billike waarde van bates gegee, ekwiteitsinstrumente uitgereik en verpligtinge aangegaan of aanvaar op die datum van oordrag, plus koste direk toeskryfbaar aan die verkryging.

Die resultate van filiaalmaatskappye gekoop of verkoop gedurende die jaar is ingesluit by die gekonsolideerde inkomstestaat vanaf of tot die datum waarop effektiewe beheer verkry is of staak.

Intergroeptransaksies, -balanse en ongerealiseerde winste word met konsolidasie uitgeskakel. Ongerealiseerde verliese word ook uitgeskakel tensy die transaksie dui op die waardedaling van die bate wat oorgedra is.

Die rekeningkundige beleid van die filiale stem ooreen met dié wat deur die groep aangeneem is. Rekeningkundige beleid van verskeie nywerhede is in lyn gebring tot dié mate dat dit wesenlik en toepaslik vir die spesifieke nywerheid is.

BYLAAG B

BELANGRIKSTE BELEGGINGS OP 31 MAART 2010

NAAM VAN MAATSKAPPY	GENOTEER				ONGENOTEER			
	2010		2009		2010		2009	
In Suid-Afrika geïnkorporeer tensy anders vermeld	Aandele gehou	Effektiewe belang %	Aandele gehou	Effektiewe belang %	Aandele gehou	Effektiewe belang %	Aandele gehou	Effektiewe belang %
Finansiële dienste								
RMB Holdings Beperk	(2)	302 279 403	25.0	302 279 403		25.0		
– gehou deur RMB Holdings Beperk:								
– FirstRand Beperk (33%)			8.1			8.1		
FirstRand Beperk	(2)	481 142 375	9.1	481 142 375		9.2		
Nywerheidsbelange								
Air Products South Africa (Edms) Beperk	(1)				4 500 000	50.0	4 500 000	50.0
Capevin Holdings Beperk	(5)				38 551 857	8.6	–	–
– indirek gehou deur Capevin Holdings Beperk deur Remgro-Capevin Beleggings Beperk:								
– Distell Groep Beperk (15%)			1.3			–		
Capevin Beleggings Beperk	(6)	4 034 692	9.6	–		–		
– indirek gehou deur Capevin Beleggings Beperk deur Remgro-Capevin Beleggings Beperk:								
– Distell Groep Beperk (29%)			2.8			–		
Dorbyl Beperk	(1)	14 058 346	41.4	14 058 346		41.4		
Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk	*(2)				10 344	42.5	10 344	42.5
Medi-Clinic Korporasie Beperk	(1)	257 346 286	45.7	257 346 286		45.9		
Nampak Beperk	(1)	78 096 694	13.3	78 096 694		13.3		
PGSI Beperk – BVI	*(2)				13 272 128	28.7	11 387 737	29.1
PGSI Beperk voorkeuraandele	**				129 607 022	91.7	–	–
Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk	(1)				5 348 135	25.8	5 348 135	25.8
Total South Africa (Edms) Beperk	*(2)				12 872 450	31.1	12 872 450	33.2
Remgro-Capevin Beleggings Beperk	(2)				50	50.0	50	50.0
– gehou deur Remgro-Capevin Beleggings Beperk:								
– Distell Groep Beperk (58%)			29.2			29.2		
Mediabelange								
Sabido Investments (Edms) Beperk	(7)				17 730 595	31.6	–	–
MARC Groep Beperk	(5)				81 392 413	33.7	–	–
MARC Groep Beperk voorkeuraandele	**				144 788 321	100.0		
Mynbelange								
Impala Platinum Holdings Beperk	**	26 687 288	4.4	26 687 288		4.4		
Trans Hex Group Beperk	(3)	30 215 000	28.6	30 215 000		28.5		
Tegnologiebelange								
CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk	(7)				150	30.0	–	–
CIE Telecommunications Beperk	(7)				90 000	30.0	–	–
CIV Power Beperk	(7)				90 000	30.0	–	–
Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk	(7)				21 445	18.8	–	–
SEACOM Capital Limited – Mauritius	(5)				1 000	25.0	–	–
Tracker Investment Holdings (Edms) Beperk	(5)				28 374	31.0	–	–
Ander beleggings								
Business Partners Beperk	*(1)				37 210 149	21.5	37 135 149	21.5
Xiocom Wireless, Inc. – VSA	(4)				–	–	22 500 000	44.4

Finansiële tydperk verantwoord:

⁽¹⁾ Twaalf maande tot 31 Maart 2010.

⁽²⁾ Twaalf maande tot 31 Desember 2009.

⁽³⁾ Op 30 November 2009 is die belegging in Trans Hex Groep Beperk geklassifiseer as 'n belegging "beskikbaar vir verkoop". Gevolglik is die belegging slegs geëkswiteer vir die agt maande tot 30 November 2009.

⁽⁴⁾ Twaalf maande tot 31 Maart 2010. Die belegging in Xiocom Wireless, Inc. is gedurende Maart 2010 verkoop.

⁽⁵⁾ Geen inkomste is gedurende die jaar onder oorsig verantwoord nie.

⁽⁶⁾ Slegs dividendinkomste is gedurende die jaar onder oorsig verantwoord.

⁽⁷⁾ Drie maande tot 31 Maart 2010.

* Effektiewe belang, op 'n volle verwaterde grondslag:

– Total South Africa (Edms) Beperk 24.9% (2009: 24.9%)

– Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk 37.7% (2009: 37.7%)

– Business Partners Beperk 20.8% (2009: 20.8%)

– PGSI Beperk 25.1% (2009: 25.0%)

** Nie 'n geassosieerde maatskappy nie.

BVI – "British Virgin Islands"

VSA – Verenigde State van Amerika

Besonderhede van beleggings wat nie wesentlik is vir die beoordeling van die groep nie, word nie aangetoon nie.

BYLAAG C

BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPE – ADDISIONELE INLIGTING

	RMBH (Finansiële dienste) 2010	FirstRand (Finansiële dienste) 2010	Medi-Clinic (Nywerheids- belange) 2010	Unilever South Africa (Nywerheids- belange) 2010
	R miljoen	R miljoen	R miljoen	R miljoen
Effektiewe belang	25.0%	9.1%	45.7%	25.8%
Drawaarde van beleggings	6 400	6 026	3 111	3 109
Deel van behoue ekwiteitsinkomste				
– Huidige jaar	373	298	(422)	159
Normale inkomste	720	635	461	275
Dividende	(299)	(270)	(180)	(116)
Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings	(21)	(15)	13	–
Ander reserwe- en wisselkoersbewegings	(27)	(52)	(716)	–
– Kumulatief	3 074	3 270	1 048	399

Opgesomde finansiële inligting:

	Per tussen- verslag 31/12/2009	Per tussen- verslag 31/12/2009	Per jaar- verslag 31/03/2010	Per kwartaal- verslag 31/03/2010

Nota 1

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

Bates

Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	1 082	50 180	–	–
Ontasbare bates	13	5 632	5 243	10 496
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	143	7 990	28 046	2 726
Beleggings en lenings	21 664	24 436	26	22
Netto bedryfsbates/(-laste)	–	(21 321)	(4 686)	173
	22 902	66 917	28 629	13 417

Ekwiteit en laste

Aandeelhouersfondse	22 902	56 622	7 616	12 148
Langtermynskuld	–	10 295	21 013	1 269
	22 902	66 917	28 629	13 417

	12 maande geëindig 31/12/2009	12 maande geëindig 31/12/2009	12 maande geëindig 31/03/2010	12 maande geëindig 31/03/2010

INKOMSTESTAAT

Wesensverdienste	2 879	6 880	1 004	1 083
Netto wins vir die jaar	2 797	6 717	1 034	1 070
Dividende betaal	1 197	2 929	374	450

Daar is geen lenings aan hierdie geassosieerde maatskappye nie.

Nota 1: Hierdie staat van finansiële stand is soos op 31 Desember 2009 aangesien Unilever South Africa nie 'n staat van finansiële stand in sy kwartaalverslag tot 31 Maart 2010 ingesluit het nie.

Nota 2: Bogenoemde beleggings verteenwoordig 66% van die totale drawaarde van geassosieerde maatskappye.

BYLAAG C

BEDUIDENDE GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE – ADDISIONELE INLIGTING

	RMBH (Finansiële dienste) 2009	FirstRand (Finansiële dienste) 2009	Medi-Clinic (Nywerheids- belange) 2009	Unilever South Africa (Nywerheids- belange) 2009
	R miljoen	R miljoen	R miljoen	R miljoen
Effektiewe belang	25.0%	9.2%	45.9%	25.8%
Drawaarde van beleggings	6 027	5 728	3 533	2 950
Deel van behoue ekwiteitsinkomste				
– Huidige jaar	533	642	(558)	114
Normale inkomste	761	816	294	229
Dividende	(382)	(348)	(163)	(116)
Nie-herhalende en kapitale items en waardedalings	55	51	–	1
Ander reserwe- en wisselkoersbewegings	99	123	(689)	–
– Kumulatief	2 701	2 972	1 470	240
Opgesomde finansiële inligting:				
	Per tussen- verslag 31/12/2008	Per tussen- verslag 31/12/2008	Per jaar- verslag 31/03/2009	Per kwartaal- verslag 31/03/2009

Nota 1

STAAT VAN FINANSIËLE STAND

Bates

Netto voorskotte, lenings en bankverwante sekuriteite	1 071	40 071	–	–
Ontasbare bates	26	5 284	6 293	10 423
Eiendom, aanleg en toerusting en ander	116	8 805	32 479	1 875
Beleggings en lenings	20 202	25 656	32	23
Netto bedryfsbates/(-laste)	–	(12 472)	(5 469)	(182)
	21 415	67 344	33 335	12 139

Ekwiteit en laste

Aandeelhouersfondse	21 415	53 181	7 989	11 643
Langtermynskuld	–	14 163	25 346	496
	21 415	67 344	33 335	12 139

	12 maande geëindig 31/12/2008	12 maande geëindig 31/12/2008	12 maande geëindig 31/03/2009	12 maande geëindig 31/03/2009
--	-------------------------------------	-------------------------------------	-------------------------------------	-------------------------------------

INKOMSTESTAAT

Wesensverdienste	3 043	8 779	627	898
Netto wins vir die jaar	3 262	9 338	639	894
Dividende betaal	1 712	4 289	339	450

Daar is geen lenings aan hierdie geassosieerde maatskappye nie.

Nota 1: Hierdie staat van finansiële stand is soos op 31 Desember 2008 aangesien Unilever South Africa nie 'n staat van finansiële stand in sy kwartaalverslag tot 31 Maart 2009 ingesluit het nie.

Nota 2: Bogenoemde beleggings verteenwoordig 75% van die totale drawaarde van geassosieerde maatskappye.

BYLAAG D

INLIGTING OOR SEGMENTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2010

R miljoen	2010			
	Inkomste	Wesens- verdienste	Bates	Laste
Finansiële dienste				
RMBH	–	720	6 400	–
FirstRand	–	635	6 026	–
Nywerheidsbelange				
Air Products South Africa	–	115	536	–
Distell Groep ⁽²⁾	–	281	1 798	–
Kagiso Trust Investments	–	128	1 213	–
Medi-Clinic Korporasie	–	460	3 111	–
Nampak	–	73	1 205	–
PGSI	–	83	533	–
Rainbow Chicken	6 953	259	4 419	1 756
Total South Africa	–	42	631	–
Tsb Sugar	4 149	227	2 857	1 425
Unilever SA Holdings	–	279	3 109	–
Wispeco	747	63	533	175
Ander nywerheidsbelange	–	(28)	343	16
Mediabelange				
Sabido	–	11	837	–
MARC ⁽⁴⁾	–	5	187	–
Ander mediabelange	–	1	50	–
Mynbelange				
Implats	–	85	5 711	–
Trans Hex Groep	–	11	65	–
Tegnologiebelange				
CIV groep ⁽³⁾	–	7	378	–
SEACOM ⁽⁴⁾	–	–	721	–
Tracker ⁽⁴⁾	–	–	574	–
Ander tegnologiebelange	–	6	385	–
Ander beleggings	–	(64)	573	–
Sentrale tesourie – kontant by die kern	–	57	4 662	–
Ander netto korporatiewe bates	–	(101)	1 419	821
	11 849	3 355	48 276	4 193
Uitskakeling van lenings aan/vanaf filiaalmaatskappye			(218)	(218)
Gekonsolideerd			48 058	3 975

⁽¹⁾ Voorheen is die groep se belange in vyf hoofbedryfsegmente/afdelings – tabakbelange, finansiële dienste, nywerheidsbelange, mynbelange en korporatief en ander ingedeel. Voortspruitend uit die implementering van IFRS 8: Bedryfsegmente is die besigheidsegment-analise aangepas deur beduidende beleggings as bedryfsegmente in eie reg te openbaar. Ten einde verwysing te vergemaklik word bedryfsegmente steeds saam gegroepeer (in “rapporteringsgroepe”). Die verkryging van VenFin het die skep van twee nuwe rapporteringsgroepe genoodsaak, “Mediabelange” en “Tegnologiebelange”. ‘n Derde nuwe rapporteringsgroep, “Ander beleggings”, is ook geskep. Ten einde vergelykbaarheid op ‘n jaargrondslag te vergemaklik, is die inligting wat vir die vergelykende jaar aangebied word, dienooreenkomstig aangepas.

⁽²⁾ Sluit die beleggings in Capevin Beleggings Beperk en Capevin Holdings Beperk in.

⁽³⁾ Sluit die beleggings in CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications Beperk, CIV Power Beperk en Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk in.

⁽⁴⁾ Geen ekwiteitsinkomste is vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 verantwoord nie. Hierdie maatskappye het Junie- en Desember-jaareindes. Verwys na die “Verkryging van VenFin” in die verslag van die raad van direkteure vir verdere inligting.

⁽⁵⁾ Geografiese segmentinligting: Inkomste word slegs in Suid-Afrika verdien terwyl nie-bedryfsbates ten bedrae van R1 943 miljoen in die buiteland geleë is.

BYLAAG D

INLIGTING OOR SEGMENTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2009

<i>R miljoen</i>	2009			
	Inkomste	Wesens- verdienste	Bates	Laste
Tabakbelange⁽²⁾				
R&R	–	2 295	–	–
Finansiële dienste				
RMBH	–	761	6 027	–
FirstRand	–	815	5 728	–
Nywerheidsbelange				
Air Products South Africa	–	102	453	–
Distell Groep	–	304	1 320	–
Kagiso Trust Investments	–	(139)	940	–
Medi-Clinic Korporasie	–	288	3 533	–
Nampak	–	105	1 263	–
PGSI	–	40	368	–
Rainbow Chicken	6 811	235	4 182	1 693
Total South Africa	–	(25)	566	–
Tsb Sugar	3 732	188	2 229	972
Unilever SA Holdings	–	231	2 950	–
Wispeco	912	30	410	98
Ander nywerheidsbelange	–	(41)	224	–
Mynbelange				
Implats	–	346	4 223	–
Trans Hex Groep	–	(182)	44	–
Ander beleggings	–	(80)	415	–
Sentrale tesourie – kontant by die kern	–	194	5 967	–
Ander netto korporatiewe bates	–	(807)	1 274	566
	11 455	4 660	42 116	3 329
Uitskakeling van lenings aan/vanaf filiaalmaatskappye			–	–
Gekonsolideerd			42 116	3 329

⁽¹⁾ Voorheen is die groep se belange in vyf hoofbedryfsegmente/afdelings – tabakbelange, finansiële dienste, nywerheidsbelange, mynbelange en korporatief en ander ingedeel. Voortspruitend uit die implementering van IFRS 8: Bedryfsegmente is die besigheidsegment-analise aangepas deur beduidende beleggings as bedryfsegmente in eie reg te openbaar. Ten einde verwysing te vergemaklik word bedryfsegmente steeds saam gegroepeer (in “rapporteringsgroepe”).

⁽²⁾ Gedurende die 2009 finansiële jaar is die belegging in BAT ontbondel aan aandeelhouers. Gevolglik is die tabakbelange-afdeling beëindig.

⁽³⁾ Geografiese segmentinligting: Inkomste word slegs in Suid-Afrika verdien terwyl nie-bedryfsbates ten bedrae van R734 miljoen in die buiteland geleë is.

AANDEELHOERSINLIGTING

STATISTIEK OP 31 MAART 2010

	2010		2009	
	%	Aantal aandele	%	Aantal aandele
VERNAAMSTE VOORDELIGE AANDEELHOERS				
Gewone aandele				
Public Investment Commissioner	12.53	60 268 519	15.60	68 544 387
Ander	87.47	420 837 851	84.40	370 935 364
	100.00	481 106 370	100.00	439 479 751
B-gewone aandele				
Rembrandt Trust (Edms) Beperk	100.00	35 506 352	100.00	35 506 352
Totaal		516 612 722		474 986 103

Geen ander aandeelhouer het op 31 Maart 'n voordelige belang van meer as 5% in die gewone aandele van u maatskappy gehou nie.

	2010	2009	2008	2007
VERSPREIDING VAN AANDEELHOERS				
Gewone aandele				
<i>Publieke aandeelhouers</i>	42 794	41 686	41 832	28 728
Persentasie van aandeelhouers	99.92	99.93	99.94	99.90
Aantal aandele	464 176 248	430 447 901	433 151 212	432 253 223
Persentasie van aandele uitgereik	96.48	97.94	96.47	96.31
<i>Nie-publieke aandeelhouers</i>				
Direkteure en hulle verwantes/Aandeletrust/Tesourie-aandele	36	28	27	29
Persentasie van aandeelhouers	0.08	0.07	0.06	0.10
Aantal aandele	16 930 122	9 031 850	15 852 394	16 548 984
Persentasie van aandele uitgereik	3.52	2.06	3.53	3.69
Aantal aandeelhouers	42 830	41 714	41 859	28 757

AANDEELHOERSINLICHTING
STATISTIEK OP 31 MAART 2010

BELANGE VAN DIREKTEURE IN DIE UITGEREIKTE KAPITAAL VAN DIE MAATSKAPPY

Gewone aandele

Direkteure	Direk voordelig	Indirek voordelig	Verwantes	Totaal
31 Maart 2010				
P E Beyers	52 524	174 130		226 654
W E Bührmann	256 200			256 200
J W Dreyer		191 130	2 776	193 906
J J Durand		311 462	780	312 242
G T Ferreira	30 000	128 625	560 000	718 625
P K Harris		169 118		169 118
E de la H Hertzog	264 764	1 928 942	129 984	2 323 690
J Malherbe	26 826		1 049 101	1 075 927
J A Preller	111 059			111 059
F Robertson		7 000		7 000
J P Rupert			6 867 150	6 867 150
T van Wyk	131 640		100	131 740
M H Visser	114 164	994 124		1 108 288
H Wessels			4 500	4 500
	987 177	3 904 531	8 614 391	13 506 099

Toe mnr G D de Jager op 5 Augustus 2009 as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur afgetree het, het hy 57 740 gewone aandele in Remgro Beperk gehou.

Direkteure	Direk voordelig	Indirek voordelig	Verwantes	Totaal
31 Maart 2009				
P E Beyers	70 024	204 130		274 154
W E Bührmann	255 880			255 880
G D de Jager	57 740			57 740
J W Dreyer		191 130	2 600	193 730
P K Harris		169 118		169 118
E de la H Hertzog	228 245	1 671 903	129 984	2 030 132
J Malherbe	26 826		246 711	273 537
J A Preller	111 059			111 059
F Robertson		5 000		5 000
J P Rupert			916 972	916 972
T van Wyk	131 640		100	131 740
M H Visser	114 164	994 124		1 108 288
H Wessels			4 500	4 500
	995 578	3 235 405	1 300 867	5 531 850

B-gewone aandele

Mnr J P Rupert is 'n direkteur van Rembrandt Trust (Edms) Beperk wat die houer is van al die uitgereikte ongenoteerde B-gewone aandele.

Sedert die einde van die finansiële jaar tot datum van hierdie verslag het die belange van die direkteure onveranderd gebly.

AANDEELHOUERSINLIGTING

DATUMS VAN BELANG VIR AANDEELHOUERS

Finansiële jaareinde
Algemene jaarvergadering

31 Maart
Woensdag, 18 Augustus 2010

FINANSIËLE VERSLAE

Aankondiging van tussenresultate	November
Tussenverslag	Desember
Aankondiging van jaarresultate	Junie
Finansiële jaarstate	Julie

DIVIDENDE

Tussendividend	
– verklaar	November
– betaal	Januarie
Finale dividend	
– verklaar	Junie
– betaal	Augustus

FINALE DIVIDEND NOMMER 20

Gewone dividend per aandeel	125 sent
Laaste dag van verhandeling ten einde vir die finale dividend te kwalifiseer	Vrydag, 13 Augustus 2010
Verhandelinge op of na hierdie datum sal met uitsluiting van die finale dividend wees	Maandag, 16 Augustus 2010
Rekorddatum	Vrydag, 20 Augustus 2010
Betaaldatum	Maandag, 23 Augustus 2010

MAATSKAPPY-INLIGTING

SEKRETARIS

M Lubbe

SAKE-ADRES EN GEREGISTREERDE KANTOOR

Carpe Diem Kantoorgebou
Quantumstraat
Tegnopark
Stellenbosch
7600

Posbus 456
Stellenbosch
7599

OORDRAGSEKRETARIS

Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Marshallstraat 70
Johannesburg
2001

Posbus 61051
Marshalltown
2107

OUдитеURE

PricewaterhouseCoopers Ing.
Kaapstad

NOTERING

JSE Beperk
Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

AMERICAN DEPOSITARY RECEIPT (ADR) PROGRAM

Cusip nommer 75956M107
ADR tot gewone aandeel 1:1

Depositaris:
The Bank of New York
101 Barclay Street
New York, NY 10286

BORG

Rand Aksepbank
(’n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

WEBWERF

www.remgro.com

KENNISGEWING AAN AANDEELHOUERS

Die 2010 algemene jaarvergadering van Remgro Beperk ("die maatskappy") sal op Woensdag, 18 Augustus 2010, om 15:30 in die konferensiesentrum, Erinvale Estate Hotel & Spa, Lourensfordweg, Somerset-Wes, 7130, gehou word om, indien goedgevind, die volgende gewone en spesiale besluite met of sonder wysiging aan te neem:

1. GOEDKEURING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE

Gewone Besluit Nummer 1

Besluit dat die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 aanvaar en goedgekeur word.

2. HERAANSTELLING VAN OUDITEUR

Gewone Besluit Nummer 2

Besluit dat die heraanstelling van PricewaterhouseCoopers Ing. as die maatskappy se ouditeur, soos deur die maatskappy se oudit-en-risikokomitee benoem, goedgekeur word en om kennis te neem dat mnr C J Mathee die individuele geregistreerde ouditeur is wat die oudit gedurende die finansiële jaar eindigende 31 Maart 2011 sal onderneem.

3. GOEDKEURING VAN DIREKTEURE SE VERGOEDING

Gewone Besluit Nummer 3

Besluit dat direkteursvergoeding vir dienste gelewer as direkteure vir die finansiële jaar eindigende 31 Maart 2011, as volg vasgestel word:

Tipe fooi	Bestaande fooi vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 R	Voorgestelde fooi vir die jaar eindigende 31 Maart 2011 R
Raadslid	172 000	186 000
Vorsitter van die oudit-en-risikokomitee	116 000	125 000
Lid van die oudit-en-risikokomitee	58 000	63 000
Lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee	29 000	31 000

4. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 4

Besluit dat mnr M H Visser wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

5. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 5

Besluit dat mnr J W Dreyer wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

6. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 6

Besluit dat mnr F Robertson wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

7. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 7

Besluit dat mnr J Malherbe wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

8. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 8

Besluit dat mev J A Preller wat kragtens artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en haarself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

9. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 9

Besluit dat mnr J J Durand wat kragtens artikel 31.4.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

10. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 10

Besluit dat mnr G T Ferreira wat kragtens artikel 31.4.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

11. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 11

Besluit dat mnr N P Mageza wat kragtens artikel 31.4.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

12. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 12

Besluit dat mnr P J Moleketi wat kragtens artikel 31.4.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en homself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

13. VERKIESING VAN DIREKTEUR

Gewone Besluit Nummer 13

Besluit dat dr M A Ramphele wat kragtens artikel 31.4.1.1 van die statute van die maatskappy as direkteur aftree en haarself herkiesbaar gestel het, as direkteur van die maatskappy heraangestel word.

Biografiese inligting van al die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 8 en 9 van die jaarverslag.

14. ONTBONDELING VAN AANDELE IN TRANS HEX GROEP BEPERK ("TRANS HEX")

Gewone Besluit Nummer 14

Hierdie besluit moet saamgelees word met die ontbondelingsomsendbrief gedateer 26 Julie 2010 wat saam met die jaarverslag gepos is en wat deel daarvan vorm ("die ontbondelingsomsendbrief").

Besluit dat die maatskappy hiermee gemagtig word om 30 215 000 Trans Hex gewone aandele sonder pariwaarde, wat 28.49% van die totale uitgereikte aandeelkapitaal van Trans Hex verteenwoordig ("Trans Hex-aandele"), aan die maatskappy se gewone aandeelhouers en "B" gewone aandeelhouers ("aandeelhouers") te ontbondel by wyse van 'n distribusie ingevolge artikel 90 van die Maatskappywet, No. 61 van 1973, soos gewysig ("Maatskappywet"), in die verhouding van 5.85 Trans Hex-aandele vir elke 100 Remgro gewone aandele of "B" gewone aandele deur aandeelhouers gehou op die ontbondelingsrekorddatum soos omskryf in die ontbondelingsomsendbrief ("die ontbondeling").

Die direkteure van die maatskappy het die effek van die ontbondeling oorweeg en bevestig dat daar geen redelike gronde is om te glo dat:

- die maatskappy en die groep nie in staat sal wees om, in die gewone loop van besigheid, hul skulde vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die goedkeuring van die ontbondelingsomsendbrief, te betaal nie;
- die bates van die maatskappy en die groep nie hul laste vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die goedkeuring van die ontbondelingsomsendbrief sal oorskry nie. Vir hierdie doel sal die bates en die laste erken en waardeer word in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van die maatskappy se mees onlangse geouditeerde finansiële jaarstate;
- die maatskappy en die groep nie voldoende aandeelkapitaal en reserwes vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die goedkeuring van die ontbondelingsomsendbrief nie;
- die bedryfskapitaal van die maatskappy en die groep nie voldoende sal wees vir gewone besigheidsdoeleindes vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die goedkeuring van die ontbondelingsomsendbrief nie.

15. MAGTIGING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE

Spesiale Besluit Nummer 1

Besluit dat die direksie van die maatskappy hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernieubare algemene magtiging, om die koop van sy eie gewone aandele deur die maatskappy, of om die koop van gewone aandele in die maatskappy deur enige filiaal van die maatskappy, goed te keur, met dien verstande dat:

- hierdie algemene magtiging geldig sal wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy of vir 15 maande vanaf die datum van aanname van hierdie besluit, welke tydperk ook al die kortste is;
- die gewone aandele deur die bestelboek van die verhandelingsstelsel van die beurs wat deur die JSE Beperk ("JSE") bedryf word gekoop word sonder enige voorafgaande verstandhouding of ooreenkoms tussen die maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty, met dien verstande dat indien die maatskappy ingevolge hierdie algemene magtiging sy eie gewone aandele van enige volfiliaal van die maatskappy koop, vir die doel om sodanige tesourie-aandele te kanselleer, die bogemelde bepalings nie van toepassing sal wees op sodanige kooptransaksie nie;

- die maatskappy ooreenkomstig paragraaf 11.27 van die noteringsvereistes van die JSE (“noteringsvereistes”) ’n aankondiging publiseer (i) wanneer die maatskappy en/of sy filiale kumulatief 3% van die uitgereikte gewone aandele soos op die datum wat die algemene magtiging verleen is (“die aanvanklike getal”) teruggekoop het, en (ii) vir elke 3% in totaal van die aanvanklike getal gewone aandele wat daarna deur die maatskappy en/of sy filiale teruggekoop word;
- die terugkoop deur die maatskappy van sy eie gewone aandele in enige enkele finansiële jaar in totaal nie 20% van die maatskappy se uitgereikte gewone aandelekapitaal van daardie klas mag oorskry nie, met die voorbehoud dat die verkryging van gewone aandele deur ’n filiaal van die maatskappy as tesourie-aandele nie 10% van die totale getal uitgereikte gewone aandele van die maatskappy op die relevante tye mag oorskry nie;
- terugkope nie gedoen mag word teen ’n prys wat meer as 10% bo die geweegde gemiddelde markwaarde van die gewone aandele vir die vyf besigheidsdae onmiddellik voor die datum waarop die transaksie uitgevoer word, is nie;
- die maatskappy te eniger tyd net een verteenwoordiger mag aanwys om namens die maatskappy, of namens ’n filiaal van die maatskappy, die terugkoop van gewone aandele uit te voer;
- onderhewig aan die uitsonderings vervat in die noteringsvereistes, die maatskappy en die groep nie gedurende ’n verbode tydperk (soos omskryf in die noteringsvereistes) gewone aandele sal terugkoop nie, tensy hulle ’n terugkoopprogram in plek het ingevolge waarvan die datums en aantal aandele waarmee gehandel word tydens die betrokke tydperk vas is (nie onderhewig is aan enige verandering nie) en volle besonderhede van die program in ’n kennisgewing oor SENS openbaar gemaak is voor die aanvang van die verbode tydperk; en
- sodanige terugkope onderhewig sal wees aan die bepalings van die Maatskappywet die statute van die maatskappy en die noteringsvereistes.

Dit is die voorneme van die direksie om hierdie algemene magtiging te gebruik indien heersende omstandighede (insluitende die belastingbedeling en marktoestande) dit na hulle mening regverdig.

Die direkteure van die maatskappy onderneem dat hulle nie enige sodanige terugkoop sal implementeer terwyl hierdie algemene magtiging geldig is nie, tensy:

- die maatskappy en die groep in staat sal wees om, in die gewone loop van besigheid, hul skulde vir ’n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop, te betaal;
- die bates van die maatskappy en die groep hul laste vir ’n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop sal oorskry. Vir hierdie doel sal die bates en die laste erken en waardeer word in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat toegepas is in die voorbereiding van die maatskappy se mees onlangse geouditeerde finansiële jaarstate;
- die maatskappy en die groep voldoende aandelekapitaal en reserwes vir gewone besigheidsdoeleindes sal hê vir ’n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop;
- die bedryfskapitaal van die maatskappy en die groep voldoende sal wees vir gewone besigheidsdoeleindes vir ’n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop; en
- die maatskappy se borg, voor enige terugkoop van aandele in die mark, skriftelik aan die JSE bevestig het dat die maatskappy voldoende bedryfskapitaal vir doeleindes van ’n terugkoop van aandele het.

Rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nummer 1

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nummer 1 is om aan die direkteure van die maatskappy ’n algemene magtiging te verleen om die koop van sy eie gewone aandele goed te keur en om ’n filiaal van die maatskappy toe te laat om gewone aandele in die maatskappy te koop.

Vir doeleindes van die oorweging van Spesiale Besluit Nummer 1, en ter voldoening aan paragraaf 11.26 van die noteringsvereistes, is die inligting hieronder aangedui in die jaarverslag, waarin hierdie kennisgewing van die algemene jaarvergadering vervat is, ingesluit op die plekke soos aangedui:

- Direkteure en bestuur (bladsy 8 en 9);
- Wesentlike aandeelhouers (bladsy 152);
- Geen wesentlike veranderinge;
- Direkteure se belange in sekuriteite (bladsy 154);
- Aandelekapitaal van die maatskappy (bladsy 123 en 152);
- Die direkteure wie se name vermeld word op bladsy 8 en 9 van hierdie verslag aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting vervat in hierdie Spesiale Besluit Nummer 1 en sertifiseer dat, na die beste van hulle kennis en wete, daar geen ander feite nagelaat is wat enige verklaring vals of misleidend mag maak nie, en dat hulle alle redelike navrae in hierdie verband gedoen het en dat hierdie besluit alle inligting wat regtens en deur die noteringsvereistes vereis word, vervat;
- Daar is geen regs- of arbitrasieverrigtinge (insluitende enige verrigtinge wat hangend of dreigend is waarvan die maatskappy bewus is) wat ’n wesentlike effek mag hê of gehad het ten opsigte van die maatskappy en die groep se finansiële posisie oor die laaste 12-maandetydperk nie.

16. MAGTIGING VIR SLUITING VAN AFGELEIDE TRANSAKSIES

Spesiale Besluit Nummer 2

Besluit dat, onderhewig aan die aanvaarding van Spesiale Besluit Nummer 1, die direksie van die maatskappy hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernieubare algemene magtiging, om afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele koop, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes (in besonder die beperkinge vervat in paragraaf 5.84(a) van die noteringsvereistes).

Rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nummer 2

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nummer 2 is om aan die direkteure van die maatskappy 'n algemene magtiging te verleen om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele koop.

En om enige ander besigheid te verrig wat op 'n algemene jaarvergadering verrig mag word.

Lede wat nog nie hul aandele gedematerialiseer het nie, of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het, is geregtig om die vergadering by te woon, te stem en het die reg om 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes te benoem (vir welke doeleindes 'n volmagvorm (groen) hierby aangeheg word) om die vergadering namens hulle by te woon, daarop te praat en te stem. So 'n gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie. Volmagvorms moet ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Maandag, 16 Augustus 2010, om 15:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.

Volmagvorms moet slegs deur lede voltooi word wat nie hul aandele gedematerialiseer het nie of wat hul aandele gedematerialiseer het en dit in hul "eie naam" geregistreer het.

Elke lid van die maatskappy wat self teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word, sal slegs een stem hê in die geval waar stemming plaasvind by wyse van 'n opsteek van hande. By stemming per stembrief is elke lid geregtig op sodanige aantal stemme van die totale stemme in die maatskappy as wat die verhouding is waarin die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele deur so 'n lid gehou in die maatskappy staan tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die maatskappy.

Lede wat hulle aandele gedematerialiseer het en nie in "eie naam" geregistreer is as lede van die maatskappy nie, moet hulle Sentralesekuriteitebewaarpark-deelnemer ("CSDP") of makelaar kontak op die wyse en binne die tyd bepaal in hulle ooreenkoms, om:

- hulle CSDP of makelaar van hul stemopdragte te voorsien; of
- die nodige toestemming te verkry, sou hulle die vergadering self wou bywoon.

Ekwiteitsekuriteite wat deur 'n aandeeltrus of -skema gehou word se stemme sal nie in berekening gebring word vir die doeleindes van besluite aangeneem ingevolge die noteringsvereistes nie.

In opdrag van die raad van direkteure.

M Lubbe

Sekretaris

Stellenbosch
21 Junie 2010

VERDUIDELIKENDE NOTAS BY DIE KENNISGEWING

AAN AANDEELHOERS

GEWONE BESLUIE

Gewone besluit nummer 1

Goedkeuring van finansiële jaarstate

Kragtens die bepalings van artikel 286(1) van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig ("die Maatskappywet"), is direkteure verplig om aan die lede van die maatskappy sowel die finansiële jaarstate van die maatskappy as die finansiële jaarstate van die groep by die algemene jaarvergadering vir oorweging voor te lê.

Gewone besluit nummer 2

Heraanstelling van ouditeur

Kragtens die bepalings van artikel 270(1) van die Maatskappywet, moet 'n maatskappy by elke algemene jaarvergadering 'n ouditeur of ouditeure aanstel om sodanige amp te beklee vanaf die einde van daardie vergadering tot die einde van die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy.

Kragtens die bepalings van artikel 274(3) van die Maatskappywet, waar 'n firma as ouditeure aangestel word, moet die aanstelling ook die naam aandui van die individuele geregistreerde ouditeur wat die audit sal onderneem.

Gewone besluit nummer 3

Goedkeuring van direkteure se vergoeding

Kragtens die bepalings van artikel 29.2.1 van die statute van die maatskappy moet die vergoeding betaalbaar aan direkteure deur die lede van die maatskappy vasgestel word.

Gewone besluite nommers 4 – 13

Verkiesing van direkteure

Kragtens die bepalings van artikel 31.1.1 van die statute van die maatskappy tree een-derde van die direkteure of, indien hulle nie 'n veelvoud van drie is nie, die getal naaste aan 'n derde, maar nie minder nie as 'n derde, jaarliks by die algemene jaarvergadering af. Kragtens die bepalings van artikel 31.4.1.1, moet 'n persoon wat deur die direkteure as direkteur aangestel is, by die eersvolgende algemene jaarvergadering aftree en vorm nie deel van die derde van direkteure wat volgens rotasie moet aftree nie. Direkteure mag hulself vir 'n verdere termyn herkiesbaar stel. Biografiese inligting van die direkteure van die maatskappy verskyn op bladsy 8 en 9 van die Jaarverslag.

Gewone besluit nummer 14

Ontbondeling van Trans Hex-aandele

Ingevolge die bepalings van paragraaf 5.85 van die noteringsvereistes, vereis die distribusie deur Remgro van sy Trans Hex-aandele aan sy aandeelhouers ingevolge die bepalings van artikel 90 van die Maatskappywet die goedkeuring van sy aandeelhouers deur 'n gewone besluit.

SPESIALE BESLUIE

Spesiale besluit nummer 1

Algemene magtiging vir die terugkoop van aandele

Die jaarlikse hernuwing van dié magtiging word deur die noteringsvereistes en artikel 85 van die Maatskappywet vereis. Die bestaande goedkeuring aan die direkteure verval by die eerskomende algemene jaarvergadering, tensy dit hernu word.

Spesiale besluit nummer 2

Algemene magtiging vir sluiting van afgeleide transaksies

Die algemene magtiging word aan die direkteure gegee ten einde hulle in staat te stel om, onderhewig aan die bepalings van die Maatskappywet en die noteringsvereistes, afgeleide transaksies aan te gaan wat daartoe mag of sal lei dat die maatskappy sy eie aandele moet koop.

Remgro

Beperk

(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienuommer 1968/006415/06)
(Aandelekode: REM ISIN: ZAE000026480)
("die maatskappy")

VOLMAGVORM

HIERDIE VOLMAGVORM IS SLEGS VIR GEBRUIK DEUR:

1. GEREĞISTREERDE LEDE WAT NOG NIE HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET NIE; EN
2. GEREĞISTREERDE LEDE WAT REEDS HULLE REMGRO BEPERK GEWONE AANDELE GEDEMATERIALISEER HET EN IN "EIE NAAM" GEREĞISTREER IS IN DIE MAATSKAPPY SE SUBREGISTER. *

* Sien verduidelikende aantekening 3 op die keersy hiervan.

Vir gebruik deur bogenoemde geregistreerde lede wat gewone aandele van die maatskappy hou ("lid") en welke lid nie die 2010 algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Woensdag, 18 Augustus 2010, om 15:30 in die konferensiesentrum, Erinvale Estate Hotel & Spa, Lourensfordweg, Somerset-Wes, 7130, gehou word ("die algemene jaarvergadering") kan bywoon nie.

Ek/Ons _____

die houers van _____ gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee (verwys na aantekening 1 op die keersy)

1. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,
2. _____ of, by ontstentenis van hom/haar,
3. die voorsitter van die algemene jaarvergadering, as my/ons gevolmagtigde aan om namens my/ons die algemene jaarvergadering van die maatskappy by te woon en daar, of by enige verdagting daarvan, namens en ten behoeve van my/ons te praat, te stem, of buite stemming te bly soos volg (verwys na aantekening 2 en aanwysing 2 op die keersy):

Gewone besluite	Dui aan met 'n "X" of vul aantal stemme in (een stem per gewone aandeel)		
	Ten gunste van	Teen	Buite stemming
1. Goedkeuring van finansiële jaarstate			
2. Heraanstelling van ouditeur			
3. Goedkeuring van direkteure se vergoeding			
4. Verkiesing van direkteur – mnr M H Visser			
5. Verkiesing van direkteur – mnr J W Dreyer			
6. Verkiesing van direkteur – mnr F Robertson			
7. Verkiesing van direkteur – mnr J Malherbe			
8. Verkiesing van direkteur – mev J A Preller			
9. Verkiesing van direkteur – mnr J J Durand			
10. Verkiesing van direkteur – mnr G T Ferreira			
11. Verkiesing van direkteur – mnr N P Mageza			
12. Verkiesing van direkteur – mnr P J Moleketi			
13. Verkiesing van direkteur – dr M A Ramphele			
14. Ontbondeling van Trans Hex-aandele			
Spesiale besluite			
1. Magtiging vir die terugkoop van aandele			
2. Magtiging vir sluiting van afgeleide transaksies			

Geteken te _____ op _____ 2010

Handtekening/e _____

Bygestaan deur _____

(waar van toepassing)

Lees asseblief die aantekeninge en aanwysings op die keersy hiervan.

AANTEKENINGE

1. 'n Lid wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem het die reg om een of meer gevolmagtigdes te benoem om die algemene jaarvergadering in sy/haar plek by te woon en te praat en te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n lid van die maatskappy te wees nie.
2. Elke lid persoonlik, of by wyse van volmag, teenwoordig en geregtig om te stem by die algemene jaarvergadering van die maatskappy, het slegs een stem by die opsteek van hande, ongeag die aantal aandele gehou deur so 'n lid. Wanneer per stembrief gestem word, is elke lid egter geregtig op sodanige aantal stemme van die totale stemme in die maatskappy as wat die verhouding is waarin die totale bedrag van die nominale waarde van die aandele deur so 'n lid gehou in die maatskappy staan tot die totale bedrag van die nominale waarde van al die uitgereikte aandele van die maatskappy.
3. Eie naam geregistreerde lede is lede wat gekies het om nie aan die Uitreiker-geborgde Genomineerde Program deel te neem nie en vir Computershare Beperk aangestel het as hul Sentralesekuriteitebewaarplek-deelnemer ("CSDP") met die uitdruklike instruksie dat hul ongesertifiseerde aandele **in hulle eie naam** in die elektroniese subregister van lede geregistreer moet word.

AANWYSINGS VIR DIE ONDERTEKENING EN INLEWERING VAN DIE VOLMAGVORM

1. 'n Lid mag die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes invul in die spasie/s voorsien op die keersy met of sonder die deurhaling van "die voorsitter van die algemene jaarvergadering", maar enige sodanige deurhaling moet deur die lid geparafeer word. Indien hierdie spasie/s oopgelaat word, sal die volmag uitgeoefen word deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering. Die naam van die persoon wat eerste op die volmagvorm verskyn en wat aanwesig is by die algemene jaarvergadering is geregtig om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van die persone wie se name daarna volg.
2. 'n Lid moet sy/haar stemopdragte aan die gevolmagtigde aandui deur 'n "X", of die aantal stemme wat die lid wil uitoefen, in die toepaslike spasies op die keersy in te vul. By gebrek hieraan sal dit geag word dat die gevolmagtigde by die algemene jaarvergadering mag stem of buite stemming bly soos hy/sy goeddink ten opsigte van al die stemme waarop die lid geregtig is. 'n Lid of sy/haar gevolmagtigde is nie verplig om al sy/haar stemme te gebruik nie, maar die totaal van stemme wat uitgeoefen word, of dié ten opsigte waarvan daar buite stemming gebly word, mag nie die totale aantal stemme oorskry waarop die lid of sy/haar gevolmagtigde geregtig is nie.
3. 'n Minderjarige moet bygestaan word deur sy/haar ouer of voog tensity dokumente, wat sy/haar regsbevoegdheid staaf, gelewer word of reeds by die oordragsekretaris aangeteken is.
4. Ten einde geldig te wees moet voltooide volmagvorms ingelewer word by die maatskappy se oordragsekretaris, Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001, Suid-Afrika, of kan gepos word aan die oordragsekretaris by Posbus 61051, Marshalltown, 2107, Suid-Afrika, om hulle te bereik nie later as Maandag, 16 Augustus 2010, om 15:30 (Suid-Afrikaanse tyd) nie.
5. Persone wat die volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid onderteken, moet dokumentêre bewys van sodanige magtiging aan die volmagvorm heg, tensity dit reeds by die oordragsekretaris ingelewer en aangeteken is, of die voorsitter van die algemene jaarvergadering daarvan afstand gedoen het.
6. Die voltooiing en inlewering van hierdie volmagvorm sal nie die lid belet om, indien hy/sy so sou verkies, die algemene jaarvergadering by te woon en self daar te praat en te stem in die plek van die gevolmagtigde wat deur hom/haar aangewys is nie.
7. Geen parawe is nodig wanneer lede blanko spasies op hierdie volmagvorm voltooi nie. Enige wysigings of veranderings wat aan hierdie volmagvorm aangebring word, moet deur die ondertekenaar/s geparafeer word.
8. Die voorsitter van die algemene jaarvergadering mag enige volmagvorm wat nie in ooreenstemming met hierdie aantekeninge voltooi is nie, aanvaar indien hy tevrede is dat die lid se wense ten opsigte van die uitoefening van sy stemme nagekom word.

Ontwerp en versorg deur Greymatter & Finch

In Suid-Afrika gedruk deur Trident Press

Hierdie verslag is op Trucard 0 Matt Recycled en Sappi Triple Green Silk gedruk.

Trucard is FSC-gesertifiseerde voorraad wat van 50% suiwer vesel (100% elementêr chloorvry) en 50% herwonne naverbruiksafval gemaak is. Triple Green Silk word in Suid-Afrika vervaardig, en 60% van die pulp wat gebruik word in die vervaardiging van die papier is suikerrietvesel – die oorblywende materiaal nadat rusuiker uit die riet onttrek is. Die bleikproses is elementêr chloorvry. Die oorblywende pulp wat in die vervaardigingsproses gebruik word, bestaan uit houtvesel van volhoubare en internasionaal gesertifiseerde woude.

www.remgro.com
